

983069892



U.O.V.S. - BIBLIOTHEK

198306989201220000019



+108306989201220000019*

DIE LEWENSBEKOULIKE SIENING VAN 'N GROEP
FINALEJAAR-ONDERWYSSTUDENTE TEN OPSIGTE
VAN VOORHUWELIKSE LIEFDESVERHOUDINGE

deur

CAREL FREDERIK HENDRIK FOUCHÉ


Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereistes
vir die graad Magister Artium in die Fakulteit. van
Lettere en Wysbegeerte (Departement Bybelkunde)
aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat;

Bloemfontein, Desember 1982

Studieleier : PROF. DR. J.C. LOMBARD

VERKLARING

"Ek verklaar dat die verhandeling wat hierby vir die graad Magister Artium aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit/fakulteit ingedien is nie."


(C.F.H. FOUCHÉ)

T 261.83570968 FOU

DANKBETUIGINGS

"Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen." (Rom. 11:36)

Ek betuig graag my opregte dank teenoor die volgende persone en instansies sonder wie se hulp ek nie hierdie verhandeling sou kon voltooi nie.

Prof. Dr. J.C. Lombard vir sy vaderlike leiding en uiterste bekwaamheid en opofferende hulp te alle tye;

my vrou Monica vir haar liefde, hulp en daadwerklike bystand;

my kinders Nelia, Herma, Fritsie en Philip vir hulle verdraagsaamheid en opoffering;

my ouers vir hulle volgehoue voorbidding, aanmoediging en belangstelling;

my skoonouers vir hulle praktiese bystand en belangstelling;

Reenie Christodoulou vir haar puik tikwerk en Mike van Eeden vir sy korrekte taalversorging;

die TOD vir studieverlof en die hantering rondom die empiriese ondersoek;

die biblioteekpersoneel van die Du Preez van Wyk-biblioteek,

die TOD-biblioteek, die UNISA-biblioteek en die biblioteek van
die UOVS;

die volgende persone vir die beskikbaarstelling van hulle per=
soonlike boekerye:

Mnr Eddie van Zyl van AMS,

Dr Willie Botha,

Di. Koos Fourie, Charl Oosthuizen en Chris Hattingh.

Desember 1982

C.F.H. FOUCHÉ

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

HOOFSTUK 1	Taak en doelstelling	1
	1. Die doel van die studie	1
	2. Die aktualiteit van die studie	1
	3. Die afbakening van die gebied	2
	4. Probleme in verband met die studie	3
	5. Metode van navorsing	4
HOOFSTUK 2	Prinsipiële beskouings met betrekking tot die liefde, die huwelik en aanverwante sake	6
	1. Inleiding	6
	1.1. Motivering waarom die huwelik as sodanig behandel moet word	6
	2. Die mening van enkele Protestantse wysgere en teoloë in verband met die huwelik	7
	2.1. W. Aalders	7
	2.2. G. Brillenburg-Wurth	8
	2.3. Calvyn	9
	2.4. H. Dooyeweerd	10
	2.5. J.A. Heyns	10
	2.6. J.M. Spier	11
	2.7. E.L.H. Taylor	12
	3. Liefde as leidende struktuurnorm ook volgens die Heilige Skrif	13
	4. Die liefde en die huwelik in God se skeppingsorde	15

4.1.	Medemenslike liefde as geestelike bindingskrag tussen mense, deur God in die skepping gegee	15
4.2.	Agapé	16
4.3.	Eros	18
5.	Die sentrale liefdesgebod	20
5.1.	Deuteronomium 6	20
5.2.	Mattheus 22:36-40	21
6.	Die huwelik as monogame instelling	24
6.1.	Die sondeval	25
6.2.	Die huwelik in die Ou Testament	26
6.2.1.	Die Ou Verbond en die Verbondswette	26
6.2.2.1.	Levitikus 18:1-30	26
6.2.2.2.	Deuteronomium 22:13-29	28
i)	Deut. 22:13-19	28
ii)	Deut. 22:20-21	29
ii)	Deut. 22:22	30
iv)	Deut. 22:23-29	31
6.2.2.3.	Hooglied	33
6.3	Die huwelik as die weerspieëling van die verbond tussen God en mens	38
6.4	Huwelikstrou	39
6.5	Ontug en egbreuk	43
6.5.1	Bybelse voorbeelde van onkuisheid	46
i)	Lot en sy dogters	46

ii)	Dawid en Batseba	47
iii)	Ander dade van onkuisheid	49
6.5.2.	Poligamie	50
6.5.3.	Verbode huwelike	53
i)	Bloedverwantskap	53
ii)	Teennatuurlike geslagsondes	53
6.5.4.	Priesterhuwelike	56
6.5.5.	Die Leviraatshuwelik	58
6.6.	Die huwelik in die Nuwe Testa= ment	59
6.6.1.	Christus se siening met betrek= king tot die huwelik	59
6.6.1.1.	Die vraag oor die skeibrief	63
6.6.2.	Die siening van die apostel Paulus m.b.t. voorhuwelikse sake en die huwelik in 1 Korinthiërs	66
7.	Samevatting	

HOOFSTUK 3	Die hoofmomente van die mens se in= tieme liefdeslewe volgens die Heilige Skrif	75
1.	Gods gebod oor liefdesverhoudinge met besondere verwysing na die sewende gebod	75
1.1.	"Jy mag nie egbreek nie." (Exodus 20:14)	75
1.2	Die doel van die huwelik in die lig van die wet van God	76

- | | | |
|----------|---|----|
| 1.2.1. | Die eer van God moet daardeur bevorder word. | |
| 1.2.2. | Man en vrou moet vir mekaar in die huwelik 'n hulp wees in alle sake van die aardse en ewige lewe (Gen. 2:9) | 77 |
| 1.2.3. | Deur die huwelik moet kinders voortgebring word sodat daardeur die menslike geslag en in besonder die kerk van die Here in stand gehou en uitgebrei mag word. (Gen. 1:28) | 78 |
| 1.2.4. | Die huwelik moet 'n vesting of bolwerk wees teen ontug en hoerery | 80 |
| 1.2.4.1. | Alle onkuisheid is deur God vervloek | 80 |
| | i) Gods oordeel oor onkuisheid | 80 |
| | ii) Die roeping tot kuisheid | 82 |
| | iii) Die vermyding van onkuisheid | 83 |
| 1.3. | Selfbeheersing en kuisheid voor die huwelik | 83 |
| 1.3.1. | Verlowingstydperk | 83 |
| 1.3.2. | Voorhuwelikse vriendskap | 86 |
| 1.3.2.1. | Die sin en doel van die seksuele moet gerig wees en vervul word in die liefdesgemeenskap tussen één man en één vrou, wat deur verskillende fases van ontwikkel= | |

	ling eers binne die huwelik kul= mineer in voltooide geslagsgemeen= skap	88
1.3.2.2.	Voltooide geslagsgemeenskap mag nie voor die huwelik plaasvind nie; al is daar 'n sterk liefdesband teen= woordig	89
1.3.2.3.	A-seksualiteit vóór die huwelik word afgewys	89
2.	Die keuse van die regte huweliks= maat	92
2.1.	Negatiewe motiewe	92
2.1.1.	Die ekonomiese motief	92
2.1.2.	Fisieke motief	
2.1.3.	Trou om getroud te wees	93
2.2.	Positiewe faktore by die keuse van die regte huweliksmaat	94
2.2.1.	Geloofs faktor	95
2.2.2.	Persoonlike liefde as basis van die huwelik	96
2.2.3.	Die psigiese faktor	97
3.	Die verhouding tussen man en vrou in die huwelik	98
3.1.	Geslagtelike verkeer	99
3.2.	Sonde en die huwelik	101
3.2.1.	Egskeiding	102
4.	Belangrike Protestants-Christelike gesigspunte oor die huwelik	103

4.1.	Amptelike standpunt van die drie	
	Afrikaanse Kerke	103
4.1.1.	Die Nederduits-Gereformeerde Kerk	103
4.1.2.	Die Nederduits-Hervormde Kerk	104
4.1.3.	Die Gereformeerde Kerk in Suid-	
	Afrika	105
5.	Samevatting	106

HOOFSUK 4	Moderne afvallige opvattinge oor die	
	huwelik en aanverwante problematiek	109
1.	Vryheidsfilosofie - nuwe moraal	109
1.1.	Hedonisme	111
1.2.	Saamwoon vóór die huwelik - agamie	112
1.3.	Egskeiding	115
1.4.	Die verlowing	116
2.	Faktore wat permissiwiteit of los-	
	bandigheid bevorder	116
2.1.	Die Humanistiese filosofie	116
2.2.	Geen vaste norme uit Gods Woord	117
2.3.	Die situasie-etiek (Irrasionalis-	
	tiese etiek)	118
2.4.	Liefdesbeginsel oorboord	119
3.	Die negatiewe invloed van kom-	
	munikasiemiddele	120
3.1.	Rolprente	120
3.2.	Televisie	123
3.3.	Popmusiek, diskoteke en popfeeste	125
3.3.1.	Die herkoms en ontstaan van die	
	sg. popmusiek	125

	<u>BLADSY</u>
3.3.2. Die kenmerke van popmusiek	127
3.3.3. Popmusiek en seks	128
3.3.4. Die gewildheid van popmusiek	132
3.3.5. Diskoteke	132
3.3.6. Popfeeste	133
3.4. Kleredrag	133
3.5. Alkohol- en dwelmmiddelmisbruik	135
3.6. Onbeheerste vryery voor die hu= welik	137
3.7. Opsit in motors	140
4. Die gevolge van permissiwiteit	141
4.1. Gedwonge huwelike - gedwonge egskeidings	141
4.2. Aborsie	144
4.3. Geslagsiektes	146
5. Samevatting	148
 VRAELYS	 150
 HOOFSTUK 5 Empiriese ondersoek	 160
1. Inleiding	160
2. Probleemstelling	160
3. Waarde van die ondersoek	162
4. Metode van navorsing	162
5. Bevindinge van die empiriese ondersoek	162
6. Samevatting van die empiriese ondersoek	191

1.	Inleiding	191
2.	Kerklike aangeleenthede	192
3.	Gebedslewe	192
4.	Huislike agtergrond en opvoeding	193
5.	Godsdienstige opvoeding	194
6.	Die rol van die onderwyser m.b.t. die voorligting in verband met liefdesverhoudinge	195
7.	Die siening van die studente t.o.v. voorhuwelikse geslagsverkeer en die huwelik	196
	Gevolgtrekking	199
HOOFTUK 6	Samevatting en prinsipiële riglyne	200
1.	Inleiding	200
2.	Die ouers	201
3.	Opvoedkundige inrigtings	203
4.	Die kerk	206
5.	Die Christelike staat	207
6.	Die media	208
7.	Die mediese etiek	209
	Slotopmerkings	210
OPSOMMING		212
BIBLIOGRAFIE		215

HOOFSTUK 1

TAAK EN DOELSTELLING

1. DIE DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van hierdie studie is om die lewensbeskoulike siening van 'n groep finalejaar-onderwysstudente ten opsigte van voorhuwelikse liefdesverhoudinge vas te stel. As aanloop tot die voorhuwelikse liefdesverhoudinge is eers 'n Christelik-prinsipiële siening van die huwelik gegee en is daar ook gewys op die huidige problematiek rondom die huweliksverhouding.

Met die oog op die siening van 'n groep eietydse jongmense is deur middel van 'n empiriese ondersoek, met uitgebreide vraelyste, waarby 466 finalejaar-onderwysstudente betrek is, vasgestel hoedanig hulle lewensbeskoulike ingesteldheid ten opsigte van voorhuwelikse liefdesverhoudinge is. Die klem is gelê op opvoeding tot 'n Christelike siening i.v.m. voorhuwelikse sake, waartoe die resultate van hierdie ondersoek waardevolle gegewens en leidrade bied.

2. DIE AKTUALITEIT VAN DIE STUDIE

Die toename in sedeloosheid en seksuele losbandigheid het ook op die huwelik en die ingesteldheid teenoor geslagtelike sake 'n geweldige invloed. Ook die Christengelowige word met hierdie toenemende sekularisasie gekonfronteer en moet toenemend sy Christelike beginsels bevestig as bolwerk teen die sg. nuwe moraal.

Die humanisme, met al sy vertakkinge, bied die geestelike klimaat en lewensruimte vir die Satan om toenemend 'n aanslag op die Christelike sedes en norme te maak. In die proses is die huwelik as Goddelike instelling verdag gemaak en word die noodsaak daarvan bevraagteken.

Volgens die voorstanders van die sg. "vrye liefde" is dit 'n huwelik as twee jongmense wat mekaar liefhet in die geheim (sonder die medewete van hulle ouers of die maatskappy) trou aan mekaar sweer. Vir diesulkes is geslagsgemeenskap - volgens hierdie dwaling - dus volkome geregverdig.

Hierdie afvallige standpunt wek groot kommer onder andere binne die kringe van die Christelike opvoeders en opvoedkundiges wat geestelike leiding in die gesin, die skool en die kerk moet bied.

3. AFBAKENING VAN DIE GEBIED

Soos reeds vermeld val die klem in hierdie verhandeling op die voorhuwelikse liefdesverhoudinge.

Aangesien die huwelik in die begin deur God as 'n monogame verbintenis ingestel is, is daar ook aandag geskenk aan praktiese rondom die huwelik wat God nie welbehaaglik is nie. Besondere aandag is ook aan die liefde as leidende struktuur-norm volgens die Heilige Skrif geskenk. Voorts is aangetoon dat die huwelik deur God so hoog geag word, dat Hy dit as voorbeeld van Sy verhouding met die mens gebruik.

Die Christelike huwelik, voorhuwelikse verhoudinge en gesin is ook bespreek in kontrasterende verband met die huidige sekulêre siening hiervan.

Die waarde van kuisheid is ook beklemtoon met besondere verwysing na faktore wat vir die kuisheid 'n bedreiging inhou.

Saamwonery voor die huwelik of agamie word ook op grond van Bybelse getuienis verwerp.

Ten slotte is daar gepoog om by wyse van 'n empiriese ondersoek by 'n groep studente uitsluitend te gee oor hulle siening van voorhuwelikse liefdesverhoudinge.

4. PROBLEME IN VERBAND MET DIE STUDIE

Aangesien die verhouding tussen die twee geslagte 'n bepalende faktor is vir die sukses van 'n latere huwelik is dit jammer dat Protestantse teoloë en sosioloë eers betreklik onlangs begin het om 'n dieptestudie van voorhuwelikse liefdesverhoudinge te maak.

Ten spyte van die feit dat daar tans 'n klompie populêre werke oor hierdie onderwerp bestaan, word nog te min jongmense bereik.

'n Verdere probleem wat bestaan, is dat die bewering nie gemaak kan word dat alle respondente absoluut eerlik op alle vrae geantwoord het nie, daar dit so 'n sensitiewe onderwerp

is. Omrede daar egter 'n besliste korrelasie tussen die antwoorde op sommige vrae bestaan, kan aangeneem word dat die statistiek redelik betroubaar is en die empiriese ondersoek dus in sy hoofdoel geslaag het.

5. METODE VAN NAVORSING

Samevattend stel skrywer hiervan derhalwe in die vooruitsig om die studie in te deel in die volgende hoofstukke met die nodige onderafdelings:

Hoofstuk een gee 'n baie beknopte oorsig oor die taak en doelstellings van die studie.

In hoofstuk twee word die huwelik in die Ou en Nuwe Testament bespreek met besondere verwysing na die volgende: menings van Protestantse teoloë m.b.t. die huwelik; die liefdesbeginsel as "Leitmotiv;" onkuisheid en sonde voor en binne die huwelik; Paulus en Christus se siening i.v.m. voorhuwelikse sake en die huwelik.

Hoofstuk drie handel oor sake rakende die sewende gebod; die verlowing en die beginsels waarop voorhuwelikse liefdesverhoudinge moet berus, word ook bespreek, asmede die amptelike standpunt van die drie Afrikaanse kerke m.b.t. die huwelik.

Moderne afvallige opvattinge oor die huwelik en aanverwante problematiek word in hoofstuk vier bespreek, asook die faktore wat permissiwiteit of losbandigheid bevorder.

Hoofstuk vyf word voorafgegaan deur 'n vraelys waarin d.m.v. 'n empiriese ondersoek gepoog word om vas te stel wat die mening van 'n groep finalejaar-onderwysstudente t.o.v. voorhuwelikse liefdesverhoudinge is. Vervolgens word die empiriese ondersoek bespreek en die bevindinge statisties weergegee.

In die slothoofstuk word 'n evaluerende terugblik met positiewe opvoedkundige aanbevelings aangebied.

Die verhandeling val dus in twee hoofde uiteen, nl. 'n prinsipiële studie en die empiriese ondersoek met bevindings.

---o0o---

HOOFSTUK 2

PRINSIPIËLE BESKOUINGS MET BETREKKING TOT DIE LIEFDE, DIE HUWELIK EN AANVERWANTE SAKE

1. INLEIDING

1.1 MOTIVERING WAAROM DIE HUWELIK BEHANDEL MOET WORD

Die probleem van voorhuwelikse kuisheid al dan nie, hou uiteraard direk verband met die huwelik wat volgens Gods gebod kuis en monogaam moet wees.

Die hele sin en betekenis van die Christelike verset teen verval en onkuisheid ten opsigte van voorhuwelikse verhoudinge tussen jongmense vind juis sy motivering daarin dat hierdie liefdesverhoudinge sodanig moet wees dat 'n Christelik-sinvolle en eerbare huwelik gesluit moet word wat dan ook volgens die Christelike lewensstyl lewenslank sal kontinueer.

Die Christelike huwelik val nie uit die lug nie, en die vriendskaps- en verlowingsfase is in 'n bepaalde sin die fundamente wat voor die tyd gelê word.

Dit is inderdaad so dat die Bybel weinig sê oor die voorhuwelikse verhoudinge, maar in soverre dit wel geskied, word daaraan die regmatige aandag geskenk.

Ten opsigte van die Ou-Testamentiese getuienis hieroor, veral dit wat voorkom in Deuteronomium en Levitikus, moet verwys word na die bedoeling wat God met daardie verbondsvoorskrifte gehad het, al is die vorme waarin onkuisheid toe gestraf is nie meer vandag geldig nie, soos in die geval van baie van die Ou-Testamentiese wette en voorskrifte.

Om hierdie rede word eerstens aandag gegee aan die direkte Bybelse getuienis oor liefdesverhoudinge en die huwelik. As dan vasgestel is wat God met 'n gehoorsame, monogame huweliksluiting bedoel, is daarmee ook al eksplisiet en implisiet uitgestippel hoe jongmense voor die huwelik hulle liefde teenoor mekaar moet beoefen om 'n huwelik na Gods wil daarop na te hou.

2. DIE MENING VAN ENKELE PROTESTANTSE WYSGERE EN TEOLOOE IN VERBAND MET DIE HUWELIK

2.1 W. AALDERS

Aalders (1974, p. 35 vv.) se beskouing insake die huwelik is as volg: "Het huwelik is een gemeenschap zó hecht, zó volstrekt, zó volledig, zó intiem, dat zij met niets anders op aarde te vergelijken is Het huwelik is een absolute saak; en is het dat niet, dan verdient het de naam van huwelik niet meer Men kan zich de volstrektheid van de gemeenschap die het huwelik is, niet diep en omvattend, niet reëel en concreet genoeg voorstellen. Het is een vervlechting

van het ganse bestaan van man en vrouw alleen als vrucht, die groeit uit de wortel der liefde, kan het huwelijk bestaan." Verder verklaar hy ook dat die ware liefde waarop die huwelik gebou is, slegs van God afkomstig is en dat die huwelik slegs volkome kan wees as dit in die lig van God se gebod staan - as 'n skeppingsordinansie.

2.2 G. BRILLENBURG-WURTH

Aansluitend by die voorafgaande stelling van W. Aalders, sien Brillenbrug-Wurth (1960, p. 59) ook die huwelik as 'n skeppingsordinansie, waarvan die wese onaantasbaar bly voortbestaan. Hy stel dit soos volg:

"Allereerst is het al wel van groot belang, dat wij daar zeer duidelijk as een ordinantie Gods beschreven vinden, gelijk Christus daar in Mattheüs 19 met zoveel woorden naar terug wijst. Van allerlei andere instellingen in onze menselijke sameleving geldt dat niet dat ze daar in het begin van Genesis zo nadrukkelijk als door God ons gegeven getekend worden. Ten aanzien van het huwelijk is dat echter boven alle twijfel verheven Het huwelijk als zodanig vormt een integrerend bestanddeel van het menselijk samenleven, gelijk dat door God in zijn schepping is gewild en verordend. Maar daarom is er ook geen sprake van, dat ooit het huwelijk zijn tijd sal hebben gehad. De vorm, waarin het huwelijk zich open=

baart, mag tot op zekere hoogte met de tijden wisselen, het wezen van het huwelijk blijft daarbij door alle tijden heen, van het begin der wereld tot aan het einde on= aantastbaar. Zolang de menselijke geschiedenis voort= gaat, blijft het huwelijk als ordinantie Gods voor het mensenleven permanent van kracht".

2.3 CALVYN

In sy bespreking van die sewende gebod maak Calvyn (1949, pp. 429 - 430) die volgende opmerkings oor die huwelik: "..... Hij het huwelijk ingesteld heeft, waarvan hij de gemeenschap, die door zijn gezag aangegaan, ook door zijn zegen geheiligd heeft. En daaruit bekijkt, dat elke ander gemeenschap buiten het huwelijk voor Hem vervloekt is, en dat de huwelijksgemeenschap zelf tot een geneesmiddel tegen de noodzakelijkheid is ge= ordineerd, opdat wij ons niet in ongebreidelde wellust zouden storten. Laat ons dus onszelf niet misleiden, dewijl we horen dat de man zich buiten het huwelijk niet met de vrouw kan verenigen zonder zich Gods vloek op de hals te halen. De maagdelijke kuisheid is, ik er= ken het, een niet te minachten deugd; maar aangezien zij sommigen ontzecht is en anderen slechts voor een tijd toegestaan, moeten zij, die door gebrek aan zelf= beheersing gekweld worden en in de strijd niet de over= hand behouden, zich begeven tot de steun, die het huwelijk biedt, om zo naar de grond hunner roeping de kuisheid te dienen".

2.4 H. DOOYEWEERD

In sy wysgerige besinning oor die huwelik stel Dooyeweerd (1957, p. 307 vv.) die volgende gesigspunte:

"..... the tenderest and most intense temporal bond that God in His order of creation has given man as a task It is, just as the family, a pillar of human society. According to the divine order of creation, it is a union for life The marriage bond, as such, is typically founded in the institutional (and not in an incidental) sexual union of husband and wife, which is undoubtedly made serviceable for the propagation of the human race Marriage may be called the "germ-cell" of the family relationship

In our view marriage is qualified as the permanent typical bond of love between husband and wife. For these reasons the formal dissolution of the marriage bond may not be left to the sinful arbitrariness of the marriage-partners, especially not in times when the public opinion no longer respects the institutional character of this bi-unitary community".

2.5 J.A. HEYNS

Volgens Heyns (1982, p. 225) is die: "liefde 'n onlosmaaklike bestanddeel van die mens wat na Gods beeld geskape is. Die mens is méér as net 'n liefde-gewende en 'n liefde-ontvangende wese, maar dát hy 'n sodanige wese is, is hy kragtens sy kreatuurlikheid. Die liefde

kan van sy wese as mens dus nie losgemaak word nie, en omgekeerd : alleen in die liefde, is die wese van die mens wat hy behoort te wees ".

Aansluitend hierby stel Heyns (s.j. p. 19) dit dat die huwelik 'n onverbreekbare verbond is waarin die liefdes= norm die leidende bestemmingsfunksie vervul: "Liefde is 'n suurstoftent wat ons oor mekaar trek sodat die ander kan lewe." Hy wys ook daarop dat die liefde nie net met die gevoel te doen het nie, maar ook met die woord en die eer van die mens. Die een gee aan die ander sy woord en hou daardie woord.

Voorts toon hy aan dat die seksuele 'n integrerende deel van die huwelik is, maar hy waarsku terselfdertyd ook teen die vergoddeliking van die seksuele. Die seksuele is God se werk en nie net die werking van kliere en hormone nie. Die seksuele moet ook gesien word as die totale spel van die liefde tussen twee mense van verskillende sekse, en nie net die daad van fisieke gemeenskap nie.

2.6 J.M. SPIER

Die huwelik is volgens hom nie 'n samelewingsverband nie, maar wel 'n gemeenskap. Die bestemming van die huwelik is geleë in die etiese, terwyl die fundering bioties is. Die huwelik word gekenmerk deur die band van wederkerige liefde tussen man en vrou. Die liefde is nie 'n

natuurverskynsel nie. Dit is egter 'n roeping aan die mens om die liefde in stand te hou, om dit te beoefen en te verwerklik teenoor alles wat dit mag bedreig of daaraan afbreuk mag doen. Na die biotiese funksie is die huwelik gebaseer op geslagsgemeenskap. Verder toon Spier aan dat die seksuele lewe nie minderwaardig is nie, omdat dit ook deur God daargestel is en "goed was." Die huwelik word verder ook beheers deur verskillende elemente, bv. juridies, esteties, sosiaal. Die huwelik is in sy diepste wese 'n twee-eenheid van 'n man en 'n vrou wat op 'n bepaalde plek saamleef, en wel in 'n beweeglike gemeenskap wat deur stuwende kragte gedra word. (1972, p. 87, vv.)

2.7 E.L.H. TAYLOR

Taylor (1970, p. 24 vv.) wys daarop dat die huwelik gebaseer is op eerlikheid en getrouheid. Uit hierdie getrouheid spruit die ware morele liefde. Liefde beteken volgens hom dat 'n mens die ander persoon sal liefhê soos jouself. Selfsug mag nie in hierdie liefdesverhouding 'n plek hê nie. By wyse van opsomming toon hy aan: "In short, real marriage is not a traffic in selfishness but a giving of one's self to the other totally and completely. You give yourself to your wife and she gives herself to you. Such a giving of one's self is possible only by God's grace. Only by receiving such a gift from God's Holy Spirit can we hope to love in this deep sense of the word marriage

is the method which God has chosen to teach us to live for others and because it is the most important school in life, it has its own disciplines. Like all good disciplines, it is designed to help us to mature. We mature only through solving difficulties, not by running away from them".

3. LIEFDE AS LEIDENDE STRUKTUURNORM OOK VOLGENS DIE HEILIGE SKRIF

Mattheus 22:37-38 verklaar: dat ons God moet liefhê in ons menslike totaliteit en die naaste soos onself.

Hiervan sê Heyns (1972, p. 114): "Naasteliefde wat uit gehoorsaamheid voortvloei, is uiteraard gestempel deur die gerigtheid op God, d.w.s. die naasteliefde vind sy eerste en diepste bron in God se liefde vir die mens. Wie hieraan deel het, word na die naaste uitgedrywe (1 Joh. 4:20), sonder dat daarmee beweer word dat naasteliefde as sodanig liefde vir God is. My naaste is immers nie God nie! Die feit van die naasteliefde vloei voort uit my liefde vir God op grond van Sy liefde vir my. Maar die aard of gestalte van my naasteliefde word bepaal deur die besondere verhouding waarin ek tot my naaste en hy tot my staan - en ook dan sal dit van situasie tot situasie verskil As ek my naaste liefhet en my naaste is my vrou, sal ek haar liefhê volgens die liefde wat eie is aan en voorgeskrewe word deur die huwelik".

Aalders (1974, p. 39) praat van die "mysterie der liefde" volgens Ef. 5:32. Hy tipeer die liefde, as "liefde in evangeliese zin" en toon aan dat die apostel Johannes veral twee beelde gebruik wanneer hy oor die liefde skryf, nl. die beeld van die lig en dié van die ruimte.

Die beeld van die lig, in teenstelling met die duisternis, word in 1 Joh. 1:5-7 gebruik. Hiervolgens hang die liefde ten nouste saam met sien, ken en waarheid. 'n Mens kan slegs iets sien of onderskei as daar lig teenwoordig is. Liefde is die waarheid wat deur die Heilige Gees geopenbaar word. Die bedoeling is dus, volgens Aalders, dat die gees van hom wat liefhet deur die Heilige Gees verlig word: Hy tree in die lig en kan die werklikheid helder en sigbaar in die regte lig, in die waarheid, aanskou. Liefde is dus soos die son; 'n mens kan nie daarin kyk nie, maar in sy lig kan ons mense en dinge onderskei.

Deur die beeld van die ruimte te gebruik, toon Johannes dat die lig van die liefde die mens die regte perspektief op sy omgewing laat verkry. Die mens tas nie soos 'n blinde in 'n duister ruimte rond nie, maar die liefde maak die werklikheid voor ons oop.

Die ruimte is innerlik en geestelik, wat nie met die natuurlike oog en verstand waarneembaar is nie. Die ruimte wat deur die liefde ontsluit is, het sy oorsprong in die soewereiniteit van God en word geopenbaar deur die genade van God in Jesus Christus.

Joh. 3:20: "Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie".

Wurth (1953, p. 158) stel die sentrale en seënryke betekenis van die liefde as band tussen mense veelseggend soos volg: "En zo zullen als gemeente van Christus zorgvuldig het haard= vuur der liefde brandende houden, zelf ons daaraan steeds weer kunnen warmen en ertoe kunnen meehelpen, dat ook in onze liefdeloze wereld weer iets zich gaat openbaren van de kracht van die liefde, die alles gelooft en alles hoopt en alles ver= draagt en die wat ook in deze wereld ondergaan, mag nimmer vergaat (1 Kor. 13:8). Daarin gaat het om een Christelijke roeping van de eerste orde. Want mogen al 'geloof, hoop en liefde' alle drie 'blijven de meeste van deze' drie is en blijft toch steeds 'de liefde' (1 Cor. 13:13)".

4. DIE LIEFDE EN DIE HUWELIK IN GOD SE SKEPPINGSORDE

4.1 MEDEMENSLIKE LIEFDE AS GEESTELIKE BINDINGSKRAG TUSSEN MENSE, DEUR GOD IN DIE SKEPPING GEGEE

Volgens Brillenburg-Wurth, (1953, p. 27) is die begrip "liefde" moeilik definieerbaar: "Een eenvoudige agape is dat niet. 'Liefde' behoort nu eenmaal tot die fundamentele werkelijkheden van het leven, die zich bijna niet laten definiëren. Maar daar komt nog bij, dat de term 'liefde' dienen moet om er de meest uiteenlopende grootheden mee aan te duiden, van zuiver zinnelijke, driftmatige instellingen af tot diep mistieke, zelfs re=

ligieuze verhoudings toe. Dat moet als vanzelfde ver-
warring in de hand werken en een klaar inzicht in wat
nu het eigenlijke, wezenlijke van de liefde is niet
weinig bemoeilijken".

Sigmund Freud het gepoog om die begrip "liefde" te her-
lei tot 'n drif of drang wat suiwer biologies van aard is
en in die seksuele gegrond is. Barnard (1964, p. 278)
toon egter aan dat die liefde 'n "innerlike verbondenheid
en wye deelname aan die lewe van 'n ander (is), terwyl
hierdie ander persoon weer tot die eie lewe toegelaat
word. By (hierdie) liefde word die self sonder enige
terughouding gegee en die ander sonder enige voorbe-
houd aanvaar Die ander word nie oorweldig
nie, maar intendeel tot die self gevoer".

Die begrip "liefde" kan voorts in twee aspekte verdeel
word, nl. die "Agapé" en die "Eros".

4.2 AGAPÉ

Volgens Pop (1972, p. 387) kan die woord Agapé ver-
taal word met "simpatie vir iemand te hê; iemand meer
lief te hê as 'n ander persoon". Dit blyk dus dat die
begrip Agapé 'n bepaalde element van selfverloënde
liefde bevat.

Hierdie Agapé word "in ons harte uitgestort
deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is". (Rom. 5:5b)

Thielicke (1978, p. 33) lig die saak verder toe: "This agapé is not at man's disposal; nor is it like eros, inherent in his nature. It can be bestowed upon him only by God. Man can be empowered to possess agapé only by allowing himself to receive it from God and so pass it on to his neighbour. He who does not receive it cannot pass it on, and he who does not pass it on loses what he has received".

Jesus beveel dan ook dat ons mekaar moet liefhê: "Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê." (Joh. 13:34)

Die "nuwe" gebod staan nie in teëstelling met die Ou-Testamentiese gebod tot naasteliefde (Lev. 19:18) nie, maar die klem val net sterker op die onderlinge of broederliefde. Broederliefde is dan die antwoord van die gelowige as vrug van God se liefdeswerk in die mens deur die sterwe van Jesus Christus. (Du Rand, 1979, p. 65)

Tasker, (1974, p. 161) stel dit sterker: "Whereas the Old Testament demanded that men should love their neighbours as themselves, the New Law is that they should love the bretheren better than themselves, and die for their friends".

Die agapé - liefde is dus nie egoïsties gerig nie, maar altruïsties. Dit is dus op die ander gerig, nie om hom vir eie gewin te misbruik nie, maar om die ander nog vollediger mens te maak. (Heyns, 1981, p. 14)

In aansluiting hierby, en met die oog op die liefde tussen man en vrou, sê Foulkes (1978, p. 160): "The husband is to love his wife, not just because of the beauty he finds in her, but to make her more beautiful".

4.3 EROS

Dit is moontlik om 'n onderskeid te tref tussen sg. negatiewe en positiewe erotiek.

Negatiewe erotiek kan kortliks soos volg getipeer word: "It is never pure surrender in the sense of giving oneself away, but it always has in it the element of monopolizing, of fulfilling oneself, and appropriating". (Thielicke, 1978, p. 30)

Die woord eros kom slegs twee maal in die Septuaginta voor en glad nie in die Nuwe Testament nie. Pop (1972, p. 386) toon aan dat die Septuaginta die woord eros opvallend genoeg uitsluitlik gebruik om die ontugtige liefde van die afgodedienaars te tipeer. Dit is ook opvallend dat die Ou Testament, buiten die Hooglied, maar skaars is aan erotiese beskrywings, veral in gevalle van geoorloofde verhoudings. Erotiek word meestal gekoppel aan sondige verhoudings. In die Nuwe Testa=

ment is die verwysing na die erotiek slegs in ongunstige sin. (Kroeze, 1979, p. 112)

Die sogenaamde positiewe erotiek vorm 'n essensiële deel van die huwelik. Grobler (1982, p. 114), sê in dié verband: "Nêrens kom die mooie en die skone van die mens so eg en onbevange na vore in die absolute oorgawe van twee mense aan mekaar in die huweliksdaad nie hierdie goue boord van die teerste en diepste van menswees, vir mekaar, met mekaar en in mekaar, pols lewend voort as een van die wonderlikste kragte en magte deur God aan die egpaar gegee tot uiting van die hoogste geluk in die huwelik".

Kroeze (1979, p. 131) bring bg. standpunt só na vore: "Die Hooglied bewys dat daar ook waarlik skone en suiwere erotiek is".

Wanneer hierdie erotiek nie as skeefgetrekte sensualiteit buite die huweliksverhouding geniet word nie, is dit in ooreenstemming met God se wil, soos Smedes (1979, p. 38) dit tereg stel: "Our sexuality makes us excitingly sensitive to physical delights in the intimate touching of another person's body. God has made us body-persons finely tuned to pleasure".

In die Nuwe Testament word dieselfde beskouing aange-tref. Volgens Paulus is die erotiese liefde, die uitlewing van die seksuele drang, 'n moet, 'n verskuldigde plig in

die huwelik. Man en vrou "moet" in hierdie verband die "verskuldige welwillendheid" teenoor mekaar bewys. So word trouens voorkom dat hulle deur Satan in ver=soeking gebring word. (1 Kor. 7:2-5)

5. DIE SENTRALE LIEFDESGEBOD

5.1 DEUTERONOMIUM 6

Die liefdesgebod wat in Deut. 6 voorkom, is nie 'n ver=soek nie, maar 'n opdrag: "Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag". (Deut. 6:5)

In bg. vers word die vertikale liefdesgebod beklemtoon - die liefde wat die skepsel teenoor sy Skepper moet hê. In die woorde van Pop (1972, p. 385): "Hem geheel toegedaan zijn met de ganse existensie".

Thompson (1974, p. 122) verklaar die teks met die volgende toeligting: "The heart was regarded as the seat of the mind and will as well as of a wide range of emotions. The term soul is difficult to define, but it seems to refer to the source of life and vitality, or even of one's being The two terms heart and soul between them indicate that a man is to love God with unre=reserved devotion. To give more weight to the demand a third expression is added, with all your might, i.e. 'with all your strength.'" Voorts word dit ook duidelik

gestel dat die liefde tot God gepaard moet gaan met die onderhouding van Sy gebooie. Die liefde tot God is dan ook 'n uiting van lojaliteit en toewyding.

Phillips (1973, p. 55) toon aan dat die enigste aanvaarbare verhouding met God in liefde gegrondves is. Die ware kwaliteit van die verhouding tussen God en mens is geleë in wederkerige liefde.

Aangesien God liefde is, (1 Joh. 4:8), verwag Hy - nee, eis Hy dat die mens Hom ook moet liefhê: "En ook dat alles is maar niet alleen Gods vrÿe daad - al is het dat zeker ook! - maar het is Gods wezen. Gods Zijn is liefhebbend. Gods Zijn is Zich geven. Gods Zijn is gemeenschap stichten. Hij is daarin God, dat Hij liefheeft. Vandaar dat Gods liefde ook nooit van onze wederliefde afhankelijk is. Hij vraagt die wederliefde van ons wel.

Zijn liefde is grondeloze liefde, liefde waarvoor Hij Zijn redenen alleen aan Zichtzelf ontleent. Ze draagt het karakter van vrijmachtig souverain welbehagen". (Brillenburgh-Wurth, 1953, p. 55)

5.2 MATTEUS 22:36-40

In hierdie gedeelte word die liefdesgebod verder uitgebrei. Een van die Fariseërs, 'n wetgeleerde, het 'n vraag gestel om Jesus te versoek.

Dié wetgeleerde was 'n deskundige op die gebied van die Joodse wet en dié vraag wat hy stel: "Meester, wat is die groot gebod in die wet?" het gegeld as 'n heftig omstrede vraag. Aangesien die Joodse rabbyne 'n kwantitatiewe wetsbeskouing gehad het en uit die wet 613 afsonderlike gebooe geabstraheer het, het daar 'n verdeling van "ligte" en "swaar" gebooe ontstaan. Sommige gebooe sou dan hiervolgens meer of minder gewigtig wees. (Ridderbos, 1970, p. 121)

Wanneer die wetgeleerde dan die vraag aan Jesus stel (Matt. 22:36), vra hy na die waarderingsmaatstaf van Jesus, en daarin lê 'n toetsende en keurende element, nl. die moontlikheid om Hom iets onortodoks te hoor antwoord wat Hom sou blootstel aan 'n aanklag van Godslastering. (Nielsen, 1975, p. 225)

Die antwoord wat Jesus gee (Matt. 22:37 vv.), is vir geen dubbele uitleg vatbaar nie. Ondubbelsinnig haal hy Deut. 6:5 aan: " Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand".

Bogenoemde teks is 'n aanhaling uit die Hebreeuse Sjema, die basiese en essensiële belydenis van die Judaïsme. Elke Joodse godsdiensoefening word daarmee geopen en dit is die eerste teks wat elke Joodse kind van buite leer. Die teks beteken dat ons 'n totale liefde tot God moet hê, 'n liefde wat ons denke moet rig, en 'n liefde

wat die dryfveer van ons handelingte moet wees. Alle godsdiens begin met die liefde wat 'n totale lewensoor=gawe inhou. (Barclay, 1975, p. 278)

Die liefde tot God is dus die wortelgebod, dié gebod wat al die ander gebooe rig en beheers. (Ridderbos, 1970, p. 122)

In Matt. 22:38 sê Jesus dat die liefde tot die naaste aan die eerste gebod, nl. liefde tot God, gelykstaan. Volgens Tasker (1971, p. 215) is dit moontlik, hoewel nie seker nie, dat Jesus die eerste was om Deut. 6:5 en Lev. 19:18 (" jy moet jou naaste liefhê soos jouself") op hierdie wyse aan te haal.

Hill (1972, p. 306) verklaar dié gebod met die volgende woorde: "It is the supremacy given to the twin ideas of love to God and for one's neighbour, and not the ideas themselves, which constitutes the originality of this piece of teaching."

Jesus sluit die gesprek oor die groot gebod af met dié woorde: "Aan hierdie twee gebooe hang die hele wet en die profete." (Matt. 22:40)

Die bedoeling is nie dat dié twee gebooe die grootste gewigswaarde het en daarom meer nougeset nagekom moet word nie, maar in die woorde van Kingsbury (1977, p. 86): " they reveal the ground, or the intention, of all the precepts of the law, or indeed,

of the entire will of God as set forth in the whole of the O.T."

As Christus ons dus beveel om ons naaste lief te hê, kom dit volgens Nielsen (1975, p. 226) hierop neer: "... begin met hem lief te hebben, die het dichtst naast u staat".

Aangesien die persoon wat in 'n huweliksverhouding die naaste aan 'n mens staan, die eggenoot of eggenote is, is dit dus so dat die naasteliefde ook in die huweliksverhouding tot sy reg moet kom en dat dit tesame met die fisieke of erotiese liefde die vernaamste binding van die huweliksverhouding moet wees.

Hierdie liefde moet ook onselfsugtig en selfopofferend wees soos Paulus dit in Ef. 5:28 vv stel: "So behoort die manne hulle eie vroue lief te hê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief; want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente".

6. DIE HUWELIK AS MONOGAME INSTELLING

Die huwelik is deur God ingestel toe Hy "n hulp" vir "die mens" gemaak het "wat by hom pas." Die gegewens in Gen. 2:18 is betekenisvol in die sin dat daar van "die mens" sprake is; dus één man en één vrou. Ook in Gen. 2:22-25 word na die man en die vrou in die enkelvoud verwys.

Die sinsnede "een vlees" wat in Gen. 2:24 voorkom, toon aan dat die man en vrou 'n organiese lewenseenheid vorm. "So word Eva die hulp wat by Adam pas en aansluit en sy een=samenheid ophef. Sy vul hom aan en laat hom beter aan sy doel beantwoord. Dit mens is op gemeenskap aangelê: die manlike en vroulike mens hoort bymekaar." (Van der Merwe, 1967, p. 22)

Wielenga (1936, p. 63) toon duidelik aan dat die huwelik nie uitgaan van die ewolusiebegrip waarin man en vrou soos die=re gepaar het nie, maar dat dit 'n instelling van God is wat Hom behaag, soos dit ook in die huweliksformulier gestel word.

Alle getuienis dui dus daarop dat die huwelik as 'n monogame instelling deur God tot stand gebring is.

6.1 DIE SONDEVAL

Die hele mens het in sonde verval en daarom is alles wat met die mens - ook sy verhouding teenoor sy huweliksmaat - in relasie staan deur die sonde bevlek. Die sondeval kan dus gesien word as die oorsaak van alle seksuele anti-normatiewiteit.

Koopmans (s.j., p. 51) stel dit so: "De Schrift ver=haalt ons in Genesis 3:7 dat die eerste menschen onmiddellijk na die eerste zonde de onbevangeheid reeds kwijt waren. Ineens stonden zij tegenover elkaar als

nooit tevoren; het beklemmende vraagstuk der geslachte=lijkheid was gerezen. En daarmee was den duivel een wel zéér gemakkelijke toegang blijvend verschaft".

Drogendijk (1949, p. 242) toon insgelyks aan dat die huwelik ook deur die sondeval geskend is as hy sê:
"Maar sinds de zonde in de wereld kwam en alle instel=lingen onder de menschen bedierf en alle verhoudingen scheef trak, is ook het huwelik ontwricht en ontaard. Bigamie, polygamie, leven in concubinaat, echtscheiding, prostitutie, homosexualiteit, enz zijn van dese ontaarding de meer dan droeve bewijzen. Corruptio optima pessima - het edelste wordt door het bederf het slechtste".

6.2 DIE HUWELIK IN DIE OU TESTAMENT

6.2.1 Die ou Verbond en die Verbondswette

6.2.2.1 Lev. 18:1-30

In Lev. 18 word 'n hele reeks persone ge=noem wie se skaamte nie ontbloot mag word nie. Die term: "die skaamte ontbloot," moet hier gesien word as 'n sinoniem vir ge=slagsgemeenskap. (Harrison, 1980, p. 186; Noth, 1977, p. 135; Porter, 1976, p. 145; Noordzij, 1955, p. 182)

Volgens De Bruyn (1982, p. 257) word daar in verse 7, 8, 15, 16 en 20:11 só 'n noue

verband tussen die vrou en haar man gelê dat "haar skaamte" "sy skaamte" genoem moet word. Die positiewe betekenis hiervan is dus dat hierdie ontbloting van die skaamte en derhalwe geslagsgemeenskap slegs binne die huwelik mag plaasvind.

Porter (1976, p. 145) is dieselfde mening toegegaan as hy sê: "The rules aim to regulate sexual relationships and to forbid all promiscuity within the group"

Ten spyte van die feit dat Noth (1977, p. 134) meen dat die huwelik nie hier ter sprake is nie: "It forbids sexual relations within certain degrees of 'relationship' (there is no reference in the basic form to marriage)," moet ons saamstem met die siening van Noordtzij (1955, p. 183): "In de tweede plaats treft hier de uit de formulering der verboden sprekende hoogschatting van de band, die door het huwelijksleven tussen man en vrouw gelegd wordt. Daarvan spreekt reeds dadelijk vs 7v, waar met het één-vlees-zijn der echtgenoten, (Gen. 2:24) zo zeer ernst wordt gemaakt, dat de ontering der moeder en der nevenvrouw tevens gezien wordt als ontering van de vader".

Ten spyte van die feit dat geslagsgemeenskap nie eksplisiet in Lev. 18 verbied word nie, is die implikasie van die hele hoofstuk tog duidelik: geslagsgemeenskap word gereserveer vir die huwelik.

6.2.2.2 Deuteronomium 22:13-29

In hierdie Skrifgedeelte word daar gehandel oor voorskrifte rakende kuisheid en reinheid voor en tydens die huwelik.

i) Deuteronomium 22:13-19

Hier word gehandel met die valse beskuldiging dat die bruid nie 'n maagd is nie.

Manley (1975, p. 223) wys daarop dat vers 13 aantoon: "The mere satisfaction of physical passion is a totally inadequate basis for marriage."

In die geval van 'n valse beskuldiging het die onus op die ouers berus om bewys van die dogter se maagdskap te lewer. By oud-Israel het die ouers van die dogter die bewys van haar maagdskap nougeset bewaar, omdat ook hulle eer daarmee gemeid was. As die dogter nie 'n maagd was met haar huwelik nie, was dit ook 'n aanklag teen haar vader, wat nie sy eendom opgepas het nie. (Phillips, 1973, p.149)

Die bewys van maagdskap was gewoonlik 'n bloedbevlekte kledingstuk of die met bloedbevlekte laken waarop die bruid tydens haar eerste geslagsgemeenskap ge lê het. (Fensham, 1976, p. 194)

By die vrou se eerste geslagsgemeenskap word die himen (maagdevlies) gewoonlik geskeur en die bloed wat dan so vrygestel word bevlek haar klere of die laken. Dié bewys word dan goed bewaar deur die ouers om latere valse beskuldigings te weerlê. (Kroeze, 1979, p. 82)

As die oudstes beslis het dat die man sy bruid vals beskuldig het, moes hy gestraf word: Hy ontvang lyfstraf; hy moet aan die vader honderd sikkels silwer betaal en hy mag nooit van sy vrou skei nie.

As rede vir sy straf word aangegee: "... omdat hy 'n slegte gerug oor 'n jongmeisie van Israel versprei het." (vs 19)

ii) Deuteronomium 22:20-21

Die gegronde beskuldiging dat die bruid nie 'n maagd is nie, word as 'n oortreding beskou wat met die dood strafbaar is. In só 'n geval word die jongmeisie voor haar

vader se huis gestenig. Aangesien die vader verantwoordelik is vir die heil en welvaart van sy gesin, is dit ook vir hom 'n indirekte straf, ook vir die stad en vir die hele volk Israel. Dit spruit uit die kollektiewe skuldbegrip wat in die Israeltiese gewoontereg opgeneem is. (De Bruyn, 1982, p. 248)

Voorhuwelikse geslagsgemeenskap word in vers 21 pertinent as hoerery bestempel.

iii) Deuteronomium 22:22

Hierdie vers handel oor buitehuwelikse geslagsgemeenskap met 'n getroude vrou.

"As 'n man betrap word terwyl hy met 'n getroude vrou gemeenskap het, moet hulle altwee sterwe: die man wat met die vrou gemeenskap gehad het en die vrou. So moet jy dan die kwaad uit Israel uitroei."

By oud-Israel is aanvanklik slegs die man vir die bg. ontugtige daad gestraf, terwyl die ontugtige vrou se man van haar geskei is (vgl. Hos. 2:1 en Jer. 3:8). Mettertyd het die algemene deuteronomiese praktyk egter die vrou as medeplig-

tige aangewys en is sy ook met die dood gestraf. (Phillips, 1973, p. 150)

Volgens De Bruyn (1982, p. 249) kon die man van wie hier sprake is, getroud of ongetroud wees, terwyl dit uitdruklik van die vrou vermeld word dat sy getroud is. Daarom is dit vir haar absoluut verbode om geslagsgemeenskap met enige man, behalwe haar eie, te hê.

Uit die woorde "So moet jy dan die kwaad uit Israel uitroei," kan ons aflei dat geslagsgemeenskap buite die huwelik sonde is in die oë van God en daarom onder geen omstandighede mag plaasvind nie.

iv) Deuteronomium 22:23-29

Hier word gehandel oor geslagsgemeenskap met verloofde en onverloofde meisies. Dit blyk duidelik dat geslagsgemeenskap ook nie tydens die verlowingstydperk mag plaasgevind het nie. Die verlowing as sodanig is in die Ou-Testamentiese tyd beskou as die aanvang van die huwelik. Die man kan in sekere opsigte alreeds bepaalde huweliksregte van sy bruid opeis, behalwe geslagsgemeenskap - dit kan hy eers op-

eis na die huwelik gekonsumeer is.

(Fensham, 1976, p. 193)

Gedurende die verlowingstydperk mag geen ander man met die meisie geslags= gemeenskap hê nie. Dit was strafbaar met die dood (vgl. Deut. 22:23-24). As die seksdaad binne die stad plaasgevind het, is albei met die dood gestraf - die meisie omdat sy kon geskreeu het en die man omdat hy met 'n verloofde meisie - 'n ander man se eiendom - geslagsgemeen= skap gehad het.

Volgens Deut. 22:25-27 kon 'n verloofde meisie wat in die veld verkrag is, nie met die dood gestraf word nie, omdat daar niemand naby was wat haar te hulp kon snel nie. Haar verkragter is met die dood gestraf, omdat dit daarop neer= kom dat die verkragting net so goed soos moord is - hy het die aanstaande bruide= gom se lewe bedreig. (Venter, 1978, p. 11)

As die meisie nie verloof of getroud is nie, geld die siviele wet van verleiding (vgl. Ex. 22:16 vv) en moet die skuldige jongman die vader vergoed vir die beska= diging van sy eiendom. Hy moet ook met

die meisie trou en mag nie van haar skei so lank as hy lewe nie. As die vader egter nie sy dogter wil afgee nie, moet die jongman nogtans die normale huweliksprys (mohār) betaal. Dan het hy boete gedoen en kan hy sy gang gaan, want die vader is vir sy verlies vergoed. (Phillips, 1973, p. 152)

Uit die voorgaande blyk dit dat God dit so wil dat geslagsgemeenskap slegs binne die huwelik sal plaasvind en dat dit buite die huwelik sonde is.

Kroeze (1979, p. 137) som dié voorskrifte goed op as hy sê: "As jy met 'n meisie gemeenskap het, dan is sy vir goed joune! Die huwelik is daarmee onverbreekbaar gesluit. Sonder om ander aspekte van buite-egtelike geslagsgemeenskap in oënskou te neem, vind ons hier tog 'n gedugte beperking daarvan, want geslagsgemeenskap verplig die man tot 'n huwelik met die betrokke meisie. Reeds geslagsgemeenskap, nie eers swangerskap nie".

6.2.2.3 Hooglied

Die boek Hooglied bestaan volgens Kroeze (1979, p. 158) uit 'n aantal "los liedere son-

der onderlinge verband, geleentheidsliedere. Maar altyd gee hulle die voorstelling van 'n paar wat vir mekaar bestem is. Hulle is mekaar s'n en daarom bestyg hulle die hoogtepunt van die liefde."

Voorts word die liggaamlike en die geestelike eksklusiewe liefdeseenheid sterk beklemtoon in hierdie verheffende liefdesliedere. Die natuurlike en onweerstaanbare hartstog van man en vrou vir mekaar word ook hier in volle krag en in duidelike, lewendige beelde geskilder.

Die bruid verlang na 'n erotiese sien van die bruidegom (Hooglied 1:2 gebruik die woord "liefde" hier in 'n erotiese sin.) Dan volg daar 'n wedersydse besinging van die bruidegom en bruid se skoonheid in nie-erotiese beelde wat veral uit die natuur voorkom.

In Hooglied 2:3-5 stel die bruid haar hartstog vir die bruidegom wat nog verder gestimuleer moet word deur seksuele stimulant (appels en rosynekoeke - volgens destydse geloof) wat ongesteurde seksuele gemeenskap tot gevolg het (Hooglied 2:6 en 7). Vervolgens getuig die bruid van hulle persoonlike en eksklusiewe liefdesverhouding: "My beminde is myne en ek is syne"

Daarna volg 'n verskeidenheid van beskrywings van die liefde en begeerte van die bruidegom en bruid vir mekaar. In die laaste hoofstuk word die liefde gekenskets as 'n persoonlike en eksklusiewe saak, onweerstaanbaar en onuitblusbaar en kostelik - onkoopbaar - as 'n gawe van die Here: " 'n vlam van die Here" (Hooglied 8:6 en 7). (Helberg, 1976, p. 53)

Uit die voorgaande is dit duidelik dat hierdie liefdesgemeenskap 'n monogame, eksklusiewe gemeenskap is. Dit kan dus as model dien vir die huwelik. Kroeze (1979, p. 167) stel dit so: "Die Hooglied (is) ook 'n afbakening van die regte weg in die liefdeslewe en dus 'n betuening van 'n willekeurige uitlewing daarvan die Hooglied (sing) van die eie geliefde, van die eie beminde".

Dit dien ook op gelet te word dat in Hooglied eksplisiet sprake is van 'n "bruid" en 'n "bruidegom," dus 'n huweliksverhouding, en nie 'n voorhuwelikse verhouding nie.

Die eie geliefde en eie beminde wat in Hooglied op die voorgrond is, is ook in sterk teenstelling met die vreemde vrou wat in sommige Ou-Testamentiese liefdesverhale tot

die sonde aanleiding gee, bv. Spreuke 2:16:
"..... om jou te red van die vreemde
vrou."

Mckane (1977, p. 285 vv) sê van hierdie
"vreemde vrou:" "..... she is beyond
the pale, is both desperate and uninhibited
- desperate because she suffers ostracism and
insecurity, and uninhibited because she de=
fies religious and social sanctions and conven=
tions and is a law to herself. As such she
is particularly deadly to young men who be=
come embroiled with her. The fo=
reign women then becomes a type or paradigm
of any woman who spurns the conventions of
the society in which she lives, and is regar=
ded generally as defiant and wanton"

Dit is duidelik dat hierdie vreemde vrou nie
die eggenote is nie, maar 'n vrou wat daarop
uit is om mans te verlei. Sy is dan die sg.
"ander vrou" wat die kuisheid van sowel on=
getroude as getroude mans bedreig.

Spreuke 5:3 en 15-19 beklemtoon die feit dat
die seksuele nie net die bevrediging van 'n
onpersoonlike hartstog is soos bv. in die
"heilige prostitusie" van die Kanaäniete nie.
Die seksuele is onafskeidelik verbind aan en

geïntegreer in die liefde wat deur en deur
persoonlik van aard is en volkome eksklusief:
"..... want die lippe van die vreemde vrou
drup heuningstroop, en haar verhemelte is
gladder as olie Drink water uit jou
eie reënbak en strome uit jou eie put. Sal
jou fonteine buitentoe oorstroom, waterstrome
op jou pleine? Hulle moet vir jou alleen wees
en nie vir ander saam met jou nie.
mag jy in haar liefde gedurigdeur bedwelmd
wees ".

In die boek Spreuke word die monogame huwe=
lik as die ideaal gesien, soos blyk uit die bg.
teks. Elke man kan nie meer as een kroon
besit nie. (Du Toit, 1942, p. 122)

Gispen (1952, p. 92) wys daarop dat die woorde
in Spr. 5:15, 18, 19 geïnterpreteer moet word
as 'n opwekking "om seksuele bevrediging te
soeken bij zijn eigen vrouw. Deze opwekking
is gericht door de wijze tot zijn 'zoon,' zijn
leerling (vgl. vs 7). Dese laatste kan een
jonge man zijn, die reeds getrouwd is; ook
is mogelijk, dat deze opwekking in het on=
derwijs tot jonge mannen gericht wordt met
het oog op hun toekomstig huwelijk".

Mckane, (1977, p. 319) beklemtoon dit dat die vrou na wie hier verwys word die betrokke man se vrou moet wees met wie hy wettiglik getroud is.

Helberg (1976, p. 42) onderstreep dié feit as hy sê: "Ware belangstelling in die ander geslag is iets meer as 'n onpersoonlike seksuele begeerte. Dis 'n persoonlike verhouding en geld 'n lewensmaat, iemand met wie mens lewenslank in 'n persoonlike verbintenis staan".

6.3 DIE HUWELIK AS DIE WEERSPIEËLING VAN DIE VERBOND TUSSEN GOD EN MENS

Op talle plekke in die Bybel word die huwelik gesien as 'n afskaduwing van die band wat tussen God en sy volk en tussen Christus en Sy Kerk bestaan.

In Jes. 54:5 sê die Here aan Sy volk: "Want jou Maker is jou Man". Volgens Hosea 2:15 word die innige verhouding tussen God en Sy volk uitgedruk in dié woorde: "En in die dag, spreek die Here, sal jy My noem: My man" In Jer. 2:1-4 word Israel as vrou voorgestel, wat in liefde deur haar hemelse Eggenoot, die Here, verkies en gelei is, maar dié liefde egter verwerp en dit met ontrou beantwoord het.

In die Nuwe Testament word die verhouding tussen Christus en Sy Kerk eweneens as 'n huweliksverhouding voorgestel: Christus verwys in Mark. 2:19 na Homself as die bruidegom as Hy vra: "..... Kan die bruilofs=gaste dan vas terwyl die bruidegom by hulle is? So lank as hulle die bruidegom by hulle het, kan hulle nie vas nie." Openbaring 19:7 versterk die beeld verder in die woorde: "..... want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak".

Uit voorgaande is dit duidelik dat die waarde van die huwelik hoog aangeslaan word as 'n instelling wat deur God daargestel is.

6.4 HUWELIKSTROU

Die fondament waarop die huwelik gebou is, is liefde en trou (vgl. Spr. 3:3-4 en Efes. 5:25). Met liefde word hier nie bedoel verliefdheid nie, want dit is van 'n ver=bygaande aard. Hierdie liefde is ware Bybelse liefde wat bestaan in: hulp en bystand, 'n onselfsugtige op=die=ander=gerigte gesindheid; afsien van altyd=alleen=reg=wees; opstaan vir die ander. Hierby kom 'n opreg=te getrouheid aan mekaar waar beide man en vrou deur dik en dun bymekaar staan en nie oënskynlik groener weivelde opsoek nie.

Duvenage (1980, p. 11) sê van die trou: "As die liefde die wyn is, dan is die trou die beker wat dit hou. Breek die beker stukkend dan vloei die inhoud weg. Neem die

inhoud uit die beker dan bly 'n blote vorm oor. Liefde en trou hoort onafskeidelik bymekaar".

"As die liefde ophou, verkil die huwelik; as die trou verdwyn dan verkrummel dit." (Van Wyk, 1980, p. 11)

Huwelikstrou bestaan volgens Heyns (1980, p. 19) ook daarin dat dit te doen het met die woord en die eer van die mens. Die een gee aan die ander sy woord en hou daardie woord. Dit plaas dan die liefde op die etiese vlak.

Die huweliksformulier stel die huwelikstrou in die volgende woorde: "... dat u ook heilig met haar wil lewe en haar in alles getrou wil bly"

Wielenga (1936, p. 156) sê van hierdie trou: "Wie den echt door overspel breekt kan, al is hij overigens niet onmatig, noch zelfzuchtig in den omgang binnen het huwelijk, niet voldoen aan den eisch, die hier gesteld wordt. Heiligheid tusschen de getrouwden sluit in heiligheid teenover degenen, die buiten zijn, niet alleen wat de daad maar ook wat het beginsel van de daad, dat is begeerte, betreft. Jesus segt: 'Zoo wie eene vrouw aanziet, om haar te begeeren, die heeft alreeds overspel in zijn hart met haar (let wel) gedaan.'" (Matt. 5:28)

In die voorgaande teks is dit duidelik dat Jesus die bose begeerte van die hart beskou as egbreuk, net soos Hy die haat in die mens se hart teenoor sy naaste as moord beskou.

Hendriksen (1974, p. 302) wys ook daarop dat dié teks nie net op die man van toepassing is nie, maar ook vir die vrou geld. Ontrou in die huwelik is altyd verkeerd. Dit hou ook verder in dat enige daad om ontrou uit te lok, bv. 'n poging van 'n ongetroude persoon om 'n huwelik te verwoes, as 'n oortreding van die sewende gebod beskou word.

Die teks impliseer verder dat dit nie gaan om die sien van 'n persoon van die teenoorgestelde geslag nie, maar eerder oor die manier waarop daar gekyk word. Hill (1972, p. 123) stel dit duidelik dat die natuurlike begeerte na die teenoorgestelde geslag nie per sé sonde is nie, maar "the lustful desire for the wife who belongs to another man" is wel sonde.

Grundmann (1972, p. 161) sien in hierdie teks die grondbeginsel van die monogamie gefundeer: "In diesem Wort ist die Monogamie grundlegend vorausgesetzt. Dieses Wort Jesu kleidet 'als erstes in eine unbedingt bindende Vorschrift, was in der jüdischen Spruchüberlieferung bis dahin zerstreut als ein Ruhm besonder Frammer bezeichnet worden war".

In wese is die seksuele begeerte na 'n ander vrou (of man), behalwe die een waarmee jy wettig getroud is, sonde en selfsugtig. Selfsugtig, omdat dit basies net gaan om die bevrediging van die seksdrang, dus suiwer 'n fisieke begeerte sonder die liefdesverhouding wat deur die huwelik gesanksioneer word.

Die trou in die huwelik beklemtoon ook die wese van die huwelik, daarom word die huwelikshandeling dan ook aangedui deur die werkwoord "trou".

Die trou in die huwelik is ook daardie deug wat die mens sy plig laat doen sonder dwang, sonder kontrole en wat spruit uit sy eerlikheidsgevoel en sy Godgegewe sedelike bewussyn.

Drogendijk (1949, p. 33) haal die Nederlandse digter Von=del aan om hierdie trou te illustreer:

"Waar werd oprechten trouw
Dan tusschen man en vrouw
Ter wereld ooit gevonden?"

Ten slotte hierdie treffende aanhaling uit Olthuis (1976, p. 21): "A wife need not compete with other women for her husband's love and affection; she has it. Her husband has sworn a bond of lifelong troth to her to which God is the witness. Neither does the husband have to compete with other men for his wife's continued attention. Both of them settled that matter when they married".

Die deurlopende vrees om mekaar te verloor, het 'n verwoestende effek op 'n huwelik wat gekenmerk word deur ontrouheid. Daarom is die beginsel van trou in 'n huwelik uiters noodsaaklik met die oog op 'n verbintenis wat gegrondves is op die Christelike liefde en trou.

6.5 ONTUG EN EGBREUK

Die Ou Testament wil die seksuele lewe binne die perke van die huwelik hou soos blyk uit onder andere Ex. 20:14: "Jy mag geen vleeslike gemeenskap met jou naaste se vrou hê om jou met haar te verontreinig nie". Lev. 20:10 sluit ook hierby aan:

"En as iemand owerspel doen met 'n man se vrou, owerspel doen met sy naaste se vrou, moet hy en sy wat owerspel doen, sekerlik gedood word." In die voorafgaande teks word die sonde van ontug of egbreuk baie sterker gestel as in Lev. 18:20: "En jy mag geen vleeslike gemeenskap met jou naaste se vrou hê om jou met haar te verontreinig nie".

In Lev. 20:10 word die strafmaatreëls bygevoeg en die vrou met wie nie omgang gehou mag word nie, word baie duidelik gespesifiseer. Hiervan sê Harrison (1980, p. 206): "It is at least possible that in this instance the repetition was deliberate, comprising a stylistic device which was meant to draw attention to an important item of legislation".

Noth (1977, p. 150) wys daarop dat die vrou nie net die objek in die daad van owerspel is nie, maar dat sy net so skuldig as die man is en derhalwe as ten volle medepligtig beskou word en dus ook dieselfde straf as die man opgelê word.

Ook die Joodse Talmoed stel 'n hoë premie op die monogame huwelik en die gepaardgaande gedagte van trou: "The ideal of matrimony is of the highest. The ordinary term for a marriage is 'kiddushin' denoting 'sanctification.' It is so called because 'the husband prohibits his wife to the whole world like an object which is dedicated to the Sanctuary' (Kid. 2b). It implies the strictest chastity in both parties. 'Immortality in the house is like a worm on vegetables' (Sot 3b), and it holds good of the husband as well as the wife". (Cohen, 1971, p. 164)

Anders as by ander volke van die antieke Ooste waar egbreuk slegs as 'n misdaad teen die naaste gesien is, maak die Ou Testament dit duidelik dat egbreuk ook 'n godsdienstige vergryp is. Uit die gegewens in Gen. 20:1-13 en Gen. 26:7-11 blyk dit dat egbreuk sonde teen God se Wil is. (De Vaux, 1968, p. 36)

In Spr. 2:16 word ook eksplisiet gewaarsku teen die ontugtige vrou: " die vreemde vrou, die ontugtige wat met haar woorde vlei".

In Spr. 29:3 word teen onsedelikheid en die gevolge daarvan gemaan: "h Man wat die wysheid liefhet, verbly sy vader; maar hy wat met hoere omgaan, bring die goed deur".

Hierdie vers sluit aan by Spr. 1-9 wat hoofsaaklik handel oor seksuele losbandigheid en daarom talle waarskuwings teen egbreuk en die ontugtige vrou bevat. In hierdie vers word dit weer duidelik beklemtoon dat die onderlig en vermaninge nie bloot h sedelessie is nie, maar dat die ware moontlikheid om die eise van die wysheid te beantwoord, in die vrees van die Here (d.i. die verbond) rus.

Die gedagte in Spr. 29:3 word antiteties gestel en die hoer word gesien as die grootste enkele bedreiging van die jongman. Die implikasie is dat die seun se omgaan met hoere die grootste faktor tot die vader se hartseer is. Hierdie skandelike gedrag van die seun is h paradigma van dwaasheid of onverstandigheid wat in kontras staan met die gedrag van die seun wat die wysheid liefhet en sy vader se hart verbly. (Mckane, 1977, p. 633)

Sterk nadruk word ook gelê op die natuurlike gevolge van so h persoon se dade. Hy wat sy ontspanning by hoere soek, se goed of besittings sal letterlik, volgens die Latynse vertaling, bederf of vergaan.

Die gedagte word dus ingeskerp: Iemand wat buite die huwelik seksuele bevrediging soek, is dwaas en sal die gevolge van sy daad moet dra.

6.5.1 Bybelse voorbeelde van Onkuisheid

i) Lot en sy Dogters

Van die verskeidenheid voorbeelde wat in die Bybel aangaande onkuisheid genoem word, word vir die doel van hierdie studie slegs 'n paar bespreek.

Die geskiedenis van Lot en sy dogters ná die val van Sodom en Gomorra is seker een van die bekendste verhale van onkuisheid in die Bybel.

Dié onkuisheid word beskryf in Gen. 19:31 en 32: "En die oudste het aan die jongste gesê: Ons vader is oud, en daar is geen man in die land om, na die reël van die ganse aarde, by ons in te gaan nie. Kom, laat ons aan ons vader wyn gee om te drink en met hom gemeenskap hou, sodat ons deur ons vader 'n geslag in die lewe kan hou."

Deur hierdie bloedskandelike daad het die dogters van Lot die gebod and die Here oortree: "Jy mag die skaamte van jou vader nie ontbloot nie," (Lev. 18:7)

Hierdie daad van Lot se dogters toon dat hulle nie aan die invloed van die swak seidelike lewe van hulle woonplek kon ontkom nie.

God is egter 'n regverdige God en daarom straf Hy ook dié sonde. Die twee seuns wat uit hierdie sondige verbintenis gebore word, is die voorvaders van die Moabiete en Ammoniete wat wel bloedfamilie van Israel was, maar 'n lewe buite die verbond gevoer het en Israel meesal vyandiggesind was.

Hierin lê dus die straf van God: Die regverdige Lot se nageslag het as ongelowiges in die verbond doodgeloop. (Venter, 1978, p. 17)

ii) Dawid en Batseba

Die onkuisegebeure tussen Dawid en Batseba word in 2 Sam. 11 verhaal. Dawid het die mooi vrou sien bad en haar begeer. Wel wetende dat sy 'n getroude vrou was en haar man een van sy getroue soldate, laat hy die vrou haal en hou hy gemeenskap met haar.

Dat dit nie teen haar wil geskied het nie, kan ons aflei uit die feit dat sy sonder teëstribbeling ingewillig het om na die koning te gaan. Dit is dus duidelik dat ook sy skuld had aan

die gebeure, maar Dawid, die uitverkorene van God, bly nogtans die hoofskuldenaar. (Venter, 1978, p. 18)

As gevolg van die owerspel raak Batseba swanger. Dawid raak nog verder in die gevolg van sy sondige daad verstriek as hy bevel gee dat Uria (Batseba se man) binne die gevaarlikste deel van die gevegsgebied geplaas moet word. As gevolg hiervan sneuwel hy.

Sonde baar sonde: Dawid het nou ook nog, behalwe sy owerspel met Batseba, 'n moord op sy kerfstok.

Die profeet Natan roep Dawid tot verantwoording en hy betoon onmiddellik diepe en egte berou. Nou blyk dit egter dat die sonde onherroeplike gevolge het ondanks God se vergewing.

Die invloed van die sondedaad kring nou verder na buite. Volgens 11 Sam. 12:10 en 11 het hy met die swaard gedood, die swaard sal van sy huis nie wyk nie, hy het 'n ander se vrou geneem, sy eie sal aan 'n ander gegee word.

Absolom het ook later 'n tent op die dak van die paleis van Jerusalem laat opslaan en voor die oë van die hele Israel by die byvroue van sy vader ingegaan. (2 Sam. 16:21 en 22.)

Dawid se oudste seuns, Amnon en Absolom, se optrede hang ook saam met immoraliteit en loop later uit op moord as Absolom sy broer Amnon laat vermoor. Dié moord vind plaas omdat Amnon sy halfsuster Tamar op 'n brute wyse verkrag en verder verneder het deur haar weg te jaag.

Kroeze (1979, p. 46) toon aan dat Dawid hierdie dinge te wete gekom het, maar nie met sy seun Amnon daaroor gepraat het nie. Die vraag ontstaan: Het hy ten gevolge van sy eie oortreding geen vrymoedigheid gehad nie?

Uit die relaas van Dawid en Batseba se ower spel is dit duidelik dat die Here vergewe, maar dit beteken nie dat Hy nié straf nie en dat die sonde nie bitter gevolge het nie.

iii) Ander Dade van Onkuisheid

Kortliks word hier net gewys na die optrede van Simson. In sy lewe het die aanwending van ongeoorloofde seks hom laat faal in die volbrenging van sy roeping. Ná die misluk-

king van sy huwelik met Timna het hy vervulling van sy drifte by slegte vrouens gesoek, soos blyk uit Rigters 16:1.

Kroeze (1979, p. 49) sê van Simson: "Dit is sy seksuele drifte wat hom al nader bring aan sy val totdat hy ten slotte swig vir die vleiery en aandrang van 'n vrou wat hom nie liefhet nie. Hy het sy Goddelike roeping verzaak".

'n Verdere verwysing vind ons in Gen. 35:22 waarin verhaal word dat Ruben met sy vader, Israel, se byvrou Bilha, owerspel gepleeg het. Hy word daarvoor gestraf soos blyk uit Gen. 49:4: "opbruising soos van waters - jy sal die vernaamste nie wees nie, want jy het die bed van jou vader beklim; toe het jy dit onheiligh. Hy het my bed beklim".

Uit die voorgaande blyk dit dus duidelik dat onkuisheid strydig is met God se Wil en sonde is en dat Hy dit straf; selfs tot in die derde en die vierde geslag. (Ex. 20:5)

6.5.2 Poligamie

Aanvanklik het die mens die Goddelike opdrag in verband met die monogame huwelik nagekom. La-meg, die sewende uit die geslag van Kain, het

egter die opdrag verontagsaam en vir hom twee vroue geneem (Gen. 4:19). Sodoende het hy die eerste veelwywer in die geskiedenis van die mens geword. Hierin is hy nagevolg deur onder andere Abraham (Gen. 16:3), Gideon (Rigters 8:30), Dawid (2 Sam. 11:27) en Salomo (1 Kon. 11:3).

Die Mosaïse wetgewing het wel nie 'n eksplisiete verbod op poligamie geplaas nie, maar stel sekere beperkings met betrekking tot die saak. Hierdie strenge beperkings trag egter om die monogame huwelik te bevorder en te versterk en dit kom voor asof God die mens toelaat om proefondervindelik vas te stel dat die oorspronklike monogame instelling volgens Sy wil die korrekte is. (Wright en Thompson, 1965, p. 787)

Poligamie het ook twis en afgodery tot gevolg gehad, soos blyk uit 1 Kon. 11:4: "En in die tyd van Salomo se ouderdom het sy vroue sy hart verlei agter ander gode aan, sodat sy hart nie volkome met die Here sy God was soos die hart van sy vader Dawid nie." In 1 Sam. 1:6 word verhaal hoe Hanna en Peninna as vrouens van Elkana getwis het: "En haar mededingster het haar ook bitterlik geterg om haar te vertoorn omdat die Here haar moederskoot toegesluit het".

Die poligamie van die aartsvaders was 'n navolging van die heidense volkere se gewoontes. Volgens die wettekodeks van Hammurabi (ca 1700 v.C.) is 'n man toegelaat om 'n tweede vrou te neem as sy vrou onvrugbaar was. Die man kon egter nie die reg uitoefen as sy vrou self aan hom 'n slavin as byvrou gee nie, soos Sarai se optrede in Gen. 16:2 en 3 beskryf word: "En Sarai het vir Abram gesê: Jy weet, die Here het my nie toegelaat om moeder te word nie. Gaan tog in by my slavin; miskien sal ek uit haar gebou word. En Abram het na Sarai ge=luister. Toe neem Sarai, die vrou van Abram, Hagar, die Egiptiese, haar slavin en gee haar aan haar man Abram om sy vrou te wees."

Die man kon egter ook 'n tweede vrou neem al het sy eerste vrou kinders gebaar, maar met dié voorbehoud dat die byvrou nooit dieselfde regte as die eerste vrou gehad het nie. (De Vaux, 1968, p. 24) Só moes Lea vir Ragel vra of sy by Jakob kan slaap (Gen. 30:14 en 15).

Lea en Ragel het ook hulle twee slavinne aan Jakob as vrouens gegee, en hulle het vir Jakob kinders gebaar.

Poligamie kom dus op verskeie plekke in die Bybel

voor. Dit moet nie gesien word as 'n Goddelike opdrag nie, maar eerder as 'n toegewing wat God aan die mens in sy sondegebrokenheid maak. (Wright en Thomson, 1965, p. 787)

6.5.3 Verbode Huwelike

As gevolg van die sondeval het God dit noodsaaklik geag dat die huwelik deur strenge voorskrifte beheers moes word. Hierdie voorskrifte en beperkinge word uitvoerig in die wet behandel. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is dit noodsaaklik dat 'n breë oorsig oor die voorskrifte en beperkinge gegee word.

i) Bloedverwantskap

Die wet het uitdruklike voorskrifte neergelê ten opsigte van ondertrouery en bloedskande. Volgens Lev. 18:6-23 mag niemand hom vleeslik vermeng met iemand wat een vlees met hom is nie. Dié beperkings is nie gesetel in nuttigheidsoorwegings nie, maar het ten doel die Heiligheid van God. (Van der Merwe, 1953, p. 20)

ii) Teennatuurlike Geslagsondes

Volgens Lev. 18:22-23 mag niemand geslagsgemeenskap met 'n persoon van sy eie geslag hê nie en word omgang met diere ook ten strengste verbied.

In die verband lui Lev. 18:22 en 23: "Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. Dit is 'n gruwel. En jy mag met géén dier vleeslike gemeenskap hê om jou daardeur te verontreinig nie. 'n Vrou mag ook nie voor 'n dier gaan staan om daarmee te doen te hê nie. Dit is 'n gruwelike vermenging".

In hierdie verse word die volk van die Here verbied om die heidense gebruike wat in die oud-Oosterse godsdienste geheers het, na te volg. Volgens Gen. 19:5 en Rigters 19:3 was sodomie ook buite Kanaän bekend en het die persone wat hulle daaraan skuldig gemaak het, 'n gruwel gepleeg in die oë van die Here en is Sy weersin daarin opgewek. (Noordtzijs, 1955, p. 186)

Homoseksualiteit en prostitusie is by sommige heidense volke, bv. die Kanaäniete, en die Egiptenare, verhef tot 'n godsdienstige handeling. Hierdie seksuele uitwasse word deurgaans in die Bybel verbied en was met die dood strafbaar (Lev. 20:13).

Harrison (1980, p. 192) sê van homoseksuele dade: "It violated the natural order of sexual relations, and catered to perverted lust rather than to procreation of the species".

In Deut. 23:18 word na manlike prostitute en homoseksuele in die algemeen verwys as "honde".

In die Nuwe Testament veroordeel Paulus ook mense wat homoseksueel met ander verkeer, bv. in Rom 1:26 en 27. Hy toon hier aan dat die seksuele lewe aangetas word deur die mens se sondige afvalligheid. Die mense wat hulle aan hierdie teennatuurlike sonde skuldig maak, word deur hulle "skandelige hartstogte" gedryf en negeer die sedelike waardering wat deur die Heilige Skrif as norm en ordinansie gestel word. (Van Leeuwen en Jacobs, 1952, p. 44)

Paulus noem die homoseksualiteit by mans en vroue as uiterste voorbeelde van die verworsing van die natuurlike medemenslikheid en hy wys daarop dat die heidene in hulleself die noodwendige vergelding van hulle godsdiensdige dwaling ontvang. (Jonker, 1966, p. 39)

Lev. 18:23 verbied spesifiek enige vorm van seksuele verkeer met diere. Volgens Porter (1976, p. 148) is bestialiteit "skending van die natuur" omdat God elke skepsel volgens sy soort geskape het. Wie hierdie onderskeid misken, wis die Godgestelde grense uit.

Die mens is geskape en aangestel om te heers oor die diere van die veld en as dan gepoog word om seksueel met diere te verkeer, word daar verwarring gesaai in die seksuele verwantskappe (vgl. Gen. 2:24 en 4:1).

Harrison (1980, p. 194) gee 'n baie goeie uiteensetting van hierdie saak: "While sexual activity between legally married persons is quite proper according to this legislation, no form of perversion, whether inside or outside of marriage, is to be countenanced. Persons are to have control over their own bodies, so that if they transgress the covenantal enactments they become personally accountable to God for their misdeeds. Sexual purity is a small aspect of that larger morality (cf. Rom. 13:13; 1 Cor. 6:9-10, 13, etc.) which is mandatory for those who would aspire to the nature of a holy and perfect God".

Dit is dus duidelik dat seksuele perversie die mens verontreinig en sy verhouding met God ingrypend skend.

6.5.4 Priesterhuwelike

Streng voorskrifte het ook die huwelike van priesters gegeld. Omdat die priesters deur God geroep was en in sy diens gestaan het, moes hulle

heilig lewe. Hulle huweliksverhouding moes ook in die lig van heiligheid aan God staan.

Die voorskrifte rakende heiligheid en reinheid van die priesters en die hoëpriester word volledig in Lev. 21 uiteengesit.

Strenger reëls het vir die priesters as vir die gewone Israeliet gegeld. Vers 7 reël bv. die huwelik van die gewone priester; hy mag nie met 'n hoer, 'n meisie wat nie 'n maagd is nie, of 'n weduwee trou nie. Esegïel 44:22 maak wel 'n uitsondering op die reël, nl. dat 'n priester wel met die weduwee van 'n priester kan trou.

Noordtzij (1955, p. 214) verklaar dat 'n priester met 'n Israelitiese maagd moes trou, wat verkieslik die dogter van 'n priester moes wees. Vergelyk Lukas 1:5.

Dit is interessant om te let op die siening van Harrison (1980, p. 210). Hy beskou die verbod op die priester om met 'n hoer te trou as 'n teken dat geen "heilige" prostitusie by Israel mag heers, soos by die Kanaäniete nie, omdat sulke wanpraktike die heiligheid van God direk sou aantas.

Porter (1976, p. 168) wys ook daarop dat 'n priesterdogter wat 'n hoer is, swaarder gestraf word

as 'n gewone hoer. Sy word naamlik verbrand, omdat sy haar vader se heilige amp in gedrang gebring het.

Die amp van die hoëpriester is ook onderworpe aan 'n baie hoë sedelike en morele standaard. Hy mag bv. glad nie met 'n lyk in aanraking kom nie, al was dit sy vader of moeder. Hy moes absoluut heilig voor God lewe en dit het ook vir sy huwelik gegeld: hy kon slegs met 'n maagd trou wat uit die "volksgenote" afkomstig was. Hy mag nie met 'n weduwee trou nie, anders as by die gewone priesters (vs. 7).

Aangesien hy die hoogste onder sy broers was en die self-olie op hom gegiet was, moes hy 'n toonbeeld van reinheid en heiligheid wees.

6.5.5 Die Leviraatshuwelik

Deuteronomium 25:5-10 bepaal dat indien 'n man sonder seuns te sterwe kom, sy broer die vrou moes neem en by haar seuns verwek. Die eersgeborene uit die verbintenis sou dan geld as die seun van die oorlede broer om sodoende die oorledene se naam in stand te hou. Indien die broer weier, sou hy deur 'n bepaalde seremonie blywend in die skande gebring word. In die Ou Testament word slegs twee gevalle van die leviraat genoem, nl. Tamar (Gen. 38:6-7) en Rut (4:10.) (De Vaux, 1968, p. 37)

6.6 DIE HUWELIK IN DIE NUWE TESTAMENT

Die siening van die huwelik in die Nuwe Testament verskil aanmerklik van die Ou Testamentiese siening daarvan.

Só word bv. veelwywery deur die Nuwe Testament verbied. Daar is ook ander verskille soos in onderstaande bespreking aangetoon word.

Thielicke (1978, p. 108) sê die volgende van die huwelik in die Nuwe Testament: "The New Testament witness concerning marriage can be properly viewed only against the Old Testament background. Here already we see the beginning of the struggle with the contemporary and therefore relative, legal ordinance of marriage, and how this is done in the name of that kerygmatic care which we have called the essence of the factors which transcend the law. In this process the kerygmatic care undergoes a transformation similar to that which prophecy undergoes when it is fulfilled and that which the Old Testament "nomos" undergoes when it is radicalized by the Sermon on the Mount".

6.6.1 Christus se Siening met betrekking tot die Huwelik

Matt. 5:27-32: "Julle het gehoor dat aan die mens van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie. Maar ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het. As jou regteroog jou dan

laat struikel, ruk dit uit en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie. En as jou regterhand jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie.

Daar is ook gesê: Elkeen wat van sy vrou skei, moet vir haar 'n skeibrief gee. Maar ek sê vir julle dat elkeen wat van sy vrou skei behalwe omrede van hoerery, maak dat sy egbreuk pleeg, en elkeen wat die geskeide vrou trou, pleeg egbreuk".

Die vrou van wie Jesus hier praat, is 'n ander vrou as die een met wie mens getroud is. Die bedoeling hier is baie duidelik: 'n man moet wegbly van 'n vrou wat nie vir hom bestem is nie en waarmee hy nie wettig getroud is nie.

Die "kyk na haar om haar te begeer" wat hier bedoel word, tref ons ook in die Ou Testament aan. Dawid het van die dak van sy paleis na Batseba gekyk (2 Samuel 2). Wat aanvanklik 'n blik van estetiese bewondering was, het spoedig verander in 'n erotiese verlange. Die vraag kan gevra word waar die grens tussen kyk of sien en begeer lê.

Job het 'n verbond met sy oë gesluit en kon sonder enige bybedoeling na 'n meisie kyk (Job 31:1).

Volgens Rothuizen (s.j., p. 80) is dit nie verkeerd om na 'n vrou te kyk uit 'n estetiese oogpunt nie: "Een mooie vrouw mag gezien worden in de Bijbel. Hoe zou men er ook anders ooit achter gekomen zijn, dat de dochters van Job de schoonste waren van het hele land (42:15)?".

Die beginsel van egbreuk is egter geleë in hóé die man na 'n vrou kyk.

Gore (1925, p. 68) verklaar die saak soos volg: "But here our Lord identifies with the overt act in guilt even the desire of the heart when it reaches the point of deliberate intention to sin. The man whom our Lord is here considering must be supposed to have the deliberate intention to sin; he looks on the women in order to excite his lust; he is only restrained from action (if it be so) by lack of opportunity or fear of consequences; in his will and intention he has already committed the act".

Die gedagte word verder deur Ridderbos (1965, p. 112) onderstreep, nl. dat mens jou moet onthou van alles wat 'n prikkel tot die sonde kan verskaf.

Bedwell (s.j., p. 36) som die saak op 'n gepaste wyse só op: "The battle of the body is decided

by the outcome of the battle of the mind. 'As a man thinketh in his heart so is he' - If the thoughtlife is defiled the battle is already lost. Eye-gate is the spot that needs to be guarded constantly and well. It was at the eye-gate that Satan succeeded with Eve, with Achan and with David".

Die woorde van Jesus i.v.m. die egskeiding (Matt. 5:31 en 32) is antiteties gestel en het ook betrekking op die vervulling van die sewende gebod.

Hy wys daarop dat 'n man nie om enige onbeduidende oorsaak van sy vrou kan skei nie. Hy distansieer hom dus van die slappe en lakse egskeidingspraktyk. Hy erken alleen buitehuwelikse geslagsomgang as rede vir egskeiding. In alle ander gevalle is egskeiding en hertrou egbreuk. Jesus kwalifiseer die stelling verder deur te sê dat die man wat sy vrou wegstuur die oorsaak van haar egbreuk is as sy weer trou. Hiervan sê Van Hartingsveld (1977, p. 90): "Door echtscheiding is de man medeverantwoordelijk voor de echtbreuk van zijn vrouw, respektievelijk voor de echtbreuk van de man, die met de gescheiden vrouw trouwt. Over een eventueel nieuw huwelijk van de gescheiden man wordt niet gesproken. Evenmin over dat van de man, die door de 'porneia' van zijn vrouw het recht had om te scheiden".

6.6.1.1 Die Vraag oor die Skeibrief

In sy gesprek met die Fariseërs (Matt. 19:3 vv) beklemtoon die Here Jesus die heiligheid van die huwelik en toon Hy aan dat dit 'n Goddelike instelling is.

Matt. 19:5 stel dit duidelik dat die man sy ouers sal verlaat en sy "vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees"

Volgens Barclay (1975, p. 202) is die ideale Christelike huwelik gefundeer in die Joodse ideaal van die huwelik. Die Joodse term vir die huwelik was "Kiddushin," wat 'heiliging' of 'wyding' beteken. Die woord is gebruik om iets te beskryf wat aan God toegewy is as Sy eksklusiewe en uitsluitlike eiendom. Alles wat absoluut aan God behoort het, was "kiddushin".

Dit beteken dat in die huwelik die man aan sy vrou gewy was en die vrou aan haar man. Die een word die uitsluitlike eiendom van die ander, net soos 'n offer die uitsluitlike eiendom van God word.

Die man en sy vrou word dus "een vlees" en so bereik hulle die ideaal soos gestel in Gen. 2:24. Dit is dus dan die ideaal wat deur Jesus herkonstateer word.

Ridderbos (1954, p. 54) noem hierdie "een vlees", die allernouste relasie wat blywend van aard is.

Die Fariseërs beroep hulle egter op die Mosaïse wetgewing (Deut. 24:1 v.v.) waarvolgens 'n man van sy vrou kan skei deur haar met 'n skeibrief weg te stuur.

Jesus wys die Fariseërs egter daarop dat dit nie 'n gebod is dat die man moet skei nie, maar wel 'n toelating en dit weens die hardheid van die mens se hart.

Tasker (1971, p. 180) bring die "hardheid van die mens se hart" in verband met die sondeval: "And so long as that hardness of heart prevails, there will always be, both within and outside marriage, 'unions' between men and women, which, because they are not real unions at all, cannot be said to have been joined together by God".

Thielicke (1978, p. 109) toon egter aan dat egskeiding nie oorspronklik volgens die wil van God is nie en dat dit nie 'n skeppingsordinansie is nie, maar 'n Goddelike "toegewing" as gevolg van die sondigheid van die mens.

Die Here Jesus verklaar ook in Mattheüs 19:12 dat diegene wat uit oortuiging of as gevolg van liggaamlike onmagtigheid nie wil of kan trou nie, nie sondig nie.

Soos Robertson (s.j., p. 156) en Hendriksen (1974, p. 719) bewys was dit nie die Here Jesus se bedoeling om die selibaat hierdeur te propageer nie, maar bedoel Hy 'n vrywillige onthouding van die huwelik ter wille van God se koninkryk. Die gawe van onthouding is ook slegs vir sommige beskore: "Jesus recognizes the severity of the demand as going beyond the capacity of all but a select number". (Ibid, s.j., p. 156)

Hendriksen (1974, p. 718) wys op die feit dat die Here Jesus in Matt. 19:12 na drie soorte mense wat nie kan of wil trou nie, verwys. Die eerste groep is hulle wat geneties afwykend is; terwyl die tweede groep bestaan uit daardie persone wat deur mense gekastreer is (eunugs) waarvan daar sprake is in II Konings 20:18 en Ester 2:14. Hierdie ontmandes is soms gebruik om die vors se harem op te pas. Die derde groep is nie impotent nie en kan al hulle huweliksverantwoordelikhede nakom.

Hulle verkies egter om vrywillig onge=
troud te bly, ter wille van die belang
van die koninkryk van die hemele.

Van die laaste groep sê Grundmann (1972,
p. 429): "Jesus spricht von Menschen
die von Gabe und auftrag des Himmel=
reiches so ingenommen sind, dass sie
darüber die Fähigkeit zur Ehe verlieren,
weil geschlechtlicher Trieb in ihnen
keinen Raum mehr findet".

Almal het egter nie die gawe van onthou=
ding ontvang nie. Daarom keur Jesus
nie die huwelik af nie, maar heilig Hy
dit deur Sy teenwoordigheid tydens die
bruilof te Kana in Galilea. (Joh. 2:1 v.v.)

6.6.2 Die Siening van die Apostel Paulus m.b.t. Voor= huwelikse Sake en die Huwelik in 1 Korinthiërs

1 Kor. 7:2: "Maar vanweë die hoerery moet elke
man sy eie vrou hê, en elke vrou moet haar eie
man hê".

Paulus beklemtoon die feit dat die huwelik mono=
gaam moet wees. Dis is sy uitgangspunt en norm
as hy oor die huwelik spreek.

Russel (1930, p. 42) staan baie krities teenoor
hierdie siening van Paulus se seksuele etiek:

"Fornication holds the centre of the stage of his thoughts, and the whole of his sexual ethics is arranged with reference to it".

Groenewald (1967, p. 85) verwerp hierdie siening egter: "Wanneer die apostel aanvaar dat die monogame huwelik aangegaan moet word 'vanweë die hoerery' is hy geensins besig om die enigste rede vir of doel van die huwelik te meld nie. Elders in sy briewe is daar genoeg bewys van sy opvattinge omtrent die verhewenheid en heiligheid van die huwelik". Voorts meld hy dat Paulus (Ef. 5:22 v.v.) in die huweliksverhouding 'n beeld van die verhouding tussen Christus en Sy gemeente sien.

Paulus spreek van die huwelik as 'n skepping van God en die vryheid om die huwelik in Christus só te aanvaar. (1 Kor. 6:16, Ef. 5:31 vgl. ook 1 Tim. 4:4)

In 1 Tim 4:4,5 word daar op 'n eksplisiete wyse van die huwelik gesê dat dit soos alles wat deur God geskape is, goed is en nie verwerplik nie, wanneer dit met danksegging geneem word, want dit word geheilig deur die Woord van God en deur die gebed. (Ridderbos, 1978, p. 340)

Die hele agtergrond waarteen die uitsprake i.v.m. die huwelik deur Paulus gesien moet word, hang

saam met vrae wat in die gemeente van Korinthe ontstaan het.

Twee wyd uiteenlopende beskouings het in die gemeente bestaan. Die eerste: die fisiese gedraging van die liggaam het geen uitwerking op die geestelike welstand van die siel nie. Ten tweede: die siel raak besoedel deur die ongeoorloofde en selfs deur die geoorloofde geslagtelike verkeer. In die lig van bg. vraagstukke ontstaan die vraag: Hoe moet 'n mens jou binne en buite die huwelik gedra?

Paulus gee dan antwoorde op die vrae van die gemeente. Uit sy antwoorde in 1 Kor. 7 blyk die volgende aspekte: Dit gaan om die gedrag van die getroudes teenoor mekaar binne die huwelik, en trouens oor die bestaansreg van die huwelik as sodanig (7:1-9); dan die kwessie of egskeiding wenslik of selfs moontlik is (7:10-24) en eindelijk die vraag of ongetroudes, sowel jongmeisies as weduwees, aangeraai kan word om te trou (7:25-40).

Bornkamm (1975, p. 207) wys daarop dat die uitsprake van Paulus in 1 Kor. 7 gesien moet word teen die eskatologiese agtergrond van sy prediking. Vergelyk in dié verband ook Ridderbos (1978, p. 347).

Die gedagtes wat uit bg. verklarings voortspruit, is dat daar 'n nuwe soort orde en nuwe tydsge-

wrig aangebreek het, waarin daar 'n herstruktu-
tering en nuwe waardering van die aardse lewe
kulmineer.

Kee et al (1973, p. 179) is van mening dat dit
een van die redes was waarom Paulus ongetroud
gebly het. Hy het naamlik gevoel dat hy genoeg-
saam rede het om ongetroud te bly aangesien die
Wederkoms binnekort sou aanbreek en hy al sy
kragte aan die verkondiging van die evangelie
wou wy.

Paulus wys daarop dat die selibaat nie afdwing-
baar is nie, want nie almal het die "Charisma",
soos hy, ontvang om ongetroud te bly nie. (Van
Hartingsveld, 1977, p. 114) Diegene wat die ga-
we wel ontvang het, moet liever konsentreer op
dit wat werklik belangrik is, nl. die uitbreiding
van God se koninkryk, i.p.v. hulle kragte te wy
aan die instandhouding van die huwelik. (Grant,
1976, p. 24)

Waar die vuur van die seksualiteit egter dreig om
die mens te verteer, is dit egter beter om te trou
as om van begeerte te brand. Uit die woorde kan
gekonkludeer word dat Paulus die geslagsverkeer
vir die huwelik gereserveerd beskou het (vgl.
ook 1 Kor. 7:2-4).

Die kwessie van egskeiding word ook deur Paulus toegelig. Aangesien Paulus se woorde t.o.v. die huwelik 'n Christelike oproep ten behalwe van die huwelik bevat en nie ter bestryding daarvan nie, word die gelowige verplig om hom van hoerery te onthou en mag hy, ooreenkomstig die gebod van Christus, nie sy vrou verlaat nie; en mag die vrou ook nie haar man verlaat nie (1 Kor. 7:10,11).

Omrede die Here Jesus nie 'n direkte uitspraak gelewer het m.b.t. huwelike met nie-Christene nie, spreek Paulus in sy persoonlike hoedanigheid en volgens die gesag waarmee hy bekleed is, oor hierdie saak. Volgens Blaiklock (1977, p. 146) oorskry Paulus nie sy eie gesag hiermee nie: "He is in no way disclaiming inspiration, nor betraying doubt of his competence to legislate. The Gospels were not yet written and he is merely underlining the fact that he is speaking outside the vocal tradition of Christ's remembered words. The rules (vs 10-16) are eminently sensible. If a harmonious marriage exists, let it continue".

Die vraag ontstaan egter of so 'n huwelik met 'n ongelowige nie die gelowige sal besoedel nie. Hierop antwoord Paulus dat 'n ongelowige deur 'n gelowige geheilig word. Hiervan sê Bruce (1977, p. 268): "Perhaps Paul was guided in this judgement by the principle inherent in an ordinance of the Je=

wish ceremonial law: 'Whatever touches the altar shall become holy' (Ex. 29:37). In rabbinical literature a proselyte after conversion to Judaism is described as being 'in holiness'. There was also the possibility that the pagan partner might be won for the gospel through the other's witness: Such a marriage had missionary potentialities".

As die ongelowige huweliksgenoot egter verkies om die huweliksverhouding met die Christengelowige te verbreek, : " laat hom skei" (vs 15).

Vervolgens (vs 25-40) skenk Paulus aandag aan die vraag of ongetroudes, jongmeisies sowel as weduwees mag trou. Hy toon aan, in die lig van sy eskatologiese verwagting, dat dit beter is om ongetroud te bly: " vanweë die aanstaande nood " (vs 26). Dit is egter nie sondig of verkeerd as mense wil trou nie.

Dit is interessant om daarop te let dat Paulus telkens van die ongetroude jongmeisie as 'n "maagd" praat. Deur die term "maagd" te gebruik, impliseer hy dat 'n jongmeisie nie seksuele omgang voor haar huwelik moet hê nie. (Dit geld natuurlik ook vir die jongman soos elders aangetoon.)

Vers 36 is ook 'n deel van sy hele betoog oor die wenslikheid van die huwelik vir die maagd. In

die vorige vertaling van die Afrikaanse Bybel lui die teks só: "Maar as iemand meen dat hy onweweglik met sy maagd handel as sy oor die jeugdigste leeftyd is, en dit so moet wees, laat hom doen wat hy wil. Hy sondig nie. Laat hulle trou".

Die huidige vertaling van hierdie teks stel die saak baie duideliker: "As iemand meen dat hy teenoor sy verloofde onbehoorlik handel deur nie te trou nie, en sy begeertes te sterk word en hy voel dat hulle behoort te trou, laat hom doen wat hy graag wil: laat hulle gerus trou. Dit is nie verkeerd nie".

Samevattend kan die houding van Paulus teenoor die huwelik soos volg beoordeel word: Daar bestaan geen grond vir die mening dat Paulus op grond van asketies-dualistiese gronde geslagsgemeenskap sondig geag het nie. Voorts kan nie beweer word dat die huwelik volgens Paulus 'n noodsaaklike ewel was en dat hy nie 'n hoë waardering vir die huwelik gekoester het nie. (Ridderbos, 1978, p. 346)

7. SAMEVATTING

1. Protestantse teoloë en wysgere is eenstemmig m.b.t. die volgende sake rakende die huwelik: Dit is deur God ingestel as 'n skeppingsordinansie wat in 'n monogame onverbreekbare huweliksverbintenis, waarin die Godgegewe liefde sentraal staan, moet kulmineer.

2. Die huweliksgemeenskap is alomvattend. Dit gaan om 'n totaal-gerigtheid van man en vrou op mekaar. Dit vra die wedersydse inset en oorgawe van die totale mens. Hierdie totaal-gerigtheid vind uitdrukking in die ware (agapé) liefde (Ef. 5:22-23).
3. Die huwelik is monogaam. Wesentlik het ons hier te doen met die verbintenis tussen een man en een vrou. God het aan Adam net een vrou gegee en Eva aan net een man gebind. (Matt. 19:4-9) Telkens vergelyk God die huwelik met die verhouding tussen Hom en Sy gemeente (Jes. 54:4-6 en Ef. 5:22-33) en in hierdie verhouding gaan dit om een God en een gemeente. Onkuisheid en veelwywery was 'n gevolg van die sonde. Die ware liefde is altyd eksklusief.
4. Die huwelik is 'n lewenslange (onverbreekbare) verbintenis. "Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie" (Matt. 19:6). Die huwelik is in sy wese onontbindbaar (Rom. 7:2). Verskille wat binne die huwelik mag ontstaan, mag nie aanleiding gee tot egskeiding nie, maar moet deur biddende opsien tot die Here opgelos word. Prinsipiëel bestaan daar geen gronde waarop die huwelik ontbind kan word nie. Wanneer een van die egliede egter owerspel pleeg (dit wil sê geslagsgemeenskap het met iemand anders as sy eie huweliksmaat) is dit reeds sodanige verbreking van die huweliksband (liefdesband) wat aanleiding kan wees dat die onskuldige ook die verbreking daarvan mag (nie moet) aanvaar (Matt. 19:9).

Wanneer 'n ongelowige in 'n huweliksverbintenis van 'n gelowige om geloofsredes wil skei, is die gelowige vry om die ongelowige te laat skei (1 Kor. 7:15).

5. Die liggaam en die seksuele is 'n gawe van God. Geslagsgemeenskap is gereserveer vir die huwelik en daarom word geslagsgemeenskap buite die huwelik as hoerery beskou.
(1 Kor. 7:2)

---o0o---

HOOFSTUK 3

DIE HOOFMOMENTE VAN DIE MENS SE INTIEME LIEFDESLEWE VOLGENS DIE HEILIGE SKRIF

1. GODS GEBOD OOR LIEFDESVERHOUDINGE MET BESONDERE VERWYSING NA DIE SEWENDE GEBOD

1.1 "JY MAG NIE EGBREEK NIE". EXODUS 20:14

Aangesien die wet van God die mens se hele lewe raak, ag Hy dit ook goed om 'n vaste reël vir die sedelike lewe en in besonder vir die geslagslewe van die mens te stel omdat: "onze kennis van goed en kwaad volstrekt afhankelik (is) van het goddelijk noemen". (Koopmans, 1946, p. 5)

Die gebod geld egter nie net vir die sedelike gedrag van die mens binne die huwelik nie, maar het ook betrekking op die sedelike gedrag vóór die huwelik. Oort (1853, p. 100) sê: "In beginsel is dan ook geen verschil tussen ontrouw in het huwelik en ontrouw in jonger jaren, en zij die losbandigheid in ongehuwden staat verdedigen, kunnen nooit volkomen ernst maken met 'Gij zult niet echtbreken'. Alle overspel en ontucht wordt ten eenenmale veroordeeld, droevige tegenganger van geoorloofde, reine liefde tussen man en vrouw".

Die sewende gebod leer ook volgens Marais (1978, p. 203) dat alle onkuisheid deur God vervloek is (Lev. 18:28) en dat ons daarom van harte vyande daarvan moet wees (Judas 23) en kuis en ingetoë moet lewe (1 Thess. 4:3-5),

of dit in die heilige staat van die huwelik is of daarbuite.
(Hebr. 13:4; 1 Kor. 7:7; H.K. 108)

1.2 DIE DOEL VAN DIE HUWELIK IN DIE LIG VAN DIE WET VAN GOD

Vraag 109 van die Heidelbergse Kategismus brei verder hierop uit: "Verbied God in hierdie gebod nie meer as egbreuk en dergelike skandelikhede nie?" Die antwoord hierop lui: "Omdat ons liggaam en siel tempels is van die Heilige Gees; daarom wil Hy dat ons altwee suiwer en heilig moet bewaar; daarom verbied Hy alle onkuise dade, gebare, woorde, gedagtes, luste en wat die mens daartoe kan verlei".

Uit hierdie uiteensetting van die sewende gebod kan daar volgens De Bruyn (1976, p. 51) vier afleidings of doelstellingen onderskei word, naamlik:

1.2.1 Die Eer van God moet daardeur bevorder word

Die gelowige se hele lewensbeskouing moet staan in die lig van: "Soli Deo Gloria". Die huwelik kan ook hierby ingesluit word. Paulus sê in 1 Kor. 10:31: "Of julle dan eet of drink of enig= iets doen, doen alles tot verheerliking van God".

Bavinck bevestig hierdie siening (Drogendijk, 1949, p. 41) as hy sê: "Beiden, man en vrouw, staan dus met hun onderskeidene gaven in één

heiligen dienst, volbrengen één dure roeping,
arbeiden aan één Goddelijk werk".

1.2.2 Man en vrou moet vir mekaar in die huwelik 'n
hulp wees in alle sake van die aardse en die
ewige lewe (Gen. 2:9)

Op grond van bogemelde blyk dit dus dat die hu=
weliksgenote op tydelike of aardse gebied tot hulp
moet wees, maar veral ook in dié sake betreffende
die ewige lewe en alles wat daarmee saamhang, bv.
godvrugtigheid, geestelike groei en bystand.

God het twee mense verbind sodat hulle saam één
lewe van liefde sou lewe, op sowel tydelike as
geestelike gebied. Wielenga (1936, p. 130) beklem=
toon die hulp op geestelike gebied, as hy sê:
"Maar voornaamste doel is de geestelijke steun.
Het jagen naar, het bouwen aan het eeuwige le=
ven het huwelijk is in beginsel de kerk;
de gemeenschap tusschen man en vrouw is de
eerste openbaring van de gemeenschap der heili=
gen Het huwelijk is door God ingezet;
het weerspiegelt iets van Zijn wezen, van Zijn
deugden; het is voorbereiding, opvoeding tot
het leven bij God Verrukkelÿk is de
heerlijkheid van die werk Gods, zoals het in de=
ze tweevoudige ontplooiing en wederzijdsche hulp
openbaar wordt".

1.2.3 Deur die huwelik moet kinders voortgebring word sodat daardeur die menslike geslag en in besonder die kerk van die Here in stand gehou en uitgebrei mag word (Gen. 1:28)

Koopmans (1946, p. 55) druk die verantwoordelike=heid ten opsigte van die voorplanting binne die huwelik soos volg uit: " tot het huwe=lijk behoort de aanvaarding van de verantwoorde=lijkheid voor het nageslacht. Het boeiend en be=korend spel der geslachten, dat God den kinderen der menschen te spelen gegeven heeft, staat niet op zichzelf, en worde niet losgemaakt van de ver=antwoordelijkheid. En waar het ons onthouden wordt, kinderen te ontvangen, daar zij de ernst in de vreugde der getrouwen slechts te grooter".

Veldkamp (s.j., p. 201) toon aan dat die huwelik in sy diepste wese ook 'n skeppingsordinansie is waardeur God, wat self die eerste mensepaar ge=skep het, "nu alles het ware een deel van Zijn skeppingsmacht overdraagt aan de mens, daar te gebieden: weest vruchtbaar; stelt u met uw lichamen in Mijn skeppingsdienst, om het menselijk geslacht te bouwen, opdat Ik Mijn doel met de wereld bereike".

Op grond van bogenoemde stellings is dit dus duidelik dat God dit so wil dat die mens binne die huwelik moet voortplant - nie net ter uitbou=

ing van die menslike geslag nie, maar bowenal ter uitbreiding van sy kerk op aarde. Hiermee hang ook ten nouste saam die verantwoordelikeid van die ouers om, as die Here aan hulle kinders skenk, die kinders in die vrese van die Here op te voed en sodoende nuttige burgers van kerk en staat, met Gods hulp, te help vorm.

Wielenga (1936, p. 137) konstateer: "De bouw van het gezin, de groei van het geslacht, is 'n uitbreiding van de heilige, algemene, Christelike kerk, die de Zone Gods van het begin tot het einde vergadert. Individueel gaan er kinderen des Verbonds verloren, maar 'het zaad des Verbonds' als zodanig blijft en vult straks den nieuwen hemel en die nieuwe aarde".

Dit is dus die plig van verbondsouers om hulle kinders as kinders van die verbond op te voed, soos dit ook in die doopformulier gestel word: "Terwyl die Doop dan nou in die plek van die Besnydenis gekom het, moet die kinders as erfgename van die ryk van God en van Sy verbond gedoop word. En die ouers sal verplig wees om hul kinders, as hulle opgroei, hieromtrent breedvoerig te onderrig".

1.2.4 Die huwelik moet 'n vesting of bolwerk wees teen ontug en hoerery

Alle onkuisheid word deur God vervloek. Lev. 18 en Deut. 13-30 bevat talle opdragte met hierdie strekking. Ook die Spreukedigter besing die eksklusiwiteit van die huwelik as hy telkens in sy liefdesgedigte na één man en één vrou verwys.

Die apostel Paulus beklemtoon in sy brief aan die Korinthiërs (1 Kor. 7:2) die noodsaaklikheid dat elke man sy eie vrou sal hê en dat elke vrou haar eie man sal hê sodat daar nie hoerery plaasvind nie.

1.2.4.1 Alle onkuisheid is deur God vervloek

Volgens Barnard (1978, p. 240 vv.) word onkuisheid toegelig vanaf drie kante:

- i) Die oordeel van God oor onkuisheid.
- ii) Die roeping tot kuisheid.
- iii) Die vermyding van onkuisheid.

i) Gods oordeel oor onkuisheid

Volgens Gen. 19 is die stede Sodom en Gomorra verwoes omdat die grofste dade van onkuisheid daar hoogty gevier het.

In Lev. 12:15 en 18 word aan Israel die kuisheids- (reinheids-) wette ge-

gee. In wese is dit nie net 'n groep wette wat die mens tot kuisheid vermaan nie, maar volgens Koopmans (s.j., p. 54): "..... staat (Gods Wet) tussen het huwelijk en alle onkuisheid". God wil die seksuele lewe dus beperk tot die grense van die huwelikslewe (Kroeze, 1979, p. 92) en daarom verklaar Paulus ook in 1 Kor. 6:10 dat geen egbrekers, hoereerders, wellustelinge of sodomiete die koninkryk van God sal beërwe nie.

Omrede die mens na liggaam en siel 'n tempel van God is, moet dit suiwer, rein en heilig gehou word, anders kom dit neer op veragting van die Heilige Gees. Daarom mag ons nie die tempel van God verontreinig deur hoerery nie. Vergelyk 1 Kor. 6:18: "Vlug vir die hoerery".

Die sewende gebod geld nie net vir getroudes nie, maar ook vir ongetroudes, omdat "die vloek ook hulle (tref) wanneer hulle toegee aan onkuisheid". (Barnard, 1978, p. 240)

ii) Die roeping tot kuisheid

Volgens Otto A. Pypers (Haitjema, 1962, p. 269) is: "Kuisheid eerbied voor de heiligheid van het mysterie van de sexe. De kuisheid heeft te maken met die kant van het menselijke seksuele leven, waardoor dit zich ten principieelste onderscheidt van het geslachtsleven van de dieren. Omdat de mens - en hij alleen - naar het beeld van God is geschapen, vraagt zijn lichamelikhed om heilighed".

Lev. 11:44 beklemtoon hierdie heilighed: "Want Ek is die Here julle God: toon dan dat julle heilig is en wees heilig, want Ek is heilig"

In 1 Kor. 6:15 benadruk Paulus hierdie roeping tot kuisheid as hy sê: "Weet julle dan nie dat julle liggame lede van Christus is nie? Sal ek dan die lede van Christus neem en dit lede van 'n hoer maak?"

In die lig van die voorgaande is dit dus duidelik dat God ons beveel om kuis te lewe.

iii) Die vermyding van onkuisheid

Nie alleen eksplisiete onkuise daade soos hoerery moet vermy word nie, maar ook alles wat volgens die Kate=gismus aanleiding kan gee tot onkuis=heid bv. dans, te "warm" vryery, vuil en suggestiewe grappe en praatjies, slegte boeke en tydskrifte, onsedelike films, slegte vriende, uitlokkende en uitdagende kleredrag, ens. (Sien hfst. 4 vir volledige bespreking van bogemelde.)

1.3 SELFBEHEERSING EN KUISHEID VOOR DIE HUWELIK

1.3.1 Verlowingstydperk

Die Bybelse betekenis van die woord "verlowing" verskil enigermate van die moderne betekenis van die woord.

Volgens die Bybel het die huwelik as wettig gegeld nadat die suksesvolle onderhandelinge tussen die betrokke partye tot 'n ooreenkoms gelei het. Die huwelik was egter nog nie gekonsumeer nie, in dié sin dat die man die vrou nog nie "geneem" en by haar "ingegaan" het nie.

Die verlowing het dus as die eerste stadium van die huwelik gegeld. Uit die geskiedenis van Josef en Maria blyk dit dat toe Maria swanger bevind is, Josef in die geheim van haar wou skei (Matt. 1:18,19). Hieruit kan afgelei word dat die verlowing net so bindend as die huwelik gegeld het omdat albei slegs deur egskeiding beëindig kon word. (Fensham, 1976, p. 193)

Bepaalde wetgewing in die Ou Testament reël ook die verlowing. So word dit in Deut. 20:7 bepaal dat 'n man wat aan 'n vrou verloof is en haar nog nie "geneem" het nie, van krygsdiens vrygestel word.

Deut. 22:23-27 bepaal die optrede indien 'n verloofde vrou verkrag word.

Die moderne verlowing toon egter bepaalde verskille met die Bybelse verlowing. Onder die gebruikelike betekenis van die woord verstaan ons "die formele (of) die "amptelike" verhouding tussen twee jong mense, wat mekaar in opregte en oortuigde liefde die "ja-woord" gegee het met die oog op 'n huwelik". (Van der Merwe, 1967, p. 73)

Aangesien slegs die huwelik deur God ingestel is, kan die verlowing nie as 'n instelling van God beskou word nie. Daarom is daar tydens die verlo-

wing geen sprake van enige aanspraak op die so-
genaamde huweliksregte nie. Knap (1930, p. 69)
sê in dié verband: "Luistert niet naar de vonden
van den grooten leugenaar, wanneer hij u wijs
maakt, dat de verlowing zoveel als een huwelijk
voor God is, en dat de intieme omgang u dus in
meerdere of mindere mate geoorloofd is.

Nergens, nergens' heeft de mond der waarheid zul-
ke gruwelijke dingen gezegd. Gods Woord zegt
integendeel, dat elke seksuele omgang en wat er
mede samehangt, zonde is zolang de ecth niet
openlijk gesloten werd, en dat men eerbied voor
den man of de vrouw zijner keuze moet hebben".

Alhoewel die verlowing nie so bindend as die huwe-
lik is nie, mag dit nie ligsinnig en onverantwoorde-
lik benader word nie, omdat dit die voorspel tot
die huwelik is. Die verlowing is as't ware die voor-
portaal tot die huwelik en daarom is die aangaan van
'n verlowing 'n ernstige saak wat biddend deur die
gelowige benader moet word. Die gelowige moet ook
in hierdie stap wag op die leiding van God en daar-
om is die keuse van 'n toekomstige egmaat baie be-
langrik.

Die verlowing dien nie net om mekaar beter te leer
ken met die oog op die toekomstige huwelik nie,
maar ook om te ervaar wat die Wil van God is -
of God dit wil dat daar met die verlowing voort=

gegaan word en dat dit sal uitloop op 'n huwelik al dan nie. (Venter, 1978, p. 76)

Die Christelike verlowing moet ook gekenmerk word deur openhartigheid ten aansien van religieuse sake. Op geestelike gebied moet die verloofdes kom tot 'n evaluering van hulle godsdiensoeskouing en lewenswaardes. Dit is vanselfsprekend dat hulle oor die diepere geestelike waardes eenstemmigheid sal moet bereik om van die latere huwelik 'n sukses te maak. In 2 Kor. 6:14 beklemtoon Paulus dat die gelowige nie in dieselfde juk as die ongelowige trek nie.

1.3.2 Voorhuwelikse Vriendskap

Volgens die Heidelbergse Kategismus moet die mens kuis en heilig lewe in die huwelikstaat of daarbuite. (Sondag 41, vraag 108)

Dit veronderstel dan ook dat voorhuwelikse vriendskap kuis en heilig moet wees.

Alhoewel die Bybelse situasie ten opsigte van die vrye verkeer van teenoorgestelde geslagte vóór die huwelik grootliks van die moderne situasie verskil, toon die Bybel tog aan hoe hierdie omgang moet wees.

Olthuis (1976, p. 55) wys daarop hoe die huidige situasie ontwikkel het: "Over the centuries men

developed many patterns for selecting mates, but none of them prefigured our modern practice of allowing a single girl to go out alone with a young man. In earlier, relatively stable societies parents selected suitable mates, or a young man chose a wife from among the circle of friends he had come to know at chaperoned evenings in the family parlour or at meetings at church. Before the 1920's a young man and a woman were very seldom alone together". Voorts toon hy aan hoe die situasie verander het en in so 'n mate ontwikkel het dat verliefdes sonder enige toesig vryheid van beweging het.

Aangesien die Woord van God op alle lewensterreine geld, toon Hy ook aan hoedanig dié sedelike gedrag van ongetroudes teenoor mekaar moet wees.

Maagdelikheid word in die Bybel baie hoog aangeslaan soos blyk uit die betrokke wetgewing in Deut. 22:20,21 22-24. Hiervolgens word voorhuwelikse geslagsomgang as hoerery bestempel en word die doodstraf vir die oortreding van die gebod opgelê.

De Klerk (1967, p. 67 vv.) voer die volgende redes aan waarom voorhuwelikse vriendskapsverhoudings rein en kuis moet wees:

1.3.2.1 Die sin en doel van die seksuele moet gerig wees en vervul word in die liefdes=
gemeenskap tussen één man en één vrou,
wat deur verskillende fases van ontwikke=
ling eers binne die huwelik kulmineer in
voltooide geslagsgemeenskap

Op grond hiervan word enige vorm van seksualiteit sonder 'n liefdesverhouding bestempel as hoerery. Selfs al sou geen voltooide seksuele gemeenskap plaasvind nie, is enige vorm van seksuele vertroeteling sonder dat daar liefde by die saak betrokke is, hoerery.

Hoerery is verwerplik omdat dit 'n oortreding van die Wet van God is; verwerplik omdat dit teen die liefde vir die naaste as Godgegewe gawe en gebod indruis en omdat hoerery neerkom op verdierliking. Spreuke 6:20-7:27 waarsku teen hoerery en toon aan dat die persoon wat hom of haar gee vir hoerery nie ongestraf sal bly nie. In dieselfde trant waarsku 1 Kor. 6:12-20 ook teen hoerery deur daarop te wys dat die mens as tempel van God, die Here ook met sy liggaam moet dien en verheerlik.

Die afleiding kan dus gemaak word dat elke een wat hom of haar vir seks gee sonder 'n liefdesverhouding, 'n hoer is.

1.3.2.2 Voltooide geslagsgemeenskap mag nie voor die huwelik plaasvind nie; al is daar 'n sterk liefdesband teenwoordig

Aangesien voltooide geslagsgemeenskap 'n ingrypend intieme saak is, kan dit alleen tot sy volle reg kom binne die huwelik, wat 'n onverbreekbare en permanente verhouding is. Die uiteindelijke doelwit van geslagsgemeenskap is bevrugting en die geboorte van 'n kind. Omrede voortplanting deur God aan die huwelik gebind word, mag voltooide geslagsgemeenskap dus ook slegs binne die huwelik plaasvind.

1.3.2.3 A - Seksualiteit vóór die huwelik word afgewys

Die liggaamlike aantrekkingskrag is deel van die verhouding - as sodanig is die seksuele ook teenwoordig - daarom is dit 'n potensiële liefdesverhouding en nie slegs 'n platoniese of vriendskapsverhouding nie.

Omrede die seksuele so 'n groot ontwaken=de krag by die jongman of meisie is, is dit onmoontlik dat hulle a-seksueel ingestel sou wees. Op grond van die ontwikkelende seksuele drang by die jongmens is dit natuurlik dat daar vertroeteling sal wees, maar die vertroeteling moet altyd

verband hou met die ontwikkelingsfase van die verhouding. Die vertroeteling mag egter nooit die hoofinhoud van die verhouding wees nie, anders vervlak die verhouding tot 'n blote seksverhouding.

Die vertroeteling mag egter nie te intens of te intiem word nie, aangesien dit nie sy vrye loop na die voltooide geslagsgemeenskap mag neem nie.

Soos Trobisch (1979, p. 30) aantoon, is dit baie moeilik om te bepaal hoever die vertroeteling mag gaan. Hy stel egter dié algemene riglyn: "Dit word baie moeilik om op te hou wanneer mense begin ontwikkel of saam gaan lê". Daar kan ook bygevoeg word dat jongmense alle situasies wat tot oormatige intimiteit kan lei, moet vermy.

Die argument dat voltooide geslagsgemeenskap vóór die huwelik uit liefde geskied, hou nie water nie. Th. Delleman (s.j., p. 91) sê: "Liefhebben is egter bedacht zijn op het welzijn van de ander. Het is in strijd met de liefde om bevrediging van seksuele verlangens te stellen boven het welzijn van de liefde. Dit betekent

onthouding van de seksuele gemeenskap. Deze hoort tot het geheel nuwe dat met het huwelik begint".

Olthuis (1976, p. 53) maak die interessante stelling as hy sê: "Strictly speaking, two people who pledge troth and seal it with physical intercourse are married. At the same time, since public acknowledgment is part of the marital pledge of troth, they are anticipating what is not rightly theirs In a real sense, there is no such thing as premarital intercourse".

Die apostel Paulus se bekende uitsprake in 1 Kor. 7:36, nl: "As iemand meen dat hy teenoor sy verloofde onbehoorlik handel deur nie te trou nie, en sy begeerte te sterk word en hy voel dat hulle behoort te trou, laat hom dan doen wat hy graag wil: laat hulle gerus trou. Dit is nie verkeerd nie", - veronderstel dat geslagsgemeenskap slegs binne die huwelik mag plaasvind. Aansluitend hierby het 1 Kor. 7:9 dieselfde strekking as Paulus raad gee aan die ongetroudes en weduwees: "Maar as hulle nie in onthouding kan leef nie, moet hulle trou, want dit is beter om te trou as om deur hartstog verteer te word."

2. DIE KEUSE VAN DIE REGTE HUWELIKSMAAT

2.1 NEGATIEWE MOTIEWE

Dit gebeur dikwels dat 'n huwelik aangegaan word met sekere bymotiewe voor oë. Sommige van die bymotiewe word hier kortliks bespreek.

2.1.1 Die Ekonomiese Motief

Huwelike ter wille van geld of sosiale status is geen seldsaamheid nie. Dit kan bv. gebeur dat 'n jongman sy uiterste bes doen om die hand van 'n ryk jong meisie te wen, nie omdat hy haar opreg liefhet nie, maar omdat die moontlikheid bestaan dat sy eendag baie sal erf. Dié dryfveer word ook soms by ouers aangetref wat hulle daarvoor beywer dat hulle kinders geldhuwelike sal sluit. Hiervan sê Cronjé (1978, p. 27): "Waar geldmotiewe die botoon voer, is dikwels - nee, gewoonlik of in die reël - onopregtheid, oneerlikheid en selfs bedrog in die spel".

Dit is te betwyfel of 'n meisie met 'n man sal trou as sy weet dat hy slegs ter wille van haar geld met haar trou.

Die uitdrukking "trou vir geld en werk vir liefde" kan beslis nie in die praktyk standhou nie.

2.1.2 Fisieke Motief

Fisieke aantreklikheid is ook 'n faktor by die huwelikskeuse. As liggaamlik-geestelike wese tree ook die persoon van die mens sigbaar na vore, in 'n bepaalde konkrete vorm. Elke mens het bepaalde liggaamlike eienskappe wat bv. betref bou, vorm, kleur, gelaatstrekke ens. In die huwelikskeuse gaan dit ook om die liggaamlike voorkoms.

Hier moet egter onderskei word tussen die masker, die popgesiggie, die opgesmukte, die kunsmatige haartooisel en die werklike, die wesenlike mens. Volgens Van der Merwe (1967, p. 75) kan die vraag gevra word of die meisie nog "mooi" sal wees ná die troue as haar statistiek - weens gewigstoename of swangerskap - nie so simmetries bly nie.

Wanneer die fisieke aantreklikheid die hoofmotief in die huwelikskeuse is, is die huwelik se kans op sukses uiteraard skraal. Dit word bewys deur die spreekwoord uit die volksmond: "Skoonheid vergaan, maar deug bly staan".

2.1.3 Trou om Getroud te wees

Sommige persone kan dit nie verdra om uit die mode te wees nie en daarom trou hulle omdat hulle vriende of vriendinne trou. Hulle meen ook dat die huwelik 'n bepaalde sosiale status bied en dat hulle as

ongetroudes 'n agterstand het en sosiaal minderwaardig is. (Cronje, 1978, p. 28)

'n Huwelik wat om hierdie rede aangegaan word, het beslis nie veel kans op sukses nie. Om slegs te trou omdat gemeen word dat elke man 'n vrou móét hê (en andersom) getuig van gebrekkige insig. Die huwelik is nie iets wat 'n mens kan aangaan om in die mode te wees nie. Dit kan alleen aangegaan word as die motief van egte, omvattende liefde teenwoordig is. 'n Mens kan nie trou omdat jy die huwelik begeer nie, maar omdat jy die mens met wie jy wil trou, begeer! (Du Toit, 1982, p. 44)

Bogenoemde is slegs enkele van die byderwetse en gewildste bymotiewe wat rondom die huwelikskeuse aangetref word.

2.2 POSITIEWE FAKTORE BY DIE KEUSE VAN DIE REGTE HUWELIKSMAAT

Afgesien van die opvoedkundige, intellektuele, mediese, rasse- en kulturele oorwegings word vir die doel van dié studie slegs volstaan by drie van die belangrikste faktore, nl. die geloofsfaktor, die liefdesfaktor en die psigiese faktor.

2.2.1 Geloofs faktor

Volgens Cilliers en Joubert (1968, p. 144) is die algemene patroon by die keuse van 'n huweliksmaat sodanig dat dit homogamie in die hand werk - dit wil sê dat die huweliksmaats oor die algemeen "eners" is. Dus is dit ook baie belangrik dat mense van dieselfde geloofsoortuiging met mekaar trou.

Wolfensberger (1952, p. 74) wys daarop dat geloofsverskille in die huwelik probleme veroorsaak: "..... wanneer de ander niet tot dezelfde kerk behoort, de onverkwikkelijke strijd, die vaak in het gemengde huwelijk gestreden wordt, vele jonge mensen tot een waarskuwing zijn Daar het huwelijk een totale levensgemeenschap is, moet het gemis aan geestelijk contact in de diepste levensvragen een zware belemmering zijn voor een gelukkig huwelijk".

Van Zyl (1982, p. 51) wys daarop dat die kerkaspek veral werklik belangrik word as daar kinders is wat gedoop en kerklik opgevoed moet word. As daar oor hierdie saak nie eenstemmigheid is nie, kan dit baie spanning in die huwelik veroorsaak.

Dié saak word ingrypend vererger as een van die huweliksgenote 'n ongelowige is.

Volgens Marais (1978, p. 226) maak die huwelik tussen 'n gelowige en 'n ongelowige die huwelik uiteraard 'n bespotting. Daarom skryf Paulus: "Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie". (2 Kor. 6:14-18; vgl. ook Deut. 22:10) God het van die begin af die man en vrou geskape sodat hulle bymekaar sal pas (Gen. 2:18). In 1 Kor. 7:12-14 word dan ook bepaalde voorskrifte gegee vir gevalle waar net die man tot geloof kom, maar nie sy vrou nie.

Van der Merwe (1967, p. 77) toon aan dat die liefde tot die mens nie allesbeheersend is nie, maar wel die liefde tot God en die kerk wat Hom op die Heilige Skrif grondves. Geloofsoortuiging en kerkverband is verder belangrik omdat die verbondsfolk van God, die gemeente van Christus, in die eerste plek deur die geboorte van kinders uit gelowige ouers gebou moet word.

2.2.2 Persoonlike Liefde as Basis van die Huwelik

Die geloof in God en die persoonlike liefde van die man en vrou vir mekaar is die belangrikste voorvereiste vir die huwelik.

'n Skriftuurlike benadering van die huwelik moet begin by die persoonlike liefde wat die egliede vir mekaar het. Die man en vrou se liefde moet so sterk wees dat hulle 'n eenheid word. Die

binding tussen man en vrou is so sterk dat dit die bloedband wat tussen ouer en kind bestaan oorska= du. (Helberg, 1978, p. 2)

Cronje (1978, p. 30) wys ook op die verskil tussen blote verliefdheid en ware, opregte liefde: "Nie blote verliefdheid nie, maar alleen opregte liefde kan aan die huwelik 'n duursame grondslag besorg. Wanneer die oorweldigende verliefdheidseemosie afkoel en die egpaar voor die alledaagse lewenswerklikheid te staan kom, sal die ontnugtering sekerlik volg en daar sal dan ook nie veel oorbly waarop die egte= like verhouding kan berus nie".

Elders in dié studie word die saak indringend bespreek.

2.2.3 Die Psigiese Faktor

Die uitdrukking: "op dieselfde golflengte" word dikwels gebruik om hierdie saak te illustreer. In die huwelikskeuse moet beslis ook gelet word op die feit of die twee persone geesgenote is.

Die Skepper het in elke mens 'n natuur gelê wat sekere mense aantrek en andere koud laat. Volgens Marais (1978, p. 216) moet die innerlike, die totale persoonlikheid van die ander party, sy ge= aardheid, karakter, aanleg en deugde ontdek en

waardeer word. Die ander party se temperament - of hy/sy emosioneel of beredeneerd, voortvarend of beheers, flink of lusteloos, doelgerig of besluiteloos optree - is alles aspekte wat aanpassing laat vlot of verongeluk.

3. VERHOUDING TUSSEN MAN EN VROU IN DIE HUWELIK

Die verhouding tussen man en vrou in die huwelik moet een wees van liefde, van agting en begrip.

Hierdie verhouding kan slegs suiwer wees as albei die partye betrokke belydende en praktiserende Christene is. Dan ook nie net Christene in die breëre betekenis van die woord nie, maar ware gelowiges.

Efesiërs 5:25 stel die aardse huwelik as 'n afskaduwing van die verhouding tussen Christus en Sy kerk: "Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het".

Genesis 2:18 lui: "Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas" en "..... man en vrou het Hy hulle geskape" (Gen. 1:27). Die diepste sin en betekenis van die huwelik lê dus daarin dat man en vrou mekaar afrond en aanvul. Hulle is vir mekaar bedoel in dié sin dat hulle by mekaar moet pas. Uit Gen. 2:24 is dit duidelik dat man en vrou "een vlees" sal wees. Dié begrip geld nie net vir die fisieke nie, maar ook vir die geestelike sy van hierdie intieme verhouding.

In die lewe van die ware gelowige is die geloof die bepalende faktor. Daarom kan die ware gelowige nie "een vlees" in sy volle eksistensie word met die ongelowige, andersdenkende of volksvreemde nie. Hierdie opvatting vind ons in 2 Kor. 6:14 wanneer Paulus eksplisiet oor hierdie saak spreek: "Moe= nie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis?"

3.1 GESLAGTELIKE VERKEER

Die huwelik is gebaseer op die seksonderskeid tussen man en vrou wat deur God self daargestel is. Sonder die onderskeid in geslag kan daar nie van 'n huwelik gepraat word nie. Omrede die mens 'n beelddraer van God is, "paar" mense nie soos diere nie.

Van der Merwe (1967, p. 93) onderskei drie aspekte in die mens se geslagsdrang:

3.1.1 "Fisiologies besien, is dit 'n ontspanningsdrif; 'n drang na die liggaamlike, seksuele bevrediging.

3.1.2 Psigologies staan dit in verband met die geslagshormone, is dit 'n toenaderingsdrif, 'n drang na eenwording met die geliefde.

3.1.3 Biologies besien is dit 'n voortplantingsdrif, 'n drang wat dien tot instandhouding van die mens=like geslag".

Die begrip van "een vlees" suggereer liggaamlike intimiteit en hierdie eenheid behoort sonder enige inhibisies te wees: "En hulle was altwee naak, die mens en sy vrou, maar hulle het hul nie geskaam nie". (Gen. 2:25)

Timmons (1979, p. 9) verklaar die naaktheid soos volg: "Dit is meer as net 'n beskrywing van mense sonder klesse. Dit is eerder 'n voorskrif vir totale kommunikasie in die huwelik : dit moet 'n intieme verhouding sonder stremming van enige aard wees, op liggaamlike sowel as geestelike gebied".

Die totale kommunikasie in die huwelik is egter slegs moontlik as dit gepaard gaan met liefde. Sikkels (Drogendijk, 1949, p. 28) sê: "De liefde, de ware echte, persoonlike liefde, waarmee man en vrouw elkander kunnen liefhebben, die liefde alleen is in staat het huwelijk waarlijk te beleven, die liefde alleen ontsluit het ware huwelijksgeuk".

Die huweliksliefde omvat egter meer as net sinnelike liefde. Die ware huweliksliefde is gerig op die hele mens, omdat die man of die vrou onvolledig is en dus soek na bevrediging, na aanvulling en na voltooiing. (Drogendijk, 1949, p. 28)

Die Bybel gebruik die woord beken om geslagsgemeenskap aan te dui: "En die mens het sy vrou Eva beken". (Gen. 4:1) Die woord "beken" hang ten nouste saam met die woord

"ken". Adam het vir Eva geken, dit wil sê "hy neem wat sy hom bied, hy neem haar. Hy kén haar. Die oorspronklike Hebreeuse woord wat hier gebruik word, plaas die geslagtelike gemeenskap op 'n hoër plan as net die vervulling van natuurlike drange". (Kroeze, 1979, p. 21)

Uit die woord "beken" kan verder afgelei word dat "geslagsgemeenskap slegs bedoel is vir hulle wat mekaar waarlik in die huwelik leer ken het soos twee persone mekaar op geen ander wyse leer ken nie en mekaar as Godgegewe eggenote erken". (De Bruyn, 1976, p. 53)

Volgens 1 Kor. 6:16 en Ef. 5:31 word die man en vrou "een vlees" en mag dit slegs binne die huwelik geskied.

3.2 SONDE EN DIE HUWELIK

Omrede die sonde die mens in sy totaliteit aangetas het, het ook die huwelik in hierdie gebroke eksistensie nie onaangetas gebly nie. Van die huwelik sê Veldkamp (s.j., (4de druk) p. 199): "Het is er niet geheel ongeschonden uit te voorschijn gekomen, want niets is in deze zondige wereld nog helemaal gaaf, en ook aller= mooiste dingen zijn door de vuile adem der zonde be= wasemd. Reeds het eerste huwelijk ging kapot, toen Adam zijn vrouw niet eens meer bij haar naam wilde noemen, en haar bij God aanklaagde, als 'die vrouw, die Gij mij gegeven hebt', Het behoeft nouwelijks te

verwonderen dat, waar in het paradijs het heilig huwelijk al zo 'n deuk kreeg, straks buiten het paradijs met name in de onheilige linie een Lamech uitroept: 'laat ons de huwelijksbanden verscheuren' en sindsdien is er een stroom van zedelijk vuil over de aarde uitgegoten".

De Klerk (1967, p. 70) sê: "Deur die sonde is ook die seksuele sodanig aangetas dat dit wegding uit die raamwerk van die liefdesverhouding om in allerlei vorme te ontwikkel in blote sinlike luskontak".

3.2.1 Egskeiding

Egskeiding is ook die gevolg van die sonde. God wil nie hê dat daar egskeiding moet plaasvind nie, trouens die Bybel sê dat God egskeiding haat (Mal. 2:16): "Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie" (Matt. 19:6b). By die vraag oor die skeibrief (Matt. 19) antwoord Jesus dat Moses weens die hardheid van die mens se hart wel in sekere gevalle egskeiding toegelaat het, maar dat dit van die begin af nie so was nie.

Die onverbreekbaarheid of onontbindbaarheid van die huwelik staan egter wel op die voorgrond. Jesus sê in Matt. 19:9 nie dat die mens moet skei nie, maar daar kan wel 'n egskeiding plaasvind sonder dat die onskuldige deur die egskeiding hom of haar besondig voor die Here. (Du Toit, s.j., p. 78)

Volgens Rinzema (1972, p. 135) mag die Christen nie vra of hy mag skei nie "maar hoe hij zijn huwelijk kan houden Wanneer man en vrouw zo met elkander verkeren, zoals Christus en de gemeente met elkaar verkeren, dan ontstaat er een band, die onverbrekelyk is, en komt de vraag naar de echtscheiding zelfs niet binnen de horizon".

4. BELANGRIKE PROTESTANTS-CHRISTELIKE GESIGSPUNTE OOR DIE HUWELIK

4.1 AMPTELIKE STANDPUNT VAN DIE DRIE AFRIKAANSE KERKE

4.1.1 Die Nederduits-Gereformeerde Kerk

Die standpunt van die Nederduits Gereformeerde Kerk is dat die huwelik as 'n heilige instelling van God Drieëinig beskou moet word en dat dit 'n lewens= lange verbintenis van een man met een vrouw is. (1949, p. 186) Op die derde vergadering van die Algemene Sinode is tot die gevolgtrekking gekom (1970, p. 623) dat die Christelike huwelik gesluit word:

- i) Tot eer van God;
- ii) tot wedersydse hulp en die verwesenliking van die innigste lewens- en liefdesgemeenskap tussen die man en sy vrou;

- iii) Tot voortplanting van die menslike geslag en
- vi) as weermiddel teen onkuisheid.

4.1.2 Die Nederduits Hervormde Kerk

Die Nederduits Hervormde Kerk het in 1978 'n voorligtingstuk aan die kerkrade gestuur waarin die volgende riglyne ten opsigte van die huwelik neergelê is. (1977, p. 1)

- i) "Die huwelik is 'n heilige saak omdat dit nie in die goëddunke van die mens gegrond is nie, maar 'n instelling en roeping van God is;
- ii) Die goddelike roeping tot die huwelik sluit nie uit dat dit 'n verantwoordelike keuse van twee mense vir mekaar is tot alles-insluitende en almal-insluitende gemeenskap;
- iii) hierdie gemeenskap is na sy wese onbreekbaar en onophefbaar vir die ganse duur van die aardse lewe en die menslike verbreking daarvan sonde;
- iv) Dit kan 'n oorsaak van groot geluk in die lewe van die egliede wees, maar dit is nie noodsaaklik vir die ewige geluk nie;

- v) Op grond van die nuwe lewe deur Jesus Christus, is ook hierdie deel van die mens se lewe, 'n lewe in dankbare gehoorsaamheid onder die gebod en die Woord van God".

4.1.3 Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

Tydens die 39ste Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika is 'n memorandum insake huwelikswetgewing, wat aan die Suid-Afrikaanse Regskommissie voorgelê is, goedgekeur.

Hierin is die volgende besluite in verband met die huwelik goedgekeur: (1961, p. 493)

- i) "Die huwelik is 'n verhouding wat deur God ingestel is en God bedoel dat dit 'n eksklusiewe (monogame), permanente (lewenslange) en samelewende (seksuele) liefdesgemeenskap moet wees.
 - a) Die huwelik is nie 'n blote kontrak nie, maar 'n Goddelike instelling of struktuur wat persone wat vrywillig in die huwelik tree deur die wet verenig en hulle word deur God self aanmekaar verbind (Matt. 19:6: "Wat God saamgevoeg het, mag geen mens skei nie").
 - b) Huweliksgenote onderwerp hulle aan die bindende eise van God se ordinansie en

hulle word daardeur aan God verplig tot getrouheid.

ii) Die doel van die huwelik is onderlinge hulp= verlening tussen man en vrou, die verwekking van kinders en die bekamping van onsedelik= heid (Gen. 1:20; 1 Kor. 7:2).

iii) Die huweliksband is kragtens Gods verordening in wese onverbreeklik en daarom is alle egskei= ding wesenlik teen die wil en verordening van God".

5. SAMEVATTING

1. Die doel van die huwelik in die lig van die wet van God kom op die volgende neer:

1.1 Die eer van God moet daardeur bevorder word.

1.2 Man en vrou moet vir mekaar in die huwelik 'n hulp wees in alle sake van die aardse en die ewige lewe (Gen. 2:9).

1.3 Deur die huwelik moet kinders voortgebring word sodat daardeur die menslike geslag en in besonder die kerk van die Here in stand gehou en uitgebrei mag word (Gen. 1:28).

- 1.4 Die huwelik moet 'n vesting of bolwerk wees teen on=
tug en hoerery.
2. Alle onkuisheid is deur God vervloek. Die mens het 'n
roeping tot kuisheid wat voor en binne die huwelik nage=
kom moet word.
3. Sonder 'n liefdesverhouding is enige vorm van seksuali=
teit gestempel as hoerery.
4. Voltooide geslagsgemeenskap mag nie voor die huwelik
plaasvind nie; al is die paartjie verloof of in 'n ernstige
liefdesverhouding betrokke. Maagdelikheid (man en vrou)
is 'n gebod van God (Deut. 22:20-23).
5. Wanneer 'n jongman en -meisie eerlik aangetrokke tot me=
kaar voel, is liefkosing (seksuele vertroeteling) in orde.
A-seksualiteit vóór die huwelik word afgewys maar die
 vertroeteling moet altyd verband hou met die ontwikkelings=
fase van die verhouding en mag nooit die hoofinhoud van
die verhouding wees nie.
6. Die keuse van die huweliksmaat moet op grond van deeg=
like kennis geskied. In die keuse van die huweliksmaat
moet daar gesoek word na "'n hulp wat by hom pas" (Gen.
2:18)

7. Die verhouding tussen man en vrou in die huwelik moet gekenmerk wees deur liefde, agting en begrip. Alhoewel die seksuele 'n baie belangrike rol speel binne die huwelik, mag dit nooit die hoofinhoud van die huweliksverbin-
tenis wees nie. Veeleer is die ware huweliksliefde gerig op die hele mens omdat die man of die vrou onvolledig is en dus soek na bevrediging, na aanvulling en na voltooiing.

Hoe moeilik dit ook al is om die liefde afdoende te omskryf is dit 'n tere en onontbeerlike geesteskrag wat mense onderling bind, veral dan as die leidende funksie van die huwelik en gesin se struktuurwet of -norm.

8. Al drie die Afrikaanse Kerke beskou die huwelik as 'n instelling van God. Hulle wys daarop dat die huwelik 'n monogame liefdesgemeenskap is wat alleen deur die dood ontbind kan word.

HOOFSTUK 4

MODERNE AFVALLIGE OPVATTINGS OOR DIE HUWELIK EN AANVERWANTE PROBLEMATIEK

1. VRYHEIDSFILOSOFIE - NUWE MORAAL

Waar die samelewing en die gemeenskapskodes vroeër gefunksioneer het as belangrike gedragsrigtende instansies wat in vele opsigte die rem was waardeur ontwikkelinge op seksuele gebied gestrem en beheer is, sien die situasie tans anders daaruit. Die huidige algemene opvatting is dat die mens nie sy seksuele lewe moet laat rig deur die sosiale gewete van die samelewing nie, maar eerder deur sy eie gewete. Die seksuele lewe word dus bepaal deur 'n persoonlike normpatroon waarin die individu die persoonlike vryheid moet hê om self te besluit wat hy/sy met sy/haar seksualiteit wil doen.

In dié verband meen Mev. Zeldenrust-Noordanus (voorsitster van die Nederlandse Vereniging vir Seksuele Hervorming) dat die individu vry moet wees om self te besluit hoe hy/sy die eie seksualiteit wil gebruik. Sy verwerp ook die kollektiewe sosiale gewete of openbare sedelikheidspatroon as 'n "ontoelaatbare verknegting van die mens en 'n belemmerende blok aan die been van persoonlikheidsontwikkeling". (Esterhuyse, 1980, p. 32)

Die vryheidsfilosofie is dan ook een van die uitlopers van die liberalisme: "Die liberalisme vra van die mens dat hy gesekulariseerd moet raak, dit wil sê: dat hy (in die woorde van

Immanuel Kant) uit sy 'selfverskuldigde onmondigheid' moet uittree en beslissinge as eie verantwoordelikheid op hom moet neem". (Degenaar, 1967, p. 36)

Bertrand Russel (1930, p. 123 vv) het reeds so vroeg as 1929 t.o.v. die sogenaamde nuwe seksuele vryheid wat tussen jongmense heers, beweer: "to my mind, wholly a matter for rejoicing, and is producing a generation of men without brutality and women without finicky fastidiousness". In aansluiting hierby postuleer hy ook dat diegene wat die nuwe seksuele vryheid teëstaan, prostitusie aanmoedig, omdat prostitusie die enigste "veiligheidsklep" vir die druk van 'n onmoontlik strengse seksuele kode is.

Russel is egter ten opsigte van bogenoemde stelling deur die geskiedenis verkeerd bewys. Die sogenaamde "nuwe vryheid" het aanleiding gegee tot seksuele wangedrag - 'n verskynsel wat wêreldwyd kommer wek by diegene wat hulle lewenshandel volgens Gods gebod inrig.

Herman Venter (1972, p. 24) laat hom as volg uit oor seksuele wangedrag en die oorsake daarvan: "Daar bestaan 'n algemene atmosfeer van losbandigheid en vryheid op seksuele gebied wat gestimuleer word deur gewaagde rolprente, swak lektuur, die prikkelende invloed van die moderne blêr-musiek, suggestiewe danse en sensuele liedjies, die slegte voorbeeld van volwassenes, die sosiale aspirasies van ouers met gevolglike uithuisigheid en verwaarlosing van die kinders, ens., in samehang met 'n verminderde krag van die godsdienst en die openbare mening".

1.1 HEDONISME

Die W A T (1961, vol. 4, p. 122) definieer die begrip hedonisme soos volg: "Die wysgerige leer van Aristip= pus en sy Cirenaïese skool, waarvolgens die verkry van individuele behoeftebevrediging, hoofsaaklik sinlike ge= not, deur rasonale keuse bepaal, as motief en doel van alle handeling beskou word en dus die sedelike waarde daarvan bepaal"

Hierdie genotsfilosofie hou dus in dat sinlike genot die dryfveer tot alle handeling is. In 'n sekere sin kan dus gepostuleer word dat die mens sy hoër geestelike waar= des ondergeskik moet stel aan die vleeslike drange wat hier en nou vervulling soek. Die afleiding kan dus ge= maak word dat die mens 'n slaaf van sy eie luste gemaak word en dat alle ander waardes verwerp moet word. Die mens handel ook volgens die rede, terwyl die godsdien= stige sedewette oorboord gegooi word. Die mens is dus slegs rationeel gebonde en nie religieus soos die Bybel ons leer nie: "Geliefdes, in die wêreld is julle vreemde= linge en bywoners. Daarom dring ek by julle daarop aan om nie aan sinlike begeertes toe te gee nie. Dit verwoes net 'n mens se lewe." (1 Petr. 2:11)

In die moderne idioom kan daar ook na die hedonisme ver= wys word as die "playboy"-filosofie. Hiervolgens is seks 'n funksie van die liggaam, 'n drang wat die mens en die dier gemeen het. Net soos eet, drink en slaap is dit 'n fisieke vereiste wat bevredig moet word, anders kan aller=

lei neuroses en- psigosos ontwikkel. Alle inibisies moet oorboord gegooi word en die man moet 'n meisie vind wat die reëls van die spel ken en niks blywend of meer verwag nie.

1.2 SAAMWOON VÓÓR DIE HUWELIK - AGAMIE

Ook die huwelik word deur die veranderende seksuele norme bedreig. Die huwelik wat gegrond is in die Bybelse waarheid word aangeval, ondergrawe; as afgedaan, uitgedien en soms selfs as belaglik voorgestel.

Vrye geslagsverkeer buite die huwelik word al hoe meer as substituuat vir die huwelik gepropageer. Die saamwonery voor die huwelik - ook bekend as agamie - neem onrusbarend toe in die buiteland, maar ook in Suid-Afrika.

"(Dit) verdien besondere aandag omdat dit op die keper beskou 'n baie gevaarlike immorele nuwe plakkerspraktijk openbaar wat tot nog toe ongekend was in fynbeskaafde Christelike gemeenskappe". (Lombard, 1980, p. 8)

Tydens die 1970 - sensusopname het 12211 blanke persone aangedui dat hulle saamwoon sonder dat hulle getroud is.

SAAMBLIERS MEI 1980 (5% steekproef 1980 sensusopname)

MANS	VROUENS	TOTAAL	
27 040	26 220	53 260	Blankes
47 820	51 120	98 940	Kleurlinge
3 160	2 780	5 940	Asiërs
274 100	270 220	544 320	Swartes

SAAMBLIERS MEI 1970

MANS	VROUENS	TOTAAL	
6 191	6 020	12 211	Blankes
39 135	41 021	80 156	Kleurlinge
2 326	2 325	4 651	Asiërs
146 767	198 453	345 220	Swartes

Hierdie syfer het in die 1980-sensusopname gestyg tot 53 260. Hieruit kan afgelei word dat saamwonery voor die huwelik beslis besig is om toe te neem.

Uit 'n ondersoek wat in 1965 in Engeland gedoen is (Jones, 1978, p. 30) het 35% seuns en 62% dogters tussen die ouderdom van 15-19 uit 'n groep van 1873 respondente aangetoon dat hulle saamstem dat geslagsomgang vóór die huwelik korrek is.

Die algemene houding van die betrokkenes ten opsigte van saamwonery vóór die huwelik is om openlik bestaansreg

toe te ken aan 'n lewenswyse wat tot nog toe sonder teen=
spraak erken is. (Smit, 1981, p. 10)

In dié verband kan Annelisa Weiland (bekende TV-persoon=
likheid) se siening aangehaal word: "Dis gek om te trou
as daar nie kinders in die spel is nie." (1979, p. 112)

Uit persoonlike gesprekke het geblyk dat saamwonery voor
die huwelik hoofsaaklik deur die volgende argumente ver=
dedig word:

- i) Die individu se persoonlike sake het niks met enigie=
mand te doen nie.
- ii) Dit is goedkoper om saam te woon omdat slegs een
woonplek vir die betrokkenes nodig is.
- iii) Twee mense wat mekaar liefhet, kan saamwoon son=
der dat hulle getroud is.
- iv) Jong meisies woon saam met ouer mans omdat hulle
na "sekuriteit" hunker.
- v) Die saamwonery van ongetroude bekende persoonlik=
hede beïnvloed ander om dieselfde te doen.
- vi) Almal doen dit, hoekom nie ons ook nie.
- vii) As die betrokkenes in so 'n verhouding moeg word
vir mekaar en die liefde sterf, kan die verhouding
beëindig word sonder die omhaal van 'n egskeiding.

- viii) Die paartjie kan tydens hierdie saamwonery seker maak of hulle seksueel, emosioneel en andersins bymekaar aanpas voordat hulle in die huwelik tree. Bogenoemde standpunt hou ook die gedagte van 'n "proefhuwelik" in.
- ix) Die huwelik as instelling is uitgedien en outyds.
- x) Die mens leef in 'n moderne en nuwe tydperk waarin die ou norme en waardes nie meer geld nie.

1.3 EGSKEIDING

Aangesien die huwelik in sy diepste wese bedreig word deur die opvattinge van die sogenaamde "bevryde en volmaakte mens" en die "nuwe moraal" is dit logies dat egskedings onrusbarend sou toeneem.

In 1950 was die egskedingsyfer in Suid-Afrika 6,3%. In 1975 het dit progressief toegeneem tot 11,29%.

Vanaf 1965 tot 1976 het die egskedingsyfer vir blankes vanaf 1 uit elke 5,1 huwelike tot 1 uit elke 3,2 huwelike gestyg. (Fourie, 1978, p. 9)

Die moderne egskedingswette maak dit ook makliker om te skei: "Looking at divorce statistics., there can be no doubt, whatever the reasoning, the facts speak for themselves with an increase which is undoubtedly absolute" (Dominian, 1974, p. 5)

Die gevoel kom ook onder sommige voor dat indien die huwelik nie slaag nie, daar nog altyd 'n uitweg is, nl. egskeiding. Sommige gedwonge huwelike word ook gesluit met die vaste voorneme om na die geboorte van die kind die huwelik te ontbind.

1.4 DIE VERLOWING

Die hedendaagse verlowing is nie 'n Goddelike instelling nie, as sodanig ook nog geen huwelik in die ware sin van die woord nie. Geslagsgemeenskap mag dus ook nie in die voorhuwelikse fase plaasvind nie.

Die beginsels wat dus vir die seksuele binne die verlowing geld is ook van toepassing op enige voorhuwelikse verhouding. Die idee dat geslagtelike verkeer wel binne die verlowingstydperk mag plaasvind, kom egter algemeen voor, soos blyk uit die empiriese ondersoek. Baie verloofdes reëneer dat hulle tog gaan trou; daarom mag hulle ook seksueel verkeer. Die verloofdes is ook uit die aard van die saak meer aan versoekings onderhewig as ongetroudes.

2. FAKTORE WAT PERMISSIWITEIT OF LOSBANDIGHEID BEVORDER

2.1 DIE HUMANISTIESE FILOSOFIE

Die humanisme is 'n groot bedreiging vir die Christendom. Volgens die humanistiese opvatting staan die menslike welvaart op die voorgrond. Daar kan dus gekonstateer word

dat die menslike wil, behoeftes en begeertes primêr is. Voortspruitend hieruit beskou die mens homself as 'n wese met 'n vergoddelikte rede. As sodanig is hy dus self die absolute maatstaf van goed en kwaad en kan hy dus ook sy eie sedelike lewe en norme bepaal.

Strauss, (1956, p. 2) sê die volgende oor die humanistiese beskouing: "Humanisme maak die mens, in selfstandigheidswaan, ongehoorsaam aan ons Skepper, Die voorskrifte van die Almagtige word deur die eiewillige opinie van die afvallige mens vervang. So word die mens dan self die sentrum van sy lewe en gebruik elke lewensuitgang, elke lewensvorm en alle kultuurbesit volgens eie voorskrif."

Die humanisme hou dus in dat buiten die mens daar geen ander beskikking of bestiering is nie en sodoende word die mens verabsoluteer.

Die Bybel daarenteen leer dat die mens onderworpe aan die Goddelike wil en raadsplan is: "Ek weet, o Here, dat aan die mens sy weg nie toebehoort nie; nie aan 'n man om te loop en sy voetstappe te rig nie" (Jer. 10:23).

2.2 GEEN VASTE NORME UIT GODS WOORD

Aangesien die moderne mens sy lotsbestemming volgens sy eie vooropgestelde idees wil uitwerk, negeer hy die norme wat uit Gods woord tot hom spreek. Die idee van: "I'm

the master of my fate, Captain of my soul" werk op alle gebiede (ook op die seksuele sfeer) deur. Hy beskou die beginsels wat in die Bybel gestel word as uitgedien en irrelevant. Die ander uiterste is dat hy soms uit die Bybelse beginsels norme skep wat hom in sy bepaalde situasie die beste pas. Dit is dus weer 'n geval van dat die mens volgens eie goëddunke handel en dat hy die Goddelike beginsels verwater en 'n ander inhoud daaraan gee. Hiermee hang die situasie-etiek nou saam.

2.3 DIE SITUASIE-ETIEK (IRRASIONALISTIESE ETIEK)

As uitloper van die humanisme verabsoluteer die Irrasionalistiese die subjeksy met onder andere die outonome gevoel van die mens in die persoonlikheidsideaal. Die outonome, spontane en intuïtiewe mens is hier die norm. (Coetzer, 1980, p. 235)

Strauss (s.j. p. 47) sê van die situasie-etiek " (Dit) is irrasionalisties omdat dit niks wil weet van algemeen geldige norme nie".

Aansluitend hierby laat Troost (1958, p. 237) hom soos volg uit: "De aanhangers van de idee ener situasie - ethiek laten zich in het ogen slechts leiden door subjektieve gevoelens, door een ongereserveerde oorgave aan wat man eisen des tijds noem".

Heyns (1966, p. 17) maak die volgende stelling in dié verband: "Radikale situasie-etiek verwerp die voorstel=

ling waarvolgens God die Wetgewer is, wat die onverbreekbare reëls gestel het vir die menslike gedrag, op grond waarvan bepaalde dinge, afgesien van omstandighede, altyd goed of altyd verkeerd sal wees. Gebooie kom nie van buite af en val nie uit die hemel op ons neer nie, maar kom van binne af. Dit gaan nie om die stem van God wat met gesag in Sy gebooie die rigsnoer vir die lewe van die mens neerlê nie, maar om die stem van liefde wat met sý gesag die mens aanspreek".

Die liefde dui dus die weg aan, dit bepaal die korrekte of die verkeerde en die liefde gee aan elke gebod sy konkrete inhoud afhangende van die situasie waarvoor die mens te staan kom. Dit is dus moeilik, indien nie onmoontlik, om sake van byvoorbeeld morele belang te beoordeel nie. Alles is dus relatief ten opsigte van die situasie. Só gesien sal byvoorbeeld homoseksualiteit en egbreuk as normaal aanvaar word. Daar sal ook nie 'n basis bestaan waarvolgens seksuele afwykings as abnormaal, sieklik of immoreel beoordeel kan word nie. Dit is dus logies dat indien daar geen vaste standaarde of norme bestaan nie, die abnormale of verkeerde ook as aanvaarbaar sal geld.

2.4 LIEFDESBEGINSEL OORBOORD

Ná die sondeval het die mens die huweliksinstelling van God verbreek en weens die hardheid van sy hart egbreuk gepleeg. (Matt. 19:8)

Die mens het ook sy ingebore liefde verloor en begin om God en sy naaste te haat soos blyk uit die moord deur Kain op sy broer Abel.

Ook op die gebied van die seksuele word die liefdesbegin= sel verwerp. Die seksuele word in 'n vernugterde sfeer geplaas. Dit word losgemaak van godsdienst, sedelikheid en liefde. Op die wyse word dit blote fisieke luskontak en 'n genotspel wat soos 'n terloopse versnapering geniet moet word. Ook die huwelik se grense word hierdeur verbreek. Die opvatting dat seksuele omgang vóór die huwelik geoorloof en selfs waardevol is, wen toenemend veld.

Robinson (1972, p. 50) redeneer selfs dat seksuele omgang buite die huwelik stimulerend is vir die huweliks= verhouding waarin frustrasie deur binding aan een man of een vrou ontstaan. Die seksuele as tegniek kan op verskillende wyses uitgeleef word en hoef nie noodwendig op die geslagtelike daad ingestel te wees nie. Masturbasie, homoseksualisme, "petting" of liefkosing as 'n intense seksuele spel in baie variasies tot aan die perverse toe, sonder daadwerklike gemeenskap, is alles geoorloof. (Vgl. ook De Klerk, 1967, p. 62)

3. DIE NEGATIEWE INVLOED VAN KOMMUNIKASIEMIDDELE

3.1 ROLPRENTE

Op 28 Desember 1895 het die eerste "filmvertoning" in Parys plaasgevind en agt tot tien rolprente is binne

ongeveer 20 minute vertoon. Die eerste dag is die ver=toning deur 35 mense bygewoon. Dié bywoningsyfer het na drie weke gestyg tot tussen 2000 en 2500 persone per dag. Dié syfer was die eerste voorteken van die hipno=tiese krag wat die film oor die mens sou verkry. Die film het 'n heel nuwe wêreld vir die mens ontsluit -- ook vir die ongeletterdes wat slegs hulle oë moes gebruik.

Die filmmakers was van 'meet af aan daarop ingestel om die nuutontdekte medium se potensiaal ten volle te eks=ploiteer, maar kon nog nie 'n denkbeeld vorm van watter geweldige moontlikhede hier betrokke is nie. (Dronkers, s.j. , p. 14 en 15)

In 1971 het hierdie "moontlikhede" tot volle betekenis ge=kom, toe 'n ondersoek getoon het dat uit 60 rolprente wat in Londen vertoon is, 31 die X-klassifikasie en 12 die AA-klassifikasie gedra het. Seksdade was die hoofinhoud van alle X- en meeste AA-rolprente, terwyl homoseksuali=teit en masturbasie hoogty gevier het in die X-rolprente. Allerlei perversiteit en ook kinderpornografie sou spoedig 'n integrerende deel van baie rolprente, veral in Amerika, uitmaak. (Heath, 1978, p. 37)

Hoewel erken moet word dat daar tog rolprente van hoog=staande gehalte met 'n sedelike positiewe strekking ver=vaardig word, het 'n opname getoon dat 95% van alle rol=prente 'n lae morele peil het. Die rolprentmaker is uiter=aard ingestel op die winsmotief; daarom word by uitstek gekonsentreer op die sensasionele en word daar gespeku=

leer met dié maklik prikkelbare drange van die mens.

(De Bruyn, 1970, p. 85 vv)

Een van die grootste gevare wat die rolprent inhou, is dat die kyker hom met die droomwêreld wat in die rolprent bestaan, assosieer. Hiermee gaan gepaard die verheerliking van rolprentsterre. Tesame met die verheerliking van die akteurs en aktrises ontstaan daar ook by die bewonderaars 'n drang om met die helde en heldinne te assosieer.

In dié verband kan Elvis Presley, wat 'n hele nuwe subkultuur, naamlik die "Rock-en-Roll"-era - met sy "duck-tails", leerbaadjies en motorfietse gevestig het, as voorbeeld genoem word. Jongmans het hulle in so 'n mate met hom geïdentifiseer dat hulle in alle opsigte soos hy wou aantrek en optree.

Wat die rolprent en morele waardes betref, sê Rookmaker (1978, p. 211): "Many of the films people see, for instance (not the real avantgarde, 'important' films) are good entertainment, and after all have a little moral point, yet they are bad. For they depict as true a world which is limited and superficial, one without God, without the deeper questions in man's heart, without real matters of life and death, for life and death are reduced to sentiment, or adventures, or crime and violence or cruelty, without any sort of judgement expressed. Most films of this type are good in the bourgeoisie sense, and they

are certainly not meant to be anti-Christian. But they help to close the sky. They leave God out of the picture. Maybe He was an issue in the past, and so He has a part to play in historical pieces, but not in the world of today".

3.2 TELEVISIE

Die situasie ten opsigte van die morele kodes van TV in die RSA is baie gunstiger as in sommige oorsese lande.

Andrew Quicke (1977, vol. 10, p. 5) beskryf die situasie in die Verenigde State só: "We marked down 93 specific incidents involving sadistic brutality, murder, cold-blooded killing, sexual cruelty and related sadism". Dit het alles plaasgevind binne agt ure televisietyd in verskillende programme.

Die morele en sedelike peil van sommige televisieprogramme wat hier te lande vertoon word, laat egter veel te wense oor. In dié verband kan die program "Dallas" as voorbeeld genoem word. Die episodes wemel van onderkruipery, huweliksontrou, seks en bedtonele. Dit moet noodwendig 'n invloed op die kyker hê en bes moontlik kan dit dien tot navolging van die karakters in die verhaal. Dit kan ook lei tot die verskraling en verwatering van die morele waardes en die kyker met die gedagte laat dat dit die resep is hoe om die lewe te geniet.

Om aan te toon watter geweldige invloed televisie op die ontwikkelende kind en jongmens kan hê, word die volgende

gende voorbeeld aangehaal: "Once when I worked in BBC Childrens Television I remember we showed a man being hanged, because by mistake the Head and Assistant head of Children's Programmes had not been able to preview this particular episode. Within a week a small boy had successfully hanged himself". (Ibid)

Baie ouers, opvoedkundiges en kerkleiers in die VSA is bekommerd omdat hulle vrees dat die toenemende blootstelling aan erotiese materiaal veral die jongmense nadelig kan beïnvloed, tot sedelike verval kan lei en seksmisdade kan laat toeneem. (Du Toit en Nel, 1975, p. 59)

'n Ander faktor wat rede tot kommer wek, is die advertensies wat oor die televisie vertoon word. Baie van hierdie advertensies is uiters suggestief en wek by die kyker 'n gevoel van begeerte na die "volmaakte" produk wat in die advertensie voorgehou word. 'n Sekere advertensie vir reukwater vir vroue propageer byvoorbeeld openlik dat 'n vrou moet weet dat sy nie altyd 'n dame moet wees nie. Sekere advertensies buit die seksuele verder uit deur te suggereer dat die persoon wat die produk gebruik seksueel meer aanvaarbaar vir die teenoorgestelde geslag sal wees. Sommige van hierdie advertensies toon dames en mans wat uiters skraps geklee is, en laat die natuurlike skaamtegevoel van die mens ook verskraal.

Die vraag kan tereg gevra word of dit werklik noodsaaklik is om bv. vroue-onderklere oor die televisie te adverteer.

3.3 POPMUSIEK, DISKOTEKE EN POPFEESTE

Strydom (1979, p. 5) wys daarop dat musiek nie slegs 'n opeenvolging van sinnelose, verbandlose klanke is nie, maar dat dit 'n kommunikasiemedium is en as sodanig 'n boodskap oordra aan die persone wat daarna luister. Daarom besit musiek die vermoë om 'n bepaalde en bepaalde invloed op die gees van die mens te hê. As die musiek dan nog gekombineer word met die woord soos in die lied, verkry dit 'n kragtige geestelik-sielkundige impak. Hiervan getuig die sg. "underground" musiek en sy aanverwante musiekvorme wat met sy negatiewe, afbrekende invloed die "gif van dwaling" tuisbring in die gemoed van veral die jeug.

3.3.1 Die Herkoms en Ontstaan van die sg. Popmusiek

Rookmaker (1978, p. 186 vv) toon aan dat daar in die 17de en 18de eeu verskillende soorte musiek was, maar dat daar tog 'n onderliggende eenheid te bespeur was. In die negentiende eeu het daar geleidelik 'n breuk ontstaan omdat die musiek 'n byna pseudo-religieuse openbaring was van die humanisme. Alledaagse musiek is gekenmerk deur 'n vulgêre en growwe karakter, sonder ware menslike eienskappe. Die twintigste eeu het die verskille in die musiek beklemtoon sodat daar nou basies

vier soorte musiek onderskei kan word, t.w.:

- a) Klassieke musiek;
- b) Werklike moderne musiek wat alleenlik deur die intellektuele moderniste waardeur kan word;
- c) Populêre musiek, met die doel om te vermaak, gekenmerk deur die afwesigheid van gehalte en kulturele waarde;
- d) Kerkmusiek.

Gedurende die eerste paar dekades van die eeu moes die ligte musiek plek maak vir die sg. "jazz" en "blues", wat hulle wortels het in die musiek van die bevryde Negerlawe van Amerika. Uit bg. musiek het 'n verskeidenheid van musiekvorme voortgevloei, bv. die "bop"-musiek rondom 1940. Hieruit het die sg. "rock and roll" ontstaan, wat volgens Rookmaker (1978, pp. 186-189) 'n "angry insult to all Western values, if these could be called values, of music or of culture or of behaviour" is.

Elvis Presley het die rewolusie in musiek ingelei met sy "rock"-musiek en daardeur die weg gebaan vir die "Beatles" en die meeste ander popmusiekgroepe. (Larson, 1972. p. 40)

John Lennon, 'n lid van een van die bekendste en gewildste popmusiekgroepe, nl. die "Beatles", het

op 'n stadium beweer: "Christianity will go. We're more popular than Jesus now". (Ibid, p. 72)

3.3.2 Die Kenmerke van Popmusiek

- i) Popmusiek word gekenmerk deur Godslastering. Vergelyk "Son of Jesus" deur Jefferson Air=plane. (Jesus het 'n seun gehad by Maria Mag=dalena.)
- ii) Die seksuele speel 'n oorheersende rol in pop=musiek: bv. in "I can't get no satisfaction" van die "Rolling Stones" word na menstruasie en fornikasie (voorhuwelikse seks) verwys.
- iii) Homoseksualisme en ander perversiteite soos onder meer sodomie word besing in "Sodomy", 'n lied uit die musiekspel "Hair".
- iv) Dwelmmiddelgebruik word ook vryelik gepro=pageer in die liriek van sommige popliedjies. In "Yellow Submarine" van die "Beatles" word byvoorbeeld 'n sg. "trip" - veroorsaak deur dwelms - beskryf. (Ibid, pp. 19-27)
- v) Een van die vernaamste kenmerke van die he=dendaagse popmusiek is die gedagte van op=stand en rewolusie soos blyk uit die volgende slagspreuke:

"The uglies (ouers) have had control of us too long. Youth is going to cut through and make something different". (Van Zyl, 1980, p. 71)

vi) Die oorheersende tema in verreweg die meeste popliedjies is 'n tema wat die doelloosheid van die lewe beklemtoon:

"What are we living for
If not to die
What are we living for
Tell me,
Is life a lie."

Al wat aan hierdie doelloosheid kleur gee, is seks en dwelms soos uit die volgende blyk:
"I honestly believe love (sex) is more powerful than anything" en "I'd love to turn you on - to be with it, to be hi". (Ibid, p. 24)

3.3.3 Popmusiek en seks

In teëstelling met sangers soos Frank Sinatra, Doris Day en Shirley Jones wat die liefdestema in 'n taamlik permanente verhouding besing het, het die poplied hierdie tema verander en het die diep romantiese en getrouheids-element uit die pop-lied verdwyn.

Saamhangende hiermee het die begrip liefde of liefhê ook 'n betekenisverandering ondergaan. Om iemand lief te hê, beteken slegs dat hierdie persoon jou welgeval en word die liefde in hierdie geval tot die vlak van die fisieke verlaag. Die vroeëre romantiese liefdespel wat gewoonlik liggaamlike aantrekkenheid tussen hakes impliseer, word nou

vervang met blatante seksuele aangetrokkenheid. Die huwelik en die liefde is nie meer die bepalende faktore vir seksuele gemeenskap nie, en daar is ook nie noodwendig 'n verwagting dat die verhouding permanent van aard sal wees nie.

Volgens Steyn (1980, pp. 57-61) blyk dit dat so 'n meisie-seun verhouding deur vier fases gaan:

- a) Die soeke na die liefde soos gesing deur die Supremes, "Love is like an itching in my heart", of "Somebody Groovy" soos gesing deur die Mamas en Papas.
- b) Die tweede fase behels die gelukkige en uitbundige vreugde oor die fisiese verhouding wat tot stand gekom het. Op 'n eksplisiete en dikwels vulgêre wyse word aan hierdie seksuele vreugde en begeerte uiting gegee, soos aangetoon deur die woorde van die liedjies wat deur die volgende kunstenaars gesing word:

Milly Jackson in "Body Movements" (Van Zyl, 1982, p. 101):

"And now that it is finished / The best part of the day / When bodies touch and we're lying face to face. / This is the Moment / I feel your love again / My love gates are open, so baby come right in / You're touching me in places /

Just mamma used to see / But wow, it sure
feels good to me / Your body movements are
driving me up the wall"

The Rolling Stones in "Honky Tonk Women"
sing van 'n kroegprostituut: " tried to take
me upstairs for a ride". (Larson, 1972, p. 23)

Frank Zappa met sy groep "Mothers of Invention"
in, "Overnight Sensation" (Steyn, 1980, p. 59):

"She stripped away her ranchid poncho,
An ' laid out naked by the door,
We did it till we were unconsho
and it was useless anymore".

- c) Die derde fase word gekenmerk deur die feit
dat die verhouding skipbreuk gelyk het. Uit
die temas van die liedjies blyk 'n terloopse be-
trokkenheid wat baie nonchalant verbreek kan
word; dit lyk nie of daar veel emosie by die
saak betrokke is nie:

Syndicate of Sounds in "Little Girl" (Ibid, p. 60):

You can leave little girl
I don't want you around no more
If you come knockin '
You won't get past my door".

d) Die laaste fase is die toestand van isolasie soos dit o.a. blyk uit die liedjies van Neil Diamond, nl. "Solitary Man" en Simon en Garfunkel se "I am a Rock" wat handel oor 'n man wat verhoudings aangegaan het met straatvroue en dan bedroë daarvan afkom. (Ibid, p. 61)

Bogenoemde is slegs enkele voorbeelde van popliedjies waarin die seksuele die oorheersende tema vorm. Tereg sê Van Zyl (1982, p. 25) van hierdie saak: "Pop-rock het van baie van ons jong dogters seksvoorwerpe gemaak en baie van ons jong manne het lamsakke sonder trots en sonder respek vir hulle persoonlike voorkoms geword. Liefde, seks en die huwelik is gedegradeer terwyl wellus en losbandigheid hoogty vier. Christelike moraliteit het 'n bespotting geword terwyl homoseksualiteit en onnatuurlike seksualiteit aangemoedig word. God, Jesus Christus, die Bybel en die Christendom word aangeval en beledig terwyl die duiwel verhef en met simpatie behandel word"

"Pop-rock is pornografie en gewelddadigheid wat getoonset is. Dit is die mees onderduimse komplot sedert die sondeval in die tuin van Eden. Onder die dekmantel van fatsoenlikheid en onskuldige jeugontspanning, het die dodelike kieme van vernietiging ingedring tot in ons kinders se slaapkamers". (Ibid)

3.3.4 Die Gewildheid van Popmusiek

Die feit dat popgroepe die geweldige markpotensiaal ontdek het en ten volle eksploiteer, blyk daaruit dat alreeds in 1967 R7,6 miljoen uit die verkope van popmusiekplate in die RSA geïn is, terwyl slegs R800 000 bestee is aan klassieke musiekplate. (Roux, 1979, p. 6)

Dié syfers toon aan watter geweldige impak popmusiek op die musiekindustrie en op die jeug van die RSA het.

3.3.5 Diskoteke

'n Onrusbarende verskynsel wat al meer in gewildheid toeneem, is die sogenaamde diskoteke. Hierdie "plekke van onheil, seks, dwelms en drank" soos deur 'n polisieoffisier beskryf, word deur groot getalle jongmense besoek. Tesame met die oorverdowende musiek, word die jongmense verder bedwelm deur die geflikker van psigedeliese ligte wat aan- en afgeskakel word.

Uit die aard van die saak gaan dit nie net om ontspanning vir die jongmense nie, maar is dit ook die ideale plek waar "slaapmaats" aangetref kan word. Afgesien van die feit dat jongmense daar kom "ontspan", is dit beslis nie gewenste toestande wat daar heers nie.

3.3.6 Popfeeste

Die sogenaamde popfeeste is nog: "h ingevoerde jeugbederwer, met h beproefde ingeboude waarborg om te demoraliseer. Dit het tyd geword vir die Suid-Afrikaanse burger om dit teen te staan en om daarop aan te dring dat dit as onwettig verklar word" (Grim, 1974, p. 35)

3.4 KLEREDRAG

Wat betref die rol en invloed van kleredrag ten opsigte van die seksuele aantreklikheid van die mens en veral die vrou, bestaan daar groot eenstemmigheid. Wanneer die vrou haar liggaam met sierlike, smaakvolle en vroulike kleding bedek, is sy nie besig om uitlokkend op te tree nie, maar beklemtoon sy net haar uniekheid as vrou. (Smuts, 1982, p. 69) Hierdeur voldoen sy dan ook aan die Bybelse opdrag volgens 1 Tim. 2:9: "So ook moet die vroue hulle versier met behoorlike kleding, gepaard met beskeidenheid en ingetoënheid"

Dit is egter ook waar dat bepaalde soorte kleredrag nie net die liggaam bedek nie, maar ook kan wissel van subtile ontbloting tot verdoeseling en beklemtoning, terg en uitlok. Doelbewuste veldtogte is dan ook deur modebase van stapel gestuur om kleredrag nog meer seksueel prikkelend te maak, bv. die "ban the bra"-veldtog. Die skepper van die minirok, Mary Quant, het ook lustig aan die veldtog deelgeneem.

In Matt. 5:28 wys Christus daarop dat wie na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het. Hierdie uitspraak het veral betrekking op mans. Die vrou kan egter deur haar gewaagde kleredrag aanleiding gee tot die opwekking van onkuise gedagtes en luste by die mans en sodoende staan sy net so skuldig voor die Here. (De Bruyn, 1974, p. 78)

Volgens Viljoen (s.j., p. 4) werk ontblotende kleredrag sedelike verval in die hand: omdat die skaamtegevoel tussen die twee geslagte tot 'n groot mate die natuurlike hindernis is teen sedelike losheid en onkuisheid, bring die afbreek van dié skaamtegevoel mee dat die pad na sedelike losheid veel korter is.

In aansluiting hierby word die liggaamlik-sinlike primêr en word die aangetrokkenheid tussen die twee geslagte dan gebore uit suiwer fisieke drange en gee dit aan die man die geleentheid om hom te verlustig in die liggaam van 'n vrou met wie hy nie wettig getroud is nie. Al vind hierdie verlustiging dan nie in die daad plaas nie, dan tog in die gedagte.

Die soort klere wat deur die vrou gedra word, toon ook watter waarde sy aan haar eie liggaam heg. Minnaar (1978, p. 43) toon aan dat skrapse kleredrag om verskeie redes deur sommige mense gedra word:

Ten eerste is die doel om meer seks te verkry. Só 'n persoon voel dat seks nie slegs in die huwelik tuishoort nie en meer openlik op die voorgrond behoort te wess.

h Tweede doel is om elke vorm van taboe te verbreek en teen die aanvaarde orde in die maatskappy in opstand te kom. Dié persone is van mening dat kleding van die liggaam sinloos is, omdat dit die mens sy vryheid ontnem.

h Derde doelwit word gerig deur ontwikkelings-psigologiese denke, dit wil sê die mens glo dat hy h stuk verlore vryheid terugwen as hy nie langer skaam hoef te wees vir sy eie liggaam nie.

Teenoor gewaagde en skrapse kleredrag stel J.H. Kroeze (1979, p. 69) egter die volgende: "Die kleed in sy oudste en primitiefste vorm, die vyeblare, is deur die mens self gesoek en aangegryp in sy gevoel van skuld en skaamte. In sy toorn kon God die mens die power bedekking afgeruk het om hom daarmee meedoënloos aan die gevolge van sy sonde bloot te stel. God doen dit nie. Hy het die vyeblare vervang deur rokke van vel, wat duursamer en deegliker is as vyeblare. So is die kleed teken van sonde sowel as van genade. Ter wille van die sonde móét ons dit dra; as gevolg van genade mág ons dit dra".

3.5 ALKOHOL- EN DWELMMIDDELMISBRUIK

Die oormatige gebruik van alkohol speel h besliste rol in baie gevalle van voorhuwelikse geslagsverkeer. Smuts (1982, p. 74) toon aan dat sterk drank h verhouding negatief beïnvloed omdat h mens se weerstand onder die invloed van alkohol verlaag word en sodoende mettertyd alle inhibisies oorboord gegooi word.

Volgens Grobler (1970, p. 94) is twee sopies whisky al genoeg om die deel van die brein wat die inhibisies beheer, te verdoof. Hoe meer alkohol ingeneem word, hoe meer word breinsentra wat die morele en fisieke van die mens beheer, beïnvloed. Saamhangend hiermee neem die mens se verantwoordelikheidsgevoel ook af. Waar 'n kuise jongman en -meisie onder normale omstandighede deur hulle selfbeheersing, -dissipline en oordeelsvermoë van ongeoorloofde geslagsgemeenskap sal afsien, gebeur dit dikwels dat die sedelike rem as gevolg van alkoholgebruik losgaan en hulle aan die versoeking toegee. Baie mans en vroue het al verklaar dat dit te wyte aan sterk drank was dat hulle hul kuisheid moes prysgee.

Dit gebeur ook soms dat sedelose jongmans op 'n subtiële wyse dit so bewerkstellig dat jongmeisies te veel alkohol inneem en sodoende aan die betrokke man se seksuele eise toegee. Bogenoemde praktyke word veral aangetref by die sogenaamde disko's, waar alkoholinnames tesame met wilde musiek en suggestiewe en uitlokkende dansparties die dansers van hulle inhibisies stroop. (Larson, 1972, p. 107)

"Drankmisbruik, danspartye, die naglewe ens., speel in die seksuele verleiding van jong meisies 'n groter rol as in die geval van jong mans." (Venter, 1972, p. 30)

Dit is 'n bekende feit dat sterk drank en onsedelikheid bondgenote is. Hosea 4:11 stel die saak baie duidelik: "Hoerery en wyn en mos neem die hart weg."

Van der Walt (s.j., p. 7) sê in dié verband: "..... as die hart weggeneem is dan is daar geen inwendige luister= pos om nog die Woord van die Here te verneem nie. Dit is die grootste verlies, die grootste wat van 'n mens wegge= neem kan word".

Die uitwerking van dwelms stem in 'n groot mate ooreen met dié van alkohol. Haasbroek (1976, p. 8 vv) sê hier= van: "Dit is kenmerkend dat verslaafdes lede word van subkulture waarbinne hulle gedrag goedgekeur word en waarvan die waardes en norme radikaal verskil van dié van die breëre normale samelewing. In hierdie atmosfeer raak hulle vervreemd van die geordende samelewing, word alle vorme van konvensionele godsdiens verwerp en is 'n algemene verlaging van die sedelike peil en wanpraktyke die gevolg".

Hierdie verskynsel word deur Heath (1978, p. 58) só be= skryf: "There are also some indications, though very slight so far, of a correlation between the new sexual "freedom" and the use of drugs. Dr Rollo May reports a study showing that students express a certain boredom with sex, while drugs are synonymous with excitement, curiosity, forbidden adventure".

3.6 ONBEHEERSTE VRYERY VOOR DIE HUWELIK

Bogenoemde verskynsel is een van die sterkste faktore wat losbandigheid bevorder. Die begrip "necking" of "petting", wat sy ontstaan in Amerika het, is moeilik definieerbaar.

Smedes (1979, p. 142) se definisie is redelik aanvaarbaar:

"Petting includes a wide range of body exploration and every adolescent group has its own definitions of light and heavy petting. Petting falls somewhere between an affectionate embrace and sexual intercourse, and it can be roughly identified as fondling one another's sexually excitable areas".

Vir die doeleindes van hierdie studie, sou 'n mens "petting" kan vertaal met "vry" of "liefkoos". Die term "liefkoos" word dus hier meer in 'n ongunstige betekenis gebruik.

Liefkosing as sodanig vóór die huwelik en binne 'n vaste verhouding of verlowing is nie per sé afwysbaar nie. Die Here het bepaalde seksuele vermoëns binne die mens gelê en hiermee gee Hy ook aan dié mens die behoefte aan liefkosing. Wanneer hierdie liefkosing, volgens Smuts (1982, p. 66) geleë in onder andere liefdessoentjies en handjiesvashou egter onbeheers voortgaan, skep dit ondraaglike spanning en kan hierdie groei in intimiteit lei tot 'n situasie wat onbehoorlik en gevaarlik is. Die paartjie kan hulle miskien voorneem om nie onbepaald aan hul'e luste en drange toe te gee nie, maar dit is nie 'n waarborg dat geslagsgemeenskap nie sal plaasvind nie. Pendell (1967, p. 170) sê in dié verband: "In advance they expect to be reasonable, but instinct takes over so suddenly - without much warning. And that is the detail of psychology that has received too little attention. A man expects to

be reasonable; then suddenly he is not. Reason usually loses out when confronted with instinct."

Dit is duidelik dat onbeheerste liefkosing kan lei tot voorhuwelikse geslagsomgang: "De jeugdliefdes zijn niet altijd een onschuldig spel. En flirten is niet iets, waarover allen maar een goedmoedig lachje past. Jonge mensen zijn evenmin onttrokken aan de wet van God als volwassen mensen". (De Vries, 1970, p. 73)

Wie liefkosing dus sien as 'n spel waarin van voorhuwelikse seksuele frustrasies ontslae geraak word en wat slegs beoefen word ter wille van die lusbeginnel, is besig om te sondig en die liefdesbeginnel soos vervat in God se Woord te ontheilig: "Sondern der Frevel besteht im Spiel mit dem Geheimnis, man könnte auch sagen : in der Psychologisierung des Geheimnisses, deren einziges Interesse darin besteht, nicht mehr die Sache selbst zu bewahren, sondern nur noch die psychischen Effekte auszunutzen". (Thielicke, 1966, p. 65)

Teenoor bogenoemde standpunte manifesteer die standpunte van die radikaliste wat met hulle idee van 'n nuwe moraal die mens en sy behoeftes in die middelpunt stel.

Wilhelm Reich (1897-1957) was 'n uitgesproke teenstander van die idee van kuisheid binne en buite die huwelik. Hy beywer hom ook vir die seksuele vryheid van kinders en jongmense: " Reich was at his most impassioned when portraying the sexual miseries of the young.

The child was 'godlike' in his natural sensuality and innate sociability. Only through the brutal repression of his natural impulses was he transformed into a neurotic, self-abasing adult. The sexual revolution, therefore, involved providing the child with legal protection against the sexual tyranny of his parents. In particular was he to be guaranteed the right to masturbate and to play sexually with children of his own age". (Robinson, 1970, p. 49)

3.7 OPSIT IN MOTORS

Die geweldige ekonomiese opbloei in die Weste oor die afgelope drie dekades het meegebring dat die algemene lewenstandaard die hoogte ingeskiet het. Die verhoging in die lewenstandaard het ook tot gevolg gehad dat al hoe meer mense, en ook jongmense, motors kon bekostig. Vandag is dit vreemd as 'n naskoolse jongman nie 'n motor besit nie.

Die motor bied vryheid aan die jongmens. Nie net vryheid van beweging nie, maar is ook 'n gerieflike oplossing as 'n jong paartjie privaat wil wees. Brown (1971, p. 14) sê dat die motor 'n hele omwenteling in die hofmakery tussen jongmense teweeggebring het: "You accept a date, you go out, have fun, get something to eat and then the parked car routine begins".

Net so gerieflik as wat die motor is, so gevaarlik kan dit ook wees. Dit bied 'n privaatheid wat gevaarlik is, omdat die jong paartjie dan alleen is.

Hierdie alleenheid skep die ideale atmosfeer vir onkuise daade en seksuele omgang. Dit hoef nie vooraf beplan te wees nie, dit gebeur net, want die toestande hiervoor is gunstig.

In dié verband haal Esterhuyse (1980, p. 63) 'n vroulike respondent aan: "My eerste ervaring van seksuele omgang was op die agterste sitplek van 'n motor, êrens tussen 'n paar mynhoë. Dit was nou seker nie juis die gerieflikste plek vir so 'n ervaring nie. En die barre mynhoë in die agtergrond het ook nie juis vir 'n romantiese atmosfeer gesorg nie"

Tesame met die sg. "nuwe moraal" en die toenemende onbybelse norme skep die motor 'n wesentlike probleem en gevaar vir die jong paartjies - ook vir die paartjies wat nog voorstanders van kuisheid in die Bybelse sin is. Vanweë onder andere die verdwyning van die opsitkers uit die voorkamer na die agterste sitplek van 'n motor, verkeer hierdie norme en ideale egter onder hoë druk.

4. DIE GEVOLGE VAN PERMISSIWITEIT

4.1 GEDWONGE HUWELIKE - GEDWONGE EGSKEIDINGS

Dit verg weinig verbeelding om te besef dat seks buite en vóór die huwelik 'n groot persentasie gedwonge huwelike in die hand werk. Ten spyte van die feit dat voorbehoedmiddels vandag so maklik soos 'n tydskrif gekoop kan word, vind daar nog duisende ongewenste swangerskappe plaas.

Swangerskappe wat binne die huwelik dui op seën en genade, word met hartseer en skaamte deur ongehude persone bejeën.

Wanneer 'n ongetroude meisie swanger raak, het dit meer-male gedwonge huwelike ten gevolg. Baie van hierdie huwelike word gesluit tussen mense wat soms glad nie bymekaar pas nie en ook nie bymekaar hoort nie.

De Vries (1970, p. 100) verwys na die kwessie: "Er is haast geen zonde, die zich zwaarder straft in de gevolgen dan juist het gedwongen huwelijk. Hierover is het oordeel der mensen vaak wreed en onbarmhartig Het achtervolgt twee mensen soms hun leven lang".

Nie alleen het dit 'n sielkundige uitwerking op die paartjie se huwelikslewe nie, maar benadeel dit ook in baie gevalle die lewe van die kindjie wat uit die gedwonge huwelik gebore word.

In die permisssiewe gemeenskap waarin die moderne mens hom bevind, word dit in sommige kringe egter as dood-normaal beskou as uit 'n voorhuwelikse verhouding 'n kindjie gebore word. Van die kind word dan gepraat as 'n "liefdeskind" of sg. "love child". Bekende oorsese filmsterre en plaaslike akteurs en aktrises tel onder diegene wat liefdeskinders verwek het. In hierdie optrede stel hulle dan ook 'n uiters negatiewe voorbeeld vir die duisende (miljoene?) jongmense wat hulle aanhangers is.

Deur hierdie optrede word ook die fundamente van die Christelike huwelik verder weggekalwe en word van die huwelik as Goddelike instelling 'n bespotting gemaak en word daarna verwys as 'n uitgediende instelling.

'n Verdere verontrustende tendens is die afname in gedwonge huwelike. Hiervan sê De Vries (1970, p. 100) " (dit) wijst allermintst op geestelijke verbetering, maar veeleer op dieper bederf".

Heath (1978, p. 117) toon aan dat buite-egtelike geboortes in Engeland onder meisies jonger as 16 jaar van 483 in 1959 toegeneem het tot 1579 gevalle in 1973 en daarna konstant afgeneem het tot 1338 in 1976. Voorts wys hy daarop dat die getal nog laer sou wees as voorbehoedmiddels volgens sommige meer vryelik beskikbaar sou wees: " that contraceptive facilities are not widely enough available to ensure that every child is a wanted child - conveniently ignoring the fact that the London Rubber Company can now turn out nearly 100 million condoms a year, compared with none in 1932, and that 18 per cent of all women in the 'fertile age group' of 15 to 44 were already using the contraceptive pill in 1971 compared with none in 1960". (1978, p. 86)

Volgens Olthuis (1976, p. 54) is 'n gedwonge huwelik in werklikheid geen huwelik nie: "The so-called shotgun wedding tries to make a marriage where no marriage exists. To force the couple to legalize their relationship when they have no troth only compounds the problem".

Die feit dat die grootste persentasie voorhuwelikse swangerskappe en gedwonge huwelike plaasvind by persone onder die ouderdom van 21 jaar, met ander woorde in die tydperk waarin die jongman en -meisie nog nie beskik oor die rypleid en volwassenheid om te trou en die verantwoordelike van ouerskap te aanvaar nie, gee ook beslis aanleiding tot egskeiding. (De Bruyn, 1974, p. 52)

4.2 ABORSIE

Ten spyte van die feit dat voorbehoedmiddels vryelik beskikbaar is, gebeur dit tog dat ongewenste swangerskappe voorkom. Met die verslapping van wetgewing rondom aborsie, het gewettigde aborsies in oorsese lande toegeneem.

In die RSA word slegs terapeutiese aborsies uitgevoer in uitsonderlike gevalle wat deur wetgewing bepaal word, nl.

1. Wanneer die liggaamlike en psigiese welsyn van die moeder in die weegskaal is;
2. in die geval van verkragting en
3. in die geval van bloedsgrande.

Dit gebeur egter in toenemende mate dat onwettige aborsies plaasvind wat in baie gevalle uitloop op die dood of ernstige fisieke verminking van die moeder wat lei tot permanente kinderloosheid. Ongetroude swanger dogters van vermoënde ouers word dikwels oorsese gestuur om 'n wettige aborsie te ondergaan.

Aangesien die mens deur sy sonde in sy gehele eksistensie in 'n toestand van gebrokenheid beland het, meen die sg. "volwasse" mens dat hy ook mag oor lewe en dood behoort te hê. (Velema, 1974, p. 66 v.v.) So het 'n koor van liberale stemme dan ook opgegaan om die wetgewing rondom aborsie in die RSA ingrypend te verslap.

As redes vir hierdie verslapping word genoem:

1. Sosio-Ekonomiese Indikasies

Op grond van finansiële oorweginge dien aborsie as 'n middel tot geboortebeperking. (Rinzema, 1972, p. 136)

2. Maatskaplike Indikasies

Die sosiale status van persone word aangetas deur swangerskap.

3. Eugenetiese Indikasies

Ter wille van die verbetering van die menslike ras of die voorkoming van geboortes van liggaamlik gestremde kinders.

Bogemelde redes hou egter nie stand voor die Christelike etiese norme nie, want by dié oorwegings staan die mens se behoeftes sentraal en word hy verabsoluteer.

Die individualistiese inslag van die sogenaamde nuwe moraal word dus in bogenoemde stelling verder deurgetrek. Die mondige mens van ons verligte eeu moet self besluit. Geen ander sanksie, behalwe sy persoonlike gewete, durf hom bind nie.

Esterhuyse (1980, p. 53) haal 'n dametjie van skaars 20 jaar aan: "Seks is 'n vorm van rekreasie. Dit het belangrikebevrydende implikasies vir die probleem van aborsie. Immers, as ek my enkel in 'n spel verstuit het, gaan ek na die dokter vir behandeling. Dieselfde behoort te geld as, vanweë faktore buite my beheer, 'n "glips" of "ongeluk" in die spel van seks my tref. Die dokter moet my daarmee help."

Hierdie skreiende uitspraak is tiperend van die liberale "bevryde" mens van ons tyd.

Du Toit (1978, p. 99) wys daarop dat: "die Skrif leer dat geen mens die reg het om die onaantasbaarheid van 'n ander se lewe te misken ter wille van eie gerief nie. (Dit) is sekerlik nie onvanpas nie om in die lig van die Skrif nog steeds duidelik te handhaaf dat dit by aborsie gaan om die doodmaak van 'n lewende mens".

4.3 GESLAGSIEKTES

Aangesien geslagsiektes hier te lande nie 'n aanmeldbare siekte is nie, is dit baie moeilik om 'n juiste beeld te vorm van die omvang en voorkoms daarvan.

Amptenare van die gesondheidsdienste is dit egter eens dat geslagsiektes 'n besliste toename toon.

Ten spyte van die verskriklike gevolge van sifilis en gonoree word daar nie 'n demper op die verligte mens se seksualiteit geplaas nie. Hiertoe het die ontdekking en vervolmaking van die geboortebeperkingspil baie sterk bygedra. Dr Min-Chueh Chang, die man wat gehelp het om die geboortebeperkingspil te ontwikkel, sê die jong mense van vandag geniet te veel seksuele vryheid. Die "pil" het ook, volgens hom, 'n groot rol gespeel in die ontstaan van permissiwiteit onder jongmense. (1981, p. 21)

As een van die aanleidende oorsake van permissiwiteit, speel pornografie ook 'n groot rol om geslagsiektes te laat toeneem. Court (1975, p. 94) laat hom in die verband as volg uit: "What pornography promises, prostitution delivers. An upsurge of massage parlours has been the close sequel of the opening of sex shops. The rise in venereal disease to new levels is also a predictable outcome."

De Verteuil e.a. (1975, p. 109) wys daarop dat sommige tydskrifte vir tieners die gebruik van kondome propageer en die volgende oor geslagsiektes te sê het: "Unpleasant as VD is, it is an inevitable byproduct of our more liberated sexual attitudes". Voorts toon sy aan dat tussen 50 en 80 persent van die gevalle van sifilis en gonoree voorkom in die ouderdomsgroep tussen 15

en 20 jaar. Die toenemende mate waarin kanker van die serviks by vrouens voorkom, kan ook moontlik toegeskryf word aan geslagsomgang op 'n vroeë ouderdom en die verkeer met 'n verskeidenheid van mans.

Harvey Cox (1971, p. 42) wys daarop dat antibiotikum 'n doeltreffende geneesmiddel teen geslagsiekte is en dat dit ook, tesame met die motor en voorbehoedmiddels, 'n algehele verandering in die siening ten opsigte van promiskuitheid teweeggebring het.

Daar is egter SA-medici wat beweer dat die veneriese siektes 'n immuniteit opbou en dat antibiotika nie altyd die verlangde uitwerking het om geslagsiektes te bekamp nie. Dit word aangetoon deur die feit dat geslagsiektes in die RSA toeneem het. (1965, p. 3)

De Bruyn (1974, p. 65) waarsku in dié verband: "Elke jongman en meisie wat meedoen aan ongeoorloofde seksuele omgang behoort ook oor hulle verantwoordelikheid en aanspreeklikheid in hierdie verband na te dink. Afgesien van persoonlike nadeel en skade, staan hulle ook in breër verband skuldig omdat hulle afbrekend werksaam is ten opsigte van die volksgesondheid."

5. SAMEVATTING

1. In die huidige tydsgewrig staan die mens en sy behoeftes en begeertes sentraal. Die sg. "volwasse" mens wil hom

nie laat voorskryf nie, en wil vry wees om volgens sy eie norme te lewe.

2. Egskeiding en saamwonery vóór die huwelik is besig om ontstellend toe te neem.
3. Die humanisme en sy uitlopers is faktore wat aanleiding gee dat die norme wat deur God in sy Woord gestel is, vervang word deur menslike willekeur.
4. Kommunikasie-middele lewer 'n bepalende bydrae tot die permissiewe tydsges as wat die Weste tans in sy greep het.
5. Alkohol- en dwelmmiddel-misbruik is 'n groot bydraende faktor wat lei tot die sedelike verval van die mens, so ook die toenemend materialistiese tydsges as wat tans heers.
6. Die gevolge van permissiwiteit word weerspieël in die toename in gedwonge huwelike, aborsie en geslagsiektes.

VRAELYS

Alle inligting is streng vertroulik en persone wat die vraelys voltooi kan op geen wyse geïdentifiseer word nie. Beantwoord die volgende vrae deur slegs 'n kring te trek om die syfer langs die antwoord wat u verkies.

GEE ASSEBLIEF U EERLIKE MENING

1. GESLAG

Manlik	1
Vroulik	2

2. OUDERDOM

18 jaar of jonger	1
19 jaar	2
20 jaar	3
21 jaar	4
22 jaar	5
23 jaar	6
24 jaar of ouer	7

3. HUWELIKSTAAT

Ongetroud	1
Ongetroud en bly saam	2
Getroud	3
Verloof	4
Verloof en bly saam	5
Vaste verhouding	6
Vaste verhouding en bly saam	7
Geen vaste verhouding	8

4. HUISTAAL

Afrikaans	1
Engels	2
Ander	3

5. WATTER SKOOL HET U BYGEWOON?

Gemengde skool (albei geslagte)	1
Seunskool	2
Meisieskool	3

6. WAAR WAS U MEESTAL OP SKOOL?

Platteland	1
Dorp	2
Stad en omliggende gebied (binne radius van ongeveer 10 km)	3

7. WAT HET U NA MATRIEK GEDOEN?

Diensplig	1
Gewerk voor studie	2
Direk kom studeer	3

8. WAT IS U AKADEMIESE VAKKE?

Aardrykskunde	1
Bantoetale	2
Biologie	3
Bybelkunde	4
Fisika en Chemie	5

Geskiedenis	6
Musiekteorie	7
Plant- en Dierkunde	8
Wiskunde	9

9. WAT IS U STUDIERIGTING?

Junior Primêr	1
Senior Primêr	2

10. WAAR WOON U TYDENS KOLLEGETERMYNE?

Koshuis	1
Ouerhuis	2
Kerklike Jeugtuiste	3
Woonstel	4
Ander (bv. by vriende)	5

11. SITUASIE IN U OUERHUIS

Albei ouers lewe nog	1
Moeder oorlede	2
Vader oorlede	3
Albei oorlede	4
Moeder/Vader weer getroud	5

12. WAT IS DIE LEWENSBEKOUING VAN U OUERS?

Christelik-nasionaal	1
Nie-Christelik	2
Onverskillig	3

13. HOE BESKOU U DIE OPVOEDING WAT U VAN U OUERS ONTVANG HET?

Te streng	1
Streng, maar met genoeg vryheid	2
Vry en ongebonde, met min kontrole van u ouers	3

14. HOE OUD WAS U TOE U DIE EERSTE KEER TOEGELAAT IS OM ALLEEN MET 'N LID VAN DIE TEENOORGESTELDE GESLAG UIT TE GAAN?

12 jaar	1
13 jaar	2
14 jaar	3
15 jaar	4
16 jaar	5
17 jaar	6
18 jaar en ouer	7

15. HOEDANIG WAS U VERHOUDING MET U OUERS?

Goed en openhartig	1
Redelik	2
Swak	3

16. HET U AS GESIN DINGE SAAMGEDOEN (BV. SPELETJIES, VELDFLIEK, VOLKSFEESTE BYGEWOON, ENS.)

Dikwels	1
Soms	2
Nooit	3

17. HOE DIKWELS HET U OUERS U SAAMGENEEM KERK TOE ?

Gereeld	1
Soms	2
Nooit	3

18. VAN WATTER KERK IS U 'N LIDMAAT?

N.G.	1
Gereformeerd	2
Hervormd	3
Anglikaans	4
Metodiste	5
Presbeteriaanse	6
Baptiste	7
Rooms-Katolieke	8
A.G.S.	9
Lutherse	10
Ander : spesifiseer	11
Geen	12

19. HOE GEREELD BESOEK U DIE KERK?

Nooit	1
'n Paar keer per jaar	2
Een keer per maand	3
'n Paar keer per maand	4
Een keer per week of meer	5

20. HOEDANIG WAS DIE LEIDING WAT U IN DIE KERKLIKE KATEGESE EN PREDIKING OOR LIEFDESVERHOUDINGE ONTVANG HET?

Onvoldoende	1
Voldoende	2
Is nooit daaroor ingelig nie	3

21. HOEDANIG HET U ONDERWYSER U TEN OPSIGTE VAN U SIE-NING I.V.M. DIE TEENOORGESTELDE GESLAG BEINVLOED?

Positief	1
Negatief	2
Geen invloed	3

22. IN WATTER MATE KON U PROBLEME EN VRAE RONDOM DIE LIEFDESVERHOUDING MET U ONDERWYSERS BESPREEK?

Vrymoedig en openlik	1
Oppervlakkig	2
Het nie vrymoedigheid gehad nie	3

23. HOE DIKWELS LEES U U BYBEL EN BID U?

Elke dag	1
As die behoefte ontstaan	2
Selde	3
Nooit	4

24. HOE IS U MENING TEN OPSIGTE VAN LIEFDESVERHOUDINGE MET DIE TEENOORGESTELDE GESLAG DEUR U VRIENDE BE-INVLOED?

Positief	1
----------	---

Negatief	2
Nie juis nie	3

25. SAAM MET WIE HOU U GEWOONLIK VAKANSIE?

Alleen	1
Met ouers	2
Met vriende	3
Met eggenoot/e	4
Met vriend/in, verloofde	5

26. HET U BESWAAR DAARTEEN OM SONDER OUERLIKE TOESIG VAKANSIE TE HOU INDIEN U ONGETROUD IS?

Ja	1
Nee	2
Onseker	3

27. IN HOE 'N MATE, VOLGENS U MENING, SKEP DIE OPSIT IN 'N MOTOR GEVARE VIR DIE CHRISTELIKE VOORHUWELIKSE LIEFDESVERHOUDINGE?

Negatief	1
Positief	2
Onseker	3

28. WATTER INVLOED HET KOMMUNIKASIEMIDDELE BV. ROL=PRENTE EN T V OP U SIENING IN VERBAND MET VOOR=HUWELIKSE LIEFDESVERHOUDINGE?

Negatief	1
Positief	2
Onseker	3

29. WATTER INVLOED HET PRIKKELLEESSTOF EN PORNOGRAFIE OP U SIENING I.V.M. VOORHUWELIKSE LIEFDESVERHOUDINGE?

Negatief	1
Positief	2
Onseker	3

Beantwoord die volgende stellings deur slegs die ooreenstemmende nommer as antwoord te gebruik.

Stem beslis saam	1
Stem saam	2
Stem nie saam nie	3
Stem beslis nie saam nie	4

31. Twee persone wat mekaar liefhet kan voorhuwelikse geslagsverkeer beoefen.
32. Voorhuwelikse geslagsverkeer hou 'n groot gevaar in vir die sukses van die latere huwelik.
33. Geslagsgemeenskap mag slegs binne die huwelik beoefen word.
34. Die samelewing word gedemoraliseer deur voorhuwelikse geslagsgemeenskap.
35. Die huwelik het 'n groter kans op sukses indien die huweliksmaats voorhuwelikse geslagsverkeer beoefen het.
36. Die korrupte sedes wat die Westerse beskawing oorheers, het voorhuwelikse geslagsverkeer tot gevolg.

HOOFSTUK 5

EMPIRIESE ONDERSOEK

1. INLEIDING

Die bewering word dikwels gemaak, heeltemal tereg ook, dat 'n volk se toekoms gefundeer is in die kwaliteit onderwys wat sy kinders ontvang. As daar van hierdie vertrekpunt uitgegaan word, is dit abosqluut essensieel dat die onderwysers goed toe=geruste en bekwame mense sal wees, wat oor 'n hoë sedelike en morele peil sal beskik.

Hierdie doelwit kan alleenbereik word deur gebruik te maak van die beste beskikbare mensemateriaal. Daarom is die keuring van voornemende onderwysstudente so 'n uiters belangrike saak. Sodoende word verseker dat net die persone wat oor die ver=eiste eienskappe beskik, tot die studie toegelaat word.

Aangesien wet 39 van 1967 bepaal dat alle onderwys Christelik moet wees, is dit uiters noodsaaklik dat die onderwyser ook sy Christenskap prakties moet uit- en voorlewe om sodoende in woord en daad die Bybelse beginsels na te kom.

In hierdie studie word gelet op die kwaliteit van 'n groep fi=nalejaar-onderwysstudente ten opsigte van hulle godsdienstige siening met besondere klem op hulle siening van voorhuwelik=se liefdesverhoudinge en die huwelik.

2. PROBLEEMSTELLING

Voortspruitend uit die feit dat die onderwys in die R S A op 'n Christelik-nasionale lees geskoei moet wees, is dit van die

uiterste belang dat die onderwyser-in-opleiding met eersgamelde beginsels toegerus moet wees.

Myns insiens geskied die keuring van voornemende onderwysstudente met die nodige nougesetheid en verantwoordelikheid. Ten spyte van bogemelde maatreëls kan dit egter gebeur dat die beste akademiese gekwalifiseerde aansoekers gekeur word om onderwysersopleiding te ondergaan, maar dat hulle miskien nie deurgaans op die gebied van die religieus-sedelike absoluut aanvaarbaar sou wees nie, gesien in die lig van die feit dat dit nie menslik moontlik is om die mens in sy diepste wese te deurgrond nie. Teoreties is dit dus moontlik om 'n voornemende student wat nie aan hierdie kwaliteite voldoen nie, vir onderwysersopleiding te keur.

Die feit dat sommige onderwysstudente nie voldoen aan die eise wat deur die Christelik-nasionale norme aan hulle gestel word nie, kan nie alleenlik gewyt word aan 'n ondoeltreffende keuringstelsel nie. Vanweë die vorming wat die mens voortdurend ondergaan, en as gevolg van die feilbaarheid van die sondige mens, is dit moontlik dat 'n student aan negatiewe norme en waardes voorkeur mag begin gee. Dit is dus moontlik dat daar studente aan ons opleidingsentra is wat nie die Christelik-religieuse norme van die Afrikanervolk onderskryf nie.

Hierdie empiriese ondersoek is veral onderneem teen die agtergrond van die hedendaagse siening van die voor- en buitehuwelikse seksbeoefening om te probeer vasstel wat die siening van finalejaar-onderwysstudente betreffende hierdie aanleentheid is.

3. WAARDE VAN DIE ONDERSOEK

Deur hierdie ondersoek kan in 'n mate 'n denkbeeld gevorm word van die ingesteldheid van die deursnee student rakende sake rondom die verhouding tussen die twee geslagte vóór en binne die huwelik.

Bepaalde knelpunte en wanopvattinge met betrekking tot bogenoemde sake kan uitgewys word en daar kan gepoog word om dit reg te stel. Daar behoort al tydens die sekondêre fase van die onderwys aandag aan hierdie uiters aktuele saak gegee te word. Die sillabus vir Bybelonderrig behoort ook verantwoordelike en tersaaklike kennis aan te bied oor die implikasies van losbandigheid op hierdie gebied.

4. METODE VAN NAVORSING

Vraelyste is voltooi deur 'n verteenwoordigende groep finalejaar-onderwysstudente en die gerekenariseerde resultate word statisties in tabelvorm aangebied.

5. BEVINDINGE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Die totale aantal studente wat aan die ondersoek deelgeneem het, nl. 466, het bestaan uit 124 mans en 342 dames.

TABEL 1

Huwelikstaat (Vraag 3)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Ongetroud	76	61,3	233	68,1	309	66,3
2	Ongetroud en bly saam	1	0,8	1	0,3	2	0,4
3	Getroud	17	13,7	41	12,0	58	12,4
4	Verloof	15	12,1	35	10,2	50	10,7
5	Verloof en bly saam	0	0,0	0	0,0	0	0,0
6	Vaste verhouding	12	9,7	21	6,1	33	7,1
7	Vaste verhouding en bly saam	0	0,0	1	0,3	1	0,2
8	Geen vaste verhouding	3	2,4	10	2,9	13	2,8

Uit die groep van 466 studente wat aan die ondersoek deelge= neem het, bly slegs drie persone saam sonder dat hulle ge= troud is. Dit verteenwoordig slegs 0,64% van die totale groep. Dit is werklik 'n verblydende faktor gesien teen die agtergrond van die permissiewe tydsgewrig waarin ons lewe.

Aangesien die onderwyser 'n beeld van integriteit en hoë mo= rele waardes moet uitleef, en hierdie respondente almal finale= jaar-onderwysstudente is, stem dit tot dankbaarheid dat hier= die eienskappe by die meerderheid teenwoordig is.

TABEL 2

Hoe dikwels het u ouers u saamgeneem kerk toe? (Vraag 17)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Gereeld	98	79,7	294	86,5	392	84,7
2	Soms	21	17,1	43	12,6	64	13,8
3	Nooit	4	3,3	3	0,9	7	1,5

Uit voorafgaande is dit duidelik dat die meerderheid ouers hul-
le kinders (84,7%) gereeld na die eredienste saamgeneem het.
Die Woord van die Here leer dat die kinders gereeld na die
huis van die Here geneem moet word. (Deut. 6:7, 11:9; Mark.
10:14)

Dit is egter onrusbarend om te merk dat 13,8% ouers soms en
1,5% nooit hulle doopbelofte in hierdie opsig nagekom het nie.
(..... beloop u en is dit u voorneme om hierdie kind as dit
tot sy verstand gekom het, van wie u vader, moeder of ge-
tuie is, in dié leer na u vermoë te onderrig of te laat onder-
rig?)

TABEL 3

Is u 'n lidmaat van 'n kerk? (Vraag 18)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Ja	124	100	339	99,41	463	99,57
2	Nee	0	0,0	2	0,6	2	0,43

Uit bostaande tabel blyk dat 0,6% van die dames en 0,0% van die mans wat dié vraag beantwoord het, nie lidmate van 'n kerk is nie. Die Onderwyswet van die Republiek van Suid-Afrika bepaal dat ons onderwys 'n Christelike karakter moet dra en dit is dus verblydend dat slegs 'n geringe persentasie van hierdie studente (en by name die 0,6% dames) nie lidmate van 'n kerk is nie.

TABEL 4

Hoe gereeld besoek u die kerk? (Vraag 19)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Nooit	2	1,6	0	0,0	2	0,4
2	'n Paar keer per jaar	13	10,5	13	3,8	26	5,6
3	Een keer per maand	8	6,5	23	6,7	31	6,7
4	'n Paar keer per maand	41	33,1	122	35,7	163	35,0
5	Een keer per week of meer	60	48,4	184	53,8	244	52,4

In die huidige tydsgewrig heers daar ernstige kommer oor die toenemende kerkloosheid. Uit die gegewens blyk dit dat slegs 48,4% mans en 53,8% dames kerkdienste elke Sondag bywoon. Wat veral kommerwekkend is, is die feit dat 5,6% van die respondentes aangetoon het dat hulle die eredienste slegs 'n paar keer per jaar bywoon, en dat 1,6% mans aangetoon het dat hulle nooit die kerk besoek nie.

Die vraag kan met reg gevra word of persone wat daardie gesindheid openbaar in staat is om 'n voorbeeld te stel aan dié leerlinge wat deur hulle onderrig word.

Aangesien die dames by uitstek met die onderrig van kinders in hulle eerste (en belangrikste) skooljare gemoeid is, is dit verblydend om te merk dat geeneen van die dames absoluut afsydig teenoor die kerk staan nie.

TABEL 5

Hoedanig was die leiding wat u in die kerklike katelese en prediking oor liefdesverhoudinge ontvang het? (Vraag 20)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Onvoldoende	34	27,6	95	27,8	129	27,7
2	Voldoende	84	68,3	218	63,7	302	64,9
3	Is nooit daaroor ingelig nie	5	4,1	29	8,5	34	7,3

Ten spyte van die feit dat geslagsopvoeding en leiding i.v.m. liefdesverhoudinge primêr die taak van die ouers is, behoort die kerklike katelese en prediking ook hier Skrifgefundeerde leiding te gee.

Dat dit wel gebeur, word bewys deur die feit dat 64,9% van die respondente van mening is dat die leiding voldoende was. Daarteenoor beskou 27,7% die leiding as onvoldoende en 7,3% getuig dat hulle nooit daaroor ingelig is nie.

Uit persoonlike gesprekke met jongmense blyk dit dat baie ouers hulle plig in dié opsig versuim. Die kerke het 'n groot taak om hierdie uiters belangrike saak op die korrekte en diskrete wyse tydens katelese en prediking by die jongmense in perspektief te stel.

TABEL 6

In watter mate kon u probleme en vrae rondom die liefdes=
verhouding met u onderwysers bespreek? (Vraag 22)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Vrymoedig en openlik	18	14,6	30	8,8	48	10,3
2	Oppervlakkig	43	35,0	104	30,5	147	31,7
3	Geen vrymoedigheid	62	50,4	207	60,7	269	58,0

Die reaksie wat uit die statistiek blyk, nl. dat 58% van die studente nie die vrymoedigheid gehad het om vrae en probleme rondom die liefdesverhoudinge met hulle onderwysers te bespreek nie, dui op 'n bepaalde leemte in die vertrouensposisie wat tussen opvoeder en die kind-op-weg bestaan.

Aangesien die onderwyser met die kind in sy totaliteit handel, behoort hy ook in hierdie delikate aangeleentheid vrymoedigheid by die kind te wek om sodoende sy geleenthede as opvoeder ten beste te benut.

TABEL 7

Hoe dikwels lees u u Bybel en bid u? (Vraag 23)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Elke dag	86	69,9	299	87,4	385	82,8
2	As behoefte ontstaan	28	22,8	32	9,4	60	12,9
3	Selde	7	5,7	10	2,9	17	3,7
4	Nooit	2	1,6	1	0,3	3	0,6

Aangesien die Bybel die bepalende norm en rigsgaande vir elke mens moet wees, is dit 'n positiewe faktor dat 82,8% van die respondente elke dag die Bybel lees en bid.

Ten spyte van die streng keuring t.o.v. godsdienstige beginsels van onderwysstudente, blyk dit dat 4,3% van die respondente selde of nooit die Bybel lees of bid nie.

TABEL 8

Het u beswaar daarteen om sonder ouerlike toesig vakansie te hou indien u ongetroud is? (Vraag 26)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Ja	26	21,3	90	26,9	116	25,4
2	Nee	91	74,6	224	66,9	315	68,9
3	Onseker	5	4,1	21	6,3	26	5,7

Waar dit vroeër die gebruik was dat ongetroudes tot en met hulle huwelik onder ouerlike toesig gestaan het, is die huidige tydsgees daarvoor verantwoordelik dat kinders op 'n jonger ouderdom aan hulle eie keuse oorgelaat word, dikwels met ramspoedige gevolge. Uit bostaande tabel is dit duidelik dat die tradisionele gebruik vervaag het (68,9% van die respondente het geen beswaar daarteen nie). Dit is egter opvallend dat 25,4% nog verkies om onder ouerlike toesig vakansie te hou.

TABEL 9

In hoe 'n mate, volgens u mening, skep die opsit in 'n motor gevare vir die Christelike voorhuwelikse liefdesverhoudinge? (Vraag 27)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Negatief	44	36,4	159	47,2	203	44,3
2	Positief	33	27,3	74	22,0	107	23,4
3	Onseker	44	36,4	104	30,9	148	32,3

Die hedendaagse situasie, waar jongmense dikwels in oorvol koshuissitkamers en in openbare plekke moet "opsit," het daartoe gelei dat al hoe meer jongmense hulle tot die privaatheid van motors wend om alleen te wees. Vanselfsprekend skep so 'n situasie probleme, omdat die motor 'n afgeslote ruimte bied teen nuuskierige oë.

Uit die ondersoek blyk dat die meerderheid studente, nl. 44,3%, meen dat so 'n situasie geen gevare inhou nie.

Hulle hou egter nie rekening met die feit dat alleenwees positiesief inwerk op die geslagsdrang nie.

Diegene wat meer rekening hou met die werklikheid (23,4%) besef dat so 'n situasie bepaalde gevare inhou.

Dit blyk ook dat 'n beduidende persentasie, nl. 32,3%, onseker is.

TABEL 10

Watter invloed het kommunikasiemiddele, bv. rolprente en T V, op u siening in verband met voorhuwelikse liefdesverhoudinge? (Vraag 28)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Negatief	71	57,7	184	54,6	255	5,4
2	Positief	26	21,1	78	23,1	104	22,6
3	Onseker	26	21,1	75	22,3	101	22,0

Uit bogenoemde statistiek blyk dit dat jongmense nie altyd begrip het vir die negatiewe invloed wat genoemde kommunikasiemiddele kan uitoefen nie, daar dit hoofsaaklik tot die onderbewussyn spreek. Akteurs en filmsterre se negatiewe optrede bly in die onderbewussyn vassteek en kan later in kritieke situasies 'n bepalende faktor wees om jongmense wat hulle aanhangers is, verkeerde besluite te laat neem.

Weens die feit dat 22% van die respondente onseker is oor die invloed van kommunikasiemiddele, kan die gevolgtrekking gemaak word dat dit hulle aan behoorlike voorligting in die verband ontbreek.

TABEL 11

Watter invloed het prikkelleesstof en pornografie op u siening i.v.m. voorhuwelikse liefdesverhoudinge? (Vraag 29)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Negatief	69	56,6	227	67,2	296	64,3
2	Positief	33	27,0	69	20,4	102	22,2
3	Onseker	20	16,4	42	12,4	62	13,5

Dit is insiggewend dat 64,3% van die respondente besef dat prikkelleesstof en pornografie 'n negatiewe invloed het. Dit is 'n bekende feit dat bogenoemde literatuur 'n negatiewe invloed uitoefen deurdat dit die mens se sin vir die etiese en estetiese verlaag.

Uit ondersoeke het geblyk dat die mens hierdeur eroties geprikkel word en hy/sy hom/haar gevolglik aan sedeloosheid en ongebondenheid kan skuldig maak.

TABEL 12

Twee persone wat mekaar liefhet kan voorhuwelikse geslags=
verkeer beoefen. (Vraag 31)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Stem beslis saam	14	11,2	5	1,5	19	4,1
2	Stem saam	39	31,5	67	19,7	106	22,8
3	Stem nie saam nie	25	20,2	89	26,2	114	24,6
4	Stem beslis nie saam nie	46	37,1	179	52,6	225	48,5

Die meerderheid van die respondente nl. 57,3% mans en 78,8% dames stem saam dat voorhuwelikse geslagsverkeer nie beoefen kan word nie, al is daar liefde by die saak betrokke.

Dit is opmerklik dat 'n groter persentasie dames as mans teen voorhuwelikse verkeer gekant is, nl. 78,8% dames teenoor 57,3% mans.

Die feit dat 26,9% van die studente geslagsverkeer voor die hu=
welik goedkeur, dui op die feit dat hulle waarskynlik nie ten
volle rekening hou met die gevare en gevolge van voorhuwelik=
se geslagsverkeer nie.

TABEL 13

Geslagsgemeenskap mag slegs binne die huwelik beoefen word.

(Vraag 33)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Stem beslis saam	58	46,8	206	60,2	264	56,7
2	Stem saam	26	21,0	72	21,1	98	21,0
3	Stem nie saam nie	34	27,4	51	14,9	85	18,2
4	Stem beslis nie saam nie	6	4,8	13	3,8	19	4,1

Uit bogenoemde tabel blyk dit dat 77,7% van die respondente saamstem dat geslagsverkeer slegs binne die huwelik beoefen mag word, terwyl 22,3% meen dat geslagsgemeenskap ook buite die huwelik beoefen kan word. Uit diegene wat bogenoemde mening toegedaan is, blyk dat 4,1% beslis nie saamstem met die stelling wat in tabel 12 gemaak word nie en kan dus aangeneem word dat hulle seks beskou as iets wat soos 'n koppie koffie geniet moet word, dus ongebreideld en sonder beperkinge.

TABEL 14

Voorhuwelikse geslagsverkeer hou 'n groot gevaar in vir die sukses van die latere huwelik. (Vraag 32)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Stem beslis saam	31	25,0	133	39,2	164	35,4
2	Stem saam	24	19,4	99	29,2	164	35,4
3	Stem nie saam nie	48	38,7	80	23,6	128	27,6
4	Stem beslis nie saam nie	21	16,9	27	8,0	48	10,4

Die manlike respondente wat meen dat voorhuwelikse geslagsverkeer die huwelik nadelig kan beïnvloed is in die minderheid, (44,4%) teenoor 55,6% wat meen dat dit geen nadelige invloed kan inhou nie. Dit dui egter op 'n positiewe gesindheid by die dames dat die meerderheid, nl. 68,4%, meen dat die voorhuwelikse verkeer wel gevare vir die latere huwelik kan inhou. Aangesien die sedelike peil van 'n volk hoofsaaklik deur die vrou bepaal word, is dit egter onrusbarend dat byna een derde, nl. 31,6%, van die dames nie glo dat voorhuwelikse geslagsverkeer 'n ernstige negatiewe element vir die latere huwelik inhou nie.

TABEL 15

Die samelewing word gedemoraliseer deur voorhuwelikse geslagsgemeenskap. (Vraag 34)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Stem beslis saam	32	26,9	139	41,2	171	37,5
2	Stem saam	36	30,3	126	37,4	162	35,5
3	Stem nie saam nie	28	23,5	54	16,0	82	18,0
4	Stem beslis nie saam nie	23	19,3	18	5,3	41	9,0

'n Betekenisvolle feit kom uit die bostaande gegewens na vore: 73% van die respondente beskou voorhuwelikse geslagsgemeenskap as demoraliserend vir die samelewing, teenoor die 27% wat nie die mening toegedaan is nie.

Die afleiding kan dus gemaak word dat die oorgrote meerderheid van die betrokke jongmense besef dat losse en vrye seksverhoudings ook 'n gees van permissiwiteit na die gemeenskap kan laat deursuur.

TABEL 16

Die huwelik het 'n groter kans op sukses indien die huweliksmaats voorhuwelikse geslagsverkeer beoefen het. (Vraag 35)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Stem beslis saam	12	9,8	14	4,1	26	5,6
2	Stem saam	25	20,5	34	10,0	59	12,8
3	Stem nie saam nie	42	34,4	122	35,9	164	35,5
4	Stem beslis nie saam nie	43	35,2	170	50,0	213	46,1

Interessant is die feit dat 18,4% van die respondente van mening is dat voorhuwelikse geslagsverkeer tot die latere harmonie en sukses in die huwelik kan bydra, terwyl die oorgrote meerderheid (81,6%) blykbaar besef dat vorige ervaring op seksuele gebied nie noodwendig tot die sukses in 'n huwelik kan bydra nie.

TABEL 17

Die korrupte sedes wat die Westerse beskawing oorheers, het voorhuwelikse geslagsverkeer tot gevolg. (Vraag 36)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Stem beslis saam	37	30,8	85	25,1	122	26,6
2	Stem saam	39	32,5	157	46,4	196	42,8
3	Stem nie saam nie	27	22,5	70	20,7	97	21,2
4	Stem beslis nie saam nie	17	14,2	26	7,7	43	9,4

Vrye geslagsverkeer, die toenemende verval van die huwelik en die misbruik van dwelms is kenmerke van die Westerse beskawing.

Die feit dat bg. sedeloosheid 'n besliste faktor lewer om sede en moreel af te takel, word deur 69,4% van die respondente erken. Daarteenoor meen 30,6% dat voorhuwelikse geslagsverkeer nie 'n gevolg van die korrupte sedes van die Westerse beskawing is nie.

TABEL 18

Jongmense kan nie bekostig om in die huwelik te tree nie en bly gevolglik saam. (Vraag 37)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Stem beslis saam	12	9,8	11	3,2	23	5,0
2	Stem saam	25	20,5	70	20,5	95	20,5
3	Stem nie saam nie	43	35,2	129	37,7	172	37,1
4	Stem beslis nie saam nie	42	34,4	132	38,6	174	37,5

Die voorgaande stelling word dikwels as regverdiging vir voorhuwelikse saamwonery gebruik. In hierdie geval is 25,5% van die respondente van mening dat dit wel as 'n bydraende faktor gesien kan word, terwyl die oorgrote meerderheid, nl. 74,6%, dié stelling verwerp.

TABEL 19

Die voorkoms van geslagsiektes word verhoog deur vryelike seksuele verkeer. (Vraag 38)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Stem beslis saam	51	42,5	162	47,8	213	46,4
2	Stem saam	44	36,7	142	41,9	186	40,5
3	Stem nie saam nie	14	11,7	16	4,7	30	6,5
4	Stem beslis nie saam nie	11	9,2	19	5,6	30	6,5

Met die wêreldwye katastrofiese toename van geslagsiektes, waarvan sommige, bv. Herpes genitales, ongeneeslik is, is dit insiggewend dat 86,9% van die respondente die voorkoms van geslagsiektes wyt aan ongebonde seksuele verkeer. Ongeveer een agste (13,0%) huldig egter nie die mening nie.

TABEL 20

Voorbehoedmiddels behoort vryelik en gratis beskikbaar gestel te word. (Vraag 39)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Stem beslis saam	28	23,0	25	7,3	53	11,4
2	Stem saam	38	31,1	66	19,4	104	22,5
3	Stem nie saam nie	34	27,9	125	36,7	159	34,3
4	Stem beslis nie saam nie	22	18,0	125	36,7	147	31,7

Oor hierdie omstrede en hoogs debatteerbare saak bestaan daar onder die respondente 'n skerp meningsverskil.

Slegs sowat 'n derde (33,9%) meen dat voorbehoedmiddels vryelik en gratis bekombaar behoort te wees, terwyl die meerderheid (66%) nie ten gunste van so 'n stap is nie.

TABEL 21

Aborsie op aanvraag behoort gewettig te word. (Vraag 40)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Stem beslis saam	9	7,4	11	3,2	20	4,3
2	Stem saam	19	15,6	27	7,9	46	9,9
3	Stem nie saam nie	23	18,9	81	23,8	104	22,5
4	Stem beslis nie saam nie	71	58,2	222	65,1	293	63,3

Met die steeds toenemende vlag van permissiwiteit, bv. die daarmee gepaardgaande "vryheid" en nuwe moraal wat die moderne mens kenmerk, is dit verblydend om te kan aantoon dat 85,8% van die respondente gekant is teen aborsie op aanvraag.

Slegs 14,2% het aangedui dat aborsie op aanvraag, d.w.s. ná vrye seksuele verkeer, gewettig behoort te word.

TABEL 22

Die indruk word geskep dat die moderne gemeenskap voor=
huwelikse geslagsverkeer goedkeur. (Vraag 41)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Stem beslis saam	17	14,0	39	11,5	56	12,1
2	Stem saam	65	53,7	199	58,5	264	57,3
3	Stem nie saam nie	30	24,8	76	22,4	106	23,0
4	Stem beslis nie saam nie	9	7,4	26	7,6	35	7,6

As gevolg van die propagering van voorhuwelikse geslagsver=
keer in bv. verhale, popmusiek, rolprente en advertensies,
wil dit voorkom asof die moderne gemeenskap unaniem goed=
keuring verleen aan vrye seksuele verkeer. Van die respon=
dente het 69,4% hierdie mening gehuldig, terwyl 30,6% nie met
hierdie stelling saamgestem het nie.

TABEL 23

Die huwelik het 'n groter kans op sukses as jongmense 'n tyd
lank saamwoon voordat hulle trou. (Vraag 42)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Stem beslis saam	14	11,7	11	3,2	25	5,4
2	Stem saam	20	16,7	27	7,9	47	10,2
3	Stem nie saam nie	41	34,2	124	36,5	165	35,9
4	Stem beslis nie saam nie	45	37,5	177	52,1	222	48,3

Gesien in die lig van die huidige toename in sg. proefhuwe=like is dit nie vreemd dat 15,6% van die respondente van mening is dat 'n suksesvolle huwelik voorafgegaan moet word deur 'n buite-egtelike saamwonery nie.

'n Groot groep (84,2%) keur egter saamwonery, as 'n resep vir 'n suksesvolle huwelik, af.

TABEL 24

Die saamwonery van bekende persone in die gemeenskap beïnvloed jongmense om dieselfde te doen. (Vraag 43)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Stem beslis saam	40	33,1	69	20,4	109	23,7
2	Stem saam	53	43,8	166	49,1	219	47,7
3	Stem nie saam nie	17	14,0	73	21,6	90	19,6
4	Stem beslis nie saam nie	11	9,1	30	8,9	41	8,9

Dit is 'n bekende feit dat jongmense hulself graag identifiseer met hulle helde of heldinne. Aangesien die meeste hedendaagse "heldefigure" suksesvolle rolprentsterre of popsangers is wat oor die algemeen nie 'n baie hoë sedelike peil handhaaf nie, kan hulle aanhangers ook bewustelik of onbewustelik beïnvloed word deur hulle negatiewe optrede. Hiervan getuig die feit dat 71,4% van die respondente oortuig is dat saamwonery van bekendes, sonder dat hulle getroud is, jongmense kan beïnvloed om dieselfde te doen.

Daarenteen is 28,5% nie die mening toegedaan nie.

TABEL 25

Seks is daar om deur mense geniet te word. (Vraag 44)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Stem beslis saam	29	24,2	26	7,8	55	12,1
2	Stem saam	25	20,8	82	24,5	107	23,5
3	Stem nie saam nie	28	23,3	84	25,1	112	24,6
4	Stem beslis nie saam nie	37	30,8	143	42,7	180	39,6

Die implikasie van die stelling is dat seks geniet kan word sonder die binding van die huwelik. Van die respondente het 35,6% aangedui dat seks sodanig geniet kan word, terwyl 64,2% nie met die stelling saamgestem het nie.

TABEL 26

Voorhuwelikse geslagsverkeer kan beoefen word sonder dat daar liefde betrokke is. (Vraag 45)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Stem beslis saam	20	16,4	27	7,9	47	10,1
2	Stem saam	26	21,3	51	14,9	77	16,6
3	Stem nie saam nie	20	16,4	37	10,8	57	12,3
4	Stem beslis nie saam nie	56	45,9	227	66,4	283	61,0

Die neiging bestaan tans by sommige dat seks beoefen kan word sonder die liefdesbinding d.w.s suiwer om die fisieke genot daarvan. Van die respondente is 26,7% hierdie mening toegeedaan, terwyl 73,3% aangedui het dat liefde 'n integrerende vereiste vir die seksuele moet wees.

TABEL 27

Bordele behoort gewettig te word in die R S A (Vraag 46)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Stem beslis saam	10	8,3	5	1,5	15	3,3
2	Stem saam	7	5,8	3	0,9	10	2,2
3	Stem nie saam nie	16	13,2	14	4,2	30	6,6
4	Stem beslis nie saam nie	88	72,7	315	93,5	403	88,0

Die argumente dat gewettigde bordele tot 'n afname in geslag= siektes en ongewenste swangerskappe asook algemene sedeloos= heid lei, word aangevoer in oorsese lande waar bordele bestaan.

Die oorgrote meerderheid van die respondente, nl. 94,6%, is egter van mening dat bordele nie in die R S A gewettig moet word nie. Onder diegene (5,5%) wat meen dat dit wel die ge= val moet wees, is 14,1% mans en slegs 2,4% dames.

TABEL 28

Toenemende losbandigheid is die gevolg van vrye geslags= verkeer. (Vraag 47)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Stem beslis saam	44	36,4	133	39,0	177	38,3
2	Stem saam	55	45,5	117	34,3	172	37,2
3	Stem nie saam nie	12	9,9	61	17,9	73	15,8
4	Stem beslis nie saam nie	10	8,3	30	8,8	40	8,7

Met hierdie stelling het 75,5% van die respondente aangetoon dat hulle vrye geslagsverkeer beskou as die oorsaak van toenemende losbandigheid op alle vlakke van die samelewing. Die teenoorgestelde siening word slegs deur 24,5% van die studente gehandhaaf.

TABEL 29

Voorhuwelikse geslagsverkeer word beoefen omdat die "establishment" dit afkeur. (Vraag 48)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Stem beslis saam	16	13,7	17	5,3	33	7,6
2	Stem saam	29	24,8	99	30,9	128	29,3
3	Stem nie saam nie	49	41,9	139	43,4	188	43,0
4	Stem beslis nie saam nie	23	19,7	65	20,3	88	20,1

Aangesien die neiging by jongmense bestaan om instellings en tradisies krities te benader en soms in opstand te kom teen aanvaarde norme en gebruike gebeur dit dat hulle sekere dinge doen om die samelewing te skok. Daarom meen 36,9% dat voorhuwelikse geslagsverkeer beoefen word omdat die "establishment" dit afkeur.

Die meerderheid, nl. 63,1%, sien dit egter nie as 'n oorsaak wat lei tot voorhuwelikse geslagsverkeer nie.

TABEL 30

Voorligting in verband met geslagsverkeer behoort in skole aangebied te word. (Vraag 49)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Stem beslis saam	40	32,8	60	17,6	100	21,6
2	Stem saam	35	28,7	126	37,0	161	34,8
3	Stem nie saam nie	22	18,0	85	24,9	107	23,1
4	Stem beslis nie saam nie	25	20,5	70	20,5	95	20,5

Meer as die helfte van die studente (56,4%) meen dat geslags= voorligting in die sillabusse van skole ingesluit behoort te word.

Dit dui op 'n bepaalde behoefte wat by jongmense ontstaan om die feite met betrekking tot hierdie aktuele saak op 'n korrek= te en positiewe wyse te verneem.

TABEL 31

Voorhuwelikse geslagsverkeer lei tot skuldgevoelens en takel jongmense se selfrespek af. (Vraag 50)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Stem beslis saam	43	35,0	155	45,5	198	42,7
2	Stem saam	35	28,5	115	33,7	150	32,3
3	Stem nie saam nie	36	29,3	53	15,5	89	19,2
4	Stem beslis nie saam nie	9	7,3	18	5,3	27	5,8

Dit is betekenisvol dat die oorgrote meerderheid respondente, nl. 75%, verklaar dat voorhuwelikse geslagsverkeer tot skuldgevoelens lei en dat dit die selfrespek aftakel. Die jongmense wat nie so voel nie, verteenwoordig slegs 25% van die groep.

TABEL 32

Die Bybel veroordeel nie voorhuwelikse geslagsverkeer nie.

(Vraag 51)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Stem beslis saam	12	10,0	11	3,3	23	5,0
2	Stem saam	21	17,5	45	13,4	66	14,5
3	Stem nie saam nie	26	21,7	79	23,5	105	23,0
4	Stem beslis nie saam nie	61	50,8	201	59,8	262	57,5

In die huidige tydsgewrig word die Bybel deur sommige misbruik om voorhuwelikse gemeenskap goed te praat, bv. 1 Kor. 13:7: "..... die liefde bedek alles." As die liefde net teenwoordig is, is daar geen beperkinge nie.

Dit is egter verblydend om uit die statistiek af te lei dat 80,5% van die studente wat ondervra is, nie meen dat die Bybel seksuele omgang vóór die huwelik goedkeur nie.

Die oorblywende 19,5% wat meen dat die Bybel dit wel goedkeur, hou nie rekening met o.a. Deut. 22:28 en 29 nie.

TABEL 33

Voorhuwelikse geslagsverkeer is slegs mode en sal metter=
tyd oorwaai. (Vraag 52)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Stem beslis saam	3	2,5	9	2,7	12	2,6
2	Stem saam	7	5,7	32	9,5	39	8,5
3	Stem nie saam nie	48	39,3	169	50,0	217	47,2
4	Stem beslis nie saam nie	64	52,5	128	37,9	192	41,7

Slegs 11,1% van die studente het met die stelling saamgestem, terwyl 88,9% die stelling verwerp het.

Aangesien voorhuwelikse geslagsverkeer een van die gevolge van die sonde is, en die sondegebrokenheid van die mens sal voortduur tot en met die wederkoms van Christus, is voorhuwelikse geslagsverkeer beslis nie 'n mode wat sal oorwaai nie, soos blyk uit bogenoemde statistiek.

TABEL 34

Die Christengelowige behoort nie voorhuwelikse geslagsverkeer te beoefen nie. (Vraag 53)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Stem beslis saam	54	45,0	201	59,1	255	55,4
2	Stem saam	31	25,8	70	20,6	101	22,0
3	Stem nie saam nie	28	23,3	57	16,8	85	18,5
4	Stem beslis nie saam nie	7	5,8	12	3,5	19	4,1

Die gedagte bestaan onder sommige dat voorhuwelikse geslagsverkeer nie sonde is nie; dat seks 'n gawe van God is wat deur mense geniet moet word, hetsy voorhuweliks of buite die huwelik.

Hiervan getuig die feit dat 22,6% van die respondente meen dat ook die Christengelowige seks voor die huwelik mag beoefen.

Die meerderheid van die studente, nl. 77,4%, besef egter dat voorhuwelikse geslagsverkeer sonde is en die gelowige mens hom hiervan moet onthou.

TABEL 35

Geslagsverkeer kan binne die verlowingstydperk beoefen word. (Vraag 54)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Stem beslis saam	19	15,7	15	4,5	34	7,4
2	Stem saam	38	31,4	68	20,2	106	23,1
3	Stem nie saam nie	25	20,7	111	32,9	136	29,7
4	Stem beslis nie saam nie	39	32,2	143	42,4	182	39,7

Die populêre opvatting by baie verloofde paartjies is dat hulle mekaar liefhet en tog gaan trou, daarom kan hulle geslagsgemeenskap hê. Van die respondente het 30,5% hierdie mening gehuldig, terwyl die behoudende groep verteenwoordig is deur 'n persentasie van 69,4%.

Soos elders in die studie aangetoon, is geslagsgemeenskap slegs binne die huwelik toelaatbaar en is dit bemoedigend dat die oorgrote meerderheid van die studente hierde mening toegedaan is, hoewel dit nogal opmerklik is dat 30,5% van die teikengroep meen dat geslagsgemeenskap wel tydens die verlowingsfase toelaatbaar is. Aan hierdie wanning opvatting sal beslis deur die ouers, die skool en die kerk aandag geskenk moet word.

TABEL 36

Gedwonge huwelike se kans op sukses is minder as huwelike wat uit eie vrye wil plaasvind. (Vraag 55)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Stem beslis saam	68	56,2	171	50,1	239	51,7
2	Stem saam	33	27,3	104	30,5	137	29,7
3	Stem nie saam nie	9	7,4	38	11,1	47	10,2
4	Stem beslis nie saam nie	11	9,1	28	8,2	39	8,4

Dit is 'n verblydende feit dat die grootste groep studente besef dat gedwonge huwelike se kanse op sukses nie baie goed is nie, soos weerspieël word deur die feit dat 81,4% met die stelling saamstem.

Die studente wat nie met die stelling saamstem nie, is in die minderheid, nl. 18,6%.

TABEL 37

Jongmense verkies 'n huweliksmaat wat kuis gelewe het.

(Vraag 56)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Stem beslis saam	53	44,5	192	56,3	245	53,3
2	Stem saam	42	35,3	99	29,0	141	30,7
3	Stem nie saam nie	13	10,9	34	10,0	47	10,2
4	Stem beslis nie saam nie	11	9,2	16	4,7	27	5,9

Ten spyte van die permissiewe tydsgees waarin ons lewe, verkies 84,0% van die respondente 'n huweliksmaat wat kuis gelewe het.

Alhoewel so 'n groot persentasie mans, nl. 79,8% 'n kuis huweliksmaat verkies, het dit uit persoonlike gesprekke geblyk dat meeste jongmans wat onkuis lewe, tog met 'n meisie wil trou wat kuis gelewe het.

Die groep wat nie omgee om met 'n persoon te trou wat onkuis gelewe het nie, is ver in die minderheid, nl. 16,1%.

TABEL 38

Sommige jongmense beoefen voorhuwelikse geslagsomgang
om populêr te wees. (Vraag 57)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Stem beslis saam	43	35,8	81	24,2	124	27,3
2	Stem saam	54	45,0	179	53,4	233	51,2
3	Stem nie saam nie	13	10,8	45	13,4	58	12,7
4	Stem beslis nie saam nie	10	8,3	30	9,0	40	8,8

In sommige kringe deel jongmense vryelik seksuele gunste uit
met die doel om populêr te wees. Die mening word onder=
steun deur 78,5% van die respondente.

Vir jongmense is dit belangrik om deel te voel van 'n groep
en om te doen soos die groep doen. As die groep negatiewe
waardes onderskryf, word die enkeling dikwels saamgesleur.

TABEL 39

As voorhuwelikse geslagsverkeer eenkeer plaasgevind het,
word dit al hoe moeiliker om nie aan die versoeking toe te
gee nie. (Vraag 58)

		Mans		Dames		Totaal	
		N	%	N	%	N	%
1	Stem beslis saam	61	51,7	163	48,9	224	49,7
2	Stem saam	37	31,4	133	39,9	170	37,7
3	Stem nie saam nie	11	9,3	24	7,2	35	7,8
4	Stem beslis nie saam nie	9	7,6	13	3,9	22	4,9

Aangesien die geslagsdrang by die mens so 'n sterk faktor is en soveel fisieke genot inhou, is dit baie moeilik, om as daar eenkeer aan die drang toegegee is, jou daarvan te weerhou. Dit kan 'n vaste patroon word wat baie moeilik is om te verbreek. Dit is insiggewend om af te lei dat 87,4% van die respondente hiermee saamstem en dat slegs 'n klein persentasie, nl. 12,7%, nie hiermee akkoord gaan nie.

6. SAMEVATTING VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

1. INLEIDING

Aangesien dit die onderwysprofessie is wat by uitstek verantwoordelik is vir die behoud, handhawing en toekomstige uitbouing van die Christelik-nasionale lewensbeginsels in die onderwys, is dit uiters noodsaaklik dat diegene wat die professie betree, mense moet wees wat oor bepaalde eienskappe beskik. Benewens positiewe persoonlikheidseienskappe en 'n hoë standaard van opleiding moet die onderwyser ook 'n Christengelowige wees met verhewe sedelike norme. Dit is dus essensieel dat slegs mense wat aan hierdie vereistes voldoen as onderwysers opgelei kan word. By die keuring van voornemende onderwysstudente word dan ook deeglik gelet op die godsdienstige ingesteldheid van die persoon. Iemand wat nie aan die vereistes voldoen nie, kan nie toegelaat word om met die volk se kosbaarste besitting - sy kinders - te handel nie.

"Gietvorms van ons jeug, ons vra
dat julle skouers breed moet dra;
jul bou met meer as staal of steen,
ons volkswees wentel om jul heen"

G.A. Watermeyer - Uit :
Die Republiek van Duisend
Jaar

2. KERKLIKE AANGELEENTHEDE

Uit die empiriese ondersoek blyk dit dat die oorgrote meerderheid van die respondente (99,6%) lidmate van hulle onderskeie kerke is. Slegs 0,4% behoort aan geen kerk nie.

Net minder as die helfte (48,4%) van die mans en iet= wat meer as die helfte (53,8%) van die dames het aan= gedui dat hulle die kerk elke Sondag besoek, terwyl 33,1% mans en 35,7% van die dames die kerk 'n paar keer per maand besoek. Slegs 1,6% van die mans be= soek die kerk nooit, terwyl die oorblywende groep res= pondente, nl. 10,5% dames en 16,9% mans die kerk een keer per maand of 'n paar keer per jaar besoek. Die aflei= ding kan dus gemaak word dat slegs 'n klein persen= tasie van die studente ongereelde kerkgangers is.

3. GEBEDSLEWE

Dit is 'n verblydende faktor dat 82,8% van die studente aangedui het dat hulle elke dag bid en hulle Bybel lees. Daarteenoor lees 12,9% die Bybel en bid hulle as die be= hoefte ontstaan. Gesien in die lig van die feit dat van

hulle veronderstel word om Christelike onderwys aan te bied, aan kinders uit Christelike huisgesinne is dit jammer dat 4,3% van die groep wat ondervra is selde of nooit hulle Bybels lees of bid nie.

4. HUISLIKE AGTERGROND EN OPVOEDING

Dit is werklik verblydend om te verneem dat 99,4% van die respondente se ouers 'n Christelik-nasionale lewensbeskouing huldig. Slegs een student het in 'n nie-Christelike huis opgegroeï en twee studente het aangedui dat hulle ouers 'n onverskillige lewenshouding openbaar.

Die meeste studente, nl. 91,4%, meen dat hulle ouers streng genoeg was in hulle opvoeding en dat hulle genoeg vryhede toegelaat is. Daarteenoor het 7,5% van die groep te kenne gegee dat hulle ouers te streng was. Die groep wat vry en ongebonde, met min kontrole deur die ouers opgevoed is, is ver in die minderheid, nl. 1.1%.

Voorts wil dit voorkom asof jongmense op 'n toenemende jonger ouderdom toegelaat word om alleen met 'n lid van die teenoorgestelde geslag uit te gaan. Die statistiek toon onder meer aan dat 29,3% mans en 2,1% dames reeds op twaalfjarige ouderdom hierdie geleentheid gegun is. In die algemeen kan afgelei word dat die gemiddelde ouderdom waarop die respondente toegelaat is om alleen met 'n vriend/in uit te gaan, sestien jaar is (30,3%).

Betreffende die verhouding tussen ouers en kinders het 69,5% van die studente aangedui dat die verhouding goed en openhartig was, 29,4% meen dat hulle redelik met hulle ouers klaargekom het en 1,5% (almal dames) meen dat hulle verhouding swak was.

In die huidige tydsgewrig wat gekenmerk word deur onbetrokkenheid en "laat-maar-loop"-houding is die eenheid en geborgenheid wat die gesin bied 'n sterk behoudende faktor. Daarom is dit jammer dat slegs 52,2% van die respondente as deel van 'n gesin dikwels saam dinge doen, bv. speletjies, veldfliek en volksfeeste bygewoon het. Daarteenoor getuig 41,6% van die studente dat hulle soms dinge saam met hulle ouers gedoen het. Diegene wat nooit dinge saam met hul ouers gedoen het nie, is gelukkig in die minderheid, nl. 6,3%. Die vraag kan gevra word of 'n gesin waarin elkeen sy eie koers gaan, werklik 'n gelukkige gesin kan wees.

5. GODSDIENSTIGE OPVOEDING

Uit die ondersoek blyk dit dat die meerderheid ouers, nl. 84,7%, hulle Godgegewe plig vervul het deur hulle kinders gereeld na die erediens saam te neem. Daarteenoor het 13,8% ouers hulle kinders soms saamgeneem na die erediens en 1,5% van die ouers het nooit hulle kinders aan hierdie uiters belangrike saak laat deel hê nie.

Met verwysing na die rol wat die kerklike kategeese en prediking in die voorligting ten opsigte van liefdesver-

houdings gespeel het, blyk dit dat 64,9% van die persone wat aan die ondervraging deelgeneem het, meen dat die leiding wat hulle ontvang het, voldoende was.

Dit is egter teleurstellend dat 27,7% en 7,3% meld dat dit onderskeidelik onvoldoende en nooit plaasgevind het nie.

6. DIE ROL VAN DIE ONDERWYSER M.B.T. DIE VOORLIGTING IN VERBAND MET LIEFDESVERHOUDINGE

Benewens die voorligting wat die kind tuis met betrekking tot hierdie belangrike saak behoort te ontvang, is dit ook die taak van die onderwyser om hier aan die kind die korrekte leiding te gee. Gesien in die lig van die feit dat sommige ouers sogenaamd nie die tyd het om, weens hulle druk sosiale program, aandag aan hulle kinders te gee nie, is die opgroeiende kind dikwels aangewese op ander mense om hom in hierdie aktuele saak van raad te dien.

Meer as die helfte van die respondente, nl. 58%, het egter nie die vrymoedigheid gehad om vrae rondom die liefdesverhouding met hulle onderwysers te bespreek nie.

Dit stem egter tot dankbaarheid dat 10,3% wel die sake vrymoedig en openlik kan bespreek.

7. DIE SIENING VAN DIE STUDENTE TEN OPSIGTE VAN
VOORHUWELIKSE GESLAGSVERKEER EN DIE HUWELIK

Die greep van die permissiewe tydperk waarin die Westerse beskawing tans verkeer, laat soms die gedagte ontstaan dat die meeste van ons jongmense hier te lande ook 'n lae sedelike peil handhaaf. Uit die ondersoek het egter geblyk dat dit nie korrek is nie. Die oor= grote meerderheid van die groep studente wat aan die ondersoek deelgeneem het, blyk konserwatief en behoudend te wees in hulle siening van voorhuwelikse geslags= verkeer en die huwelik.

Die gevoel is dat voorhuwelikse geslagsverkeer verkeerd is, al is daar ook liefde by die saak betrokke (73,1%).

Voorts is dit die oorheersende mening, nl. 77,7%, dat geslagsgemeenskap slegs vir die huwelik gereserveer is.

Dit blyk ook dat die studente 'n hoë premie op die sukses van die huwelik plaas, want 70,8% stem saam dat voorhuwelikse geslagsverkeer 'n groot gevaar vir die latere huwelik inhou.

Dat die korrupte sedes wat tans die Westerse beskawing oorheers, 'n besliste rol speel in die aanmoediging tot vrye seksuele verkeer, word erken deur 69,4% van die studente.

Die huidige belastingstelsel, waarvolgens man en vrou se inkomste gesamentlik belas word, word deur sommige as

verskoning aangevoer vir voorhuwelikse saamwonery. 'n Ander argument wat aangevoer word, is die feit dat dit goedkoper is om een blyplek te onderhou as twee afsonderlike wooneenhede. Amper driekwart (74,5%) van die studente verwerp egter die ekonomiese situasie as rede vir saamwonery.

Dit is insiggewend dat 86,9% van die respondente besef dat vryelike geslagsverkeer verantwoordelik is vir die toename in geslagsiektes. Twee derdes (66%) is ook gekant teen die vryelike en gratis verspreiding van voorbehoedmiddels, terwyl 85,8% gekant is teen aborsie op aanvraag. Op die vraag of bordele in die R S A gewettig behoort te word, het slegs 5,5% van die respondente instemmend geantwoord. Die oorgrote meerderheid, nl. 94,5%, is hierteen gekant.

Wat buite-huwelikse saamwonery as resep vir 'n suksesvolle huwelik betref, het 84,2% hulle daarteen uitgespreek. Die saamwonery van bekende persone in die gemeenskap beïnvloed, volgens 71,4% van die respondente, jongmense om dit ook te doen.

In navolging van die mening dat voorhuwelikse geslagsverkeer tot skuldgevoelens lei en aftakelend inwerk op die mens se selfrespek, verklaar 75% van die groep dat dit in ooreenstemming met hulle mening is.

Die mening bestaan by baie jongmense dat die Bybel nie eksplisiet leer dat seksuele omgang voor of buite die huwelik sonde is nie. Hierdie wanopvatting bestaan dan ook by 19,5% van die persone wat die vraag beantwoord het. Dit stem egter tot dankbaarheid dat 80,5% van die studente wel bewus is van die feit dat die Bybel seksuele omgang vóór en buite die huwelik voorskriftelik veroordeel.

Die meerderheid (88,9%) van die studente besef ook dat voorhuwelikse geslagsverkeer nie net 'n mode is wat mettertyd sal oorwaai nie, maar dat dit, soos die sonde, altyd by die mens sal wees.

Uit die ondersoek blyk dit dat sommige studente (22,6%) voorhuwelikse geslagsverkeer vir die Christengelowige nie as verkeerd beskou nie, terwyl 77,4% die mening toegedaan is dat dit sonde is en dat die gelowige hom hiervan, soos van alle sonde, moet onthou.

Meer as twee derdes van die groep verklaar dat geslagsgemeenskap nie binne die verlowingstydperk beoefen mag word nie, terwyl 30,5% van oordeel is dat dit wel mag plaasvind.

Dit is ook insiggewend dat 81,4% van die groep oortuig is dat gedwonge huwelike se kanse op sukses minder is as huwelike wat uit eie vrye wil plaasvind.

Dat kuisheid steeds hoog aangeslaan word, blyk uit die feit dat 84% van die respondente 'n huweliksmat verkies wat 'n kuis lewe gelei het. Dus is die opvatting dat maagdelikheid uit die mode is, beslis oordrewe.

Voorhuwelikse geslagsomgang word deur sommige, volgens 78,5% van die groep, ter wille van populariteit beoefen. Dit is 'n ontstellende tendens as bemerk word tot watter uiterstes menige jongmens sal gaan, net om nie uit pas te wees nie.

Die groot meerderheid van die groep, nl. 87,4%, stem saam dat onthouding van geslagsverkeer al hoe moeiliker word nadat dit eenkeer plaasgevind het.

GEVOLGTREKKING

Uit die ondersoek blyk dus duidelik dat die oorgrote meerderheid van die studente wat aan die ondersoek deelgeneem het, behoudend ten opsigte van hulle sedelike lewe is.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING EN PRINSIPIËLE RIGLYNE

1. INLEIDING

God het die mens geskape om binne 'n liefdesgemeenskap, nl. die huwelik, uiting te gee aan sy seksuele drang. Die seksuele drang is opsigself nie sonde nie, want die man en vrou ontvang hierdie drang eerstens as voortplantingsmeganisme en tweedens as middel ter uitdrukking van die hoogste vorm van liggaamlike liefdesbetoning.

Volgens Heyns (1982, p. 204) "het die man en die vrou elkeen wat die ander ontbeer en tegelyk 'n behoefte aan het. 'n Begeerte na die ander en 'n verlange om deur die ander aangevul te word, en 'n seksuele behoefte wat dui op 'n liggaamlike verhouding wat in die daad van geslagsgemeenskap sy hoogtepunt vind. Maar dan is dit ook waar dat die seksuele by die mens, totaal anders as by die dier, b6 die bloot anatomies-sosiologiese feite uitgaan, en eers binne die geestelike verhouding tot volle ontluiking en bloei kan kom".

Aangesien die sonde ook die mens se seksuele drange aantast het en die volmaakte verhouding wat in die paradys bestaan het wanstaltig laat word het, sal die probleem van seksuele losbandigheid altyd universeel bly, en selfs toenem, soos tans ondervind word.

Die vraag ontstaan egter hoe die toenemende seksuele losbandigheid enigermate verminder kan word. Die volgende riglyne kan moontlik meehelp om hierdie sosiale euwel te bekamp:

2. DIE OUERS

Dit is primêr die taak van die ouers om te sorg dat hulle kinders vroegtydig op die korrekte en mees omsigtige wyse met die geslagtelike feite kennis maak. Hulle moet ook ingelig word oor die ernstige nadele en skadelike gevolge van seksuele verkeer vóór en buite die huwelik. Dit is egter 'n algemene feit dat sommige ouers nie hulle Godgegewe plig in dié verband nakom nie. Dit gebeur nog te veel dat die ouer bloot die kind 'n boekie oor geslagsake in die hand stop en dan nalaat om werklik in 'n raadgewende hoedanigheid met die kind te kommunikeer en sy vrae te beantwoord. Myns insiens behoort 'n boek wat oor geslagsake handel nie die hoofbron van die kind se kennis te wees nie, maar moet dit slegs aanvullend gebruik word tesame met die ouer se persoonlike voorligting. Omrede die ouer sy kind die beste ken (of behoort te ken), is dit noodsaaklik dat hy persoonlik beskikbaar moet wees om in liefde en met deernis op uiters verantwoordelike wyse die kind se kwelvrae en probleme rondom hierdie saak op te los.

Uit persoonlike gesprekke met jongmense het ook die ontstellende feit na vore gekom dat sommige ouers geheel en al nalaat om die sake rondom die seksuele met hulle kinders te bespreek. Hierdie kinders is dan op die vertellings en mede-

delings van maats aangewese, wat dit dikwels op die mees vulgêre en mees verdraaide manier oordra. Dit bring mee dat kinders die seksuele kan sien as iets vuils en sondig en allerlei komplekse op die saak kan nahou.

Hieruit volg dus dat dit ouers se plig is om Skrifgefundeerde raad en leiding aan sy kind te gee. Die kind moet bewus gemaak word dat ook die feite rondom die verhouding tussen die twee geslagte in die lig van God se Woord benader moet word. Holwerda (1958, p. 85) stel dit só: "Laten we echter in al deze arbeid aan onze kinderen vooral niet vergeten: wat wij hun brengen, behoeft helemaal niet theoretisch te zijn. Het gaat er in de opvoeding om, het praktische licht van de Schrift voor heel hun leven te doen schijnen".

Dit is ook noodsaaklik dat ouers hulle kinders sal wys op die gevare wat vrye geslagsverkeer inhou. Die onwenslikheid en nadele van ongewenste swangerskap en gedwonge huwelike moet sterk beklemtoon word, asook die dodelike gevaar wat deur geslagsiektes teweeggebring word.

Ouers moet egter nie die fout maak om bogenoemde sake as primêre afskrikmiddels te gebruik nie. Die kind, daarenteen, moet geleer word dat vryelike geslagsverkeer vóór en buite die huwelik sonde en in stryd met God se Wil is.

Sorg moet ook gedra word dat hy sy kind lei en positief beïnvloed ten opsigte van die tipe leesstof, rolprente, TV-programme, stokperdjies en kleredrag, sodat die kind van jongs af 'n Christelike waardesisteem sal ontwikkel.

Boweal is die voorbeeld van 'n gelukkige huweliksverbintenis en 'n stabiele ouerhuis vir elke kind van die uiterste belang. Dit is ongelukkig waar dat kinders soms die verkeerde opvattinge oor die egtelike lewe kry en dat hulle eie huwelikslewe later misluk omdat dit op die lees van hulle ouers se ongelukkige verbintenis geskoei is. (Fourie, 1978, p. 129)

Daarom moet die kinders daaglik die Christelike lewenstyl in hulle ouers se huwelik kan waarneem.

Die gesin as die eenvoudigste menslike verband, is die grondliggende lewenskring waaruit die breë volkslewe spruit. Daarom is die godsdienstige en sedelike welsyn van 'n kerk en 'n volk in 'n baie groot mate afhanklik van 'n kerngesonde gesinslewe.

3. OPVOEDKUNDIGE INRIGTINGS

Met die oog op die feit dat die Christenouer kan aandrang op Christelik-nasionale onderwys vir sy verbondskind, is dit ook die taak van skool om die aktstruktuur van die kind onderwysend en opvoedend te ontsluit in volle lewensverband.

Volgens Coetzer (1978, p. 95) het daar nog altyd 'n hervormende of kerstende invloed van die Christelike skool uitgegaan in die sin dat alle onderrig wat op die religieuse grondslag van die Woord van God gebaseer is 'n "bekerende," vernuwende, heiligende en reformatoriese invloed uitoefen. So=doende het die skool as interaksie met die ouerhuis as taak die vorming van beskawingsmondige of kultuurmondige jong=manne en -dames.

Aangesien die onderwys op die kind in sy totaliteit gerig is, volg dit logies dat die Christelike siening van voorhuwelikse liefdesverhoudinge ook in die sillabus gespostuleer sal word. Voortspruitend hieruit is dit logies dat die onderwysers wat met hierdie delikate aangeleentheid gemoeid is, Christengelowiges moet wees en oor die nodige kennis en aanvoeling sal beskik. Die insette wat in die verband gemaak word, moet sodanig wees dat dit sal bydra om die kind ook in sy voorhuwelikse liefdesverhoudinge geestelik weerbaar te maak. Veral die aard en die inhoud van die sillabusse van die vak=ke Godsdiensonderrig en in die senior sekondêre skoolfase, geestesweerbaarheid, leen hulle uitstekend tot bogenoemde saak.

In die sillabusse vir Godsdiensonderrig aan onderwyskolleges behoort ook meer klem op die voorhuwelikse liefdesverhoudinge te val. Die voornemende onderwyser moet in dié verband goed toegerus word sodat hy die verworwe kennis in die praktyk op 'n positiewe en sinvolle wyse aan sy leerlinge kan oordra.

Dit is ongelukkig so dat daar by sommige van ons universiteite 'n toenemende gees van liberalisme en humanisme te bespeur is. Hierdie moderne liberalisme streef onbeperkte individuele vryheid na en wil die gevestigde norme en samelewingsverbande afbreek. Hierdie gees werk dan ook deur na die voorhuwelikse liefdesverhoudinge wat in sommige gevalle gekenmerk word deur seksuele losbandigheid en saamwony voor die huwelik. (Smuts, 1982, p. 41)

As gekyk word na die liberale gees wat by sommige van ons universiteite heers, kan die vraag tereg gevra word of die sosiale wetenskappe wat daar aangebied word nog Christelik georiënteerd is. Staan God sentraal in die lig van Sy Woord, of gaan dit uitsluitlik oor die mens?

Dit bly 'n aktuele eis dat die Sosiologie en alle aanverwante vakdissiplines vanuit die Christelike vakfilosofie en -antropologie gedoseer sal word.

Myns insiens vervul die studentediensburo's van ons onderskeie kolleges en universiteite 'n baie belangrike rol in soverre hulle studente met bepaalde probleme behulpsaam kan wees. Dié hulp kan egter verder uitgebrei word sodat dit ook 'n bepaalde bemoeienis met die studente se voorhuwelikse liefdesverhoudinge insluit. In dié verband kan bv. simposia, besprekings en die beskikbaarstelling van literatuur wat oor die onderwerp handel, 'n rol speel om studente m.b.t. die aktuele onderwerp Christelik-positiewe leiding te ge.

4. DIE KERK

Die kerk het ook 'n belangrike taak om te vervul in die voorligting aan jongmense in verband met voorhuwelikse liefdesverhoudinge. Dit kan op verskeie wyses geskied, nl. deur prediking tydens die erediens, kerklike kategese en kerklike jeugaksies asook herderlike gesprekke tydens huisbesoek.

Die leraars behoort gereeld hierdie onderwerp in die Woordverkondiging aan te sny - iets wat te min in die verlede gebeur het.

Die kerk het inderdaad ook in hierdie opsig 'n taak en 'n roeping om te vervul. Green (1974, p. 117) gaan selfs so ver as om te sê dat die kerk hierin sy plig versuim: "Undoubtedly the church is partly to blame for this; it has been defensive, inward-looking, lacking in social concern, cowardly about speaking out about moral issues, and sometimes reluctant to face the truth".

Die kerklike kategese en jeugaksies het ook 'n besliste rol in dié verband. Daarom moet kategete wat onderrig aan die groter kinders gee, behoorlike opleiding oor dié belangrike saak ontvang, sodat hulle weldeurdagte Skrifgefundeerde leiding kan gee. Dit is ook nodig dat 'n gesonde balans gehandhaaf word m.b.t. ander aktuele sake, sodat voorhuwelikse liefdesverhoudinge in die breër konteks van Christenwees gesien kan word.

Dit is verblydend om te merk dat die kerk, en by name o.a. die NG-Kerk, pionierswerk in die praktiese skoling van sy doop- en belydende lidmate doen. In dié verband speel die verskillende kursusse wat deur Bybelkor uitgegee word, beslis 'n groot rol. So is daar byvoorbeeld 'n kursus met voorhuwelikse geslagsverkeer as tema en die kursus wat handel oor die verlowing as voorspel tot 'n gelukkige huwelik.

5. DIE CHRISTELIKE STAAT

Volgens die grondwet van die RSA word bepaal dat die owerheid die gesag en leiding van die Almagtige God sal erken. Dit kan dus gekonstateer word dat die Christelike beginsels op alle lewensterreine in die maatskappy sal geld. Daarom is dit ook die plig van die owerheid om beheer uit te oefen oor die kommunikasiemedia. Wetgewing maak dan ook voorsiening vir 'n meganisme om hierdie beheer af te dwing. Deur sensuurwetgewing word pornografiese literatuur, rolprente, verhoogstukke, ens. verbied. Die gronde waarop ongewenste stof verbied word, word uiteengesit in Die Wet op Publikasies Art 47(2).

Dit is verblydend dat alle kommunikasiemedia Christelik beheers word. Die vraag ontstaan egter tog of dié wet streng genoeg toegepas word, veral as gelet word op die gronde waarop appèl dikwels teen ongewenste stof slaag. Staan die eer van God en dié Bybelse interpretasie van reg en verkeerd werklik op die voorgrond?

Van die Christelike staat alleen kan egter nie verwag word om die inwoners van 'n land se sedelike gewete te wees nie. Die staat kan alleen maar voorkomende wetgewing en beheer daarstel, maar dit bly primêr die plig van elke ouer om aan sy kind 'n Christelike opvoeding te gee, wat sy mees konsekwente toepassing het in die Calvinistiese lewensoorientering.

6. DIE MEDIA

Die massamedia - tegnies die apparatuur om die mens se interpersoonlike kommunikasie te verleng en massaal vas te lê - is onmisbaar in die moderne samelewing. Die ontvanger van boodskappe - leser, luisteraar, kyker - is veral op die massamedia, dit wil sê koerant, tydskrif, radio, TV en rolprent, aangewys vir aktuele en universele informasie. (Herbst, 1979, p. 1)

Aangesien 'n baie groot persentasie van die "ontvangers van boodskappe" ongetroude jongmense en kinders is, het die persone in beheer van die massamedia 'n baie groot verantwoordelikheid in dié opsig en moet hulle hulself onderwerp aan 'n bepaalde media-etiek.

Weer eens het die ouer 'n raadgewende en beperkende plig t.o.v. sy kind. Die etiese in kommunikasie, volgens Herbst (1979, p. 9), bring mee dat kommunikeerder en ontvanger in wisselwerkende betrokkenheid ewe verantwoordelik is vir die wat en hoe in kommunikasie. Die leser wat hom in die pornografie verdiep, is in etiese sin net so skuldig as die kommunikeerder van die pornografiese.

Dit blyk dus hieruit dat die ouer sy kind moet opvoed tot 'n Christelike waardebeplating m.b.t. die massamedia.

7. DIE MEDIESE ETIEK

In die huidige tydsbestel met sy onbetrokke en selfs somtyds permissiewe ouer enersyds, en die oorbetrokke, oorbeskermende ouer andersyds, vervul die huisdokter (en natuurlik ook die ginekoloog) asook populêre mediese publikasies dikwels die rol van voorligter i.v.m. sake rondom voorhuwelikse liefdesverhoudinge. Daarom is dit uiters belangrik dat ook die huisarts 'n Christengelowige sal wees wat die Christelike riglyne rakende bg. sake aan die jongmens sal oordra.

Dit lê ook op die pad van die medici om ernstig te wys op die gevare en nadele van vrye seksuele verkeer, bv. geslagsiektes en gedwonge huwelike a.g.v. ongewenste swangerskap. Die medici moet ook hulle stem laat hoor teen onnodige aborsies wat uitgevoer word as oplossing vir die gevolg van losbandigheid. Die ongetroudes moet ook gewys word op die deug van kuisheid.

Volgens Du Toit (1978, p. 159) moet ongewenste swangerskappe nie alleen deur duidelike voorligting voorkom word nie, maar moet daar fisiese kontakpunte wees, t.w. 'n telefoon-diens of spreekkamers. Die doel is om vroue wat ongewens swanger is, te laat afsien van die eerste impulsiewe soeke na 'n vinnige aborsie.

Die rol van die medici i.v.m. voorligting oor voorhuwelikse aangeleenthede moet nie geïsoleer staan van die ouerlike en kerklike voorligting nie, maar veeleer 'n verlengstuk hier= van wees.

Dit is dus in die hele opset van hierdie problematiek van besondere belang om die geslagsuitinge weer terug te plaas binne die kosmiese struktuur wat God in Sy Skepping gegee het.

In terme van voorhuwelikse vriendskap, verlowing, huwelik en gesin moet die liggaamlike kontak ontsluit en uitgelei word deur die liefdesnorm, soos bv. die geloofs- en ander norme.

Dit is 'n ontslote seksualiteit teenoor die afvallige geslote seksualisme waarby dit gaan om sinlike genot volgens die hedonisme.

SLOTOPMERKINGS

1. Dit is primêr die plig van die ouer om sy kind op te voed en Skrifgefundeerde raad en leiding i.v.m. hierdie aktuele saak te gee.
2. Die rol van die opvoedkundige inrigtings kan nouliks oorskakel word, maar moet sekondêr aan die ouer se funksie wees.

3. Die kerk moet 'n baie duidelike stem oor kuisheid en voor- en buitehuwelikse seksuele verkeer laat hoor.
4. Die Christelike staat moet steeds die eer van God seek en weet dat Sy wetgewing Skrifgefundeerd moet wees met 'n duidelike Calvinistiese begronding.
5. Die media moet rekening hou met bepaalde riglyne wat weer eens Christelik gefundeerd moet wees.
6. Die medici moet in samewerking met die ouers en die kerk baie duidelik wys op die gevare en nadele van losbandigheid.

OPSOMMING

Soos die titel aandui, handel hierdie verhandeling oor die lewens-
beskoulike siening van 'n groep finalejaar-onderwysstudente ten
opsigte van voorhuwelikse liefdesverhoudinge.

Voorhuwelikse geslagsverkeer is 'n universele verskynsel wat reeds
sedert die vroegste tye bestaan. Verskeie wette wat 'n verbod
plaas op voorhuwelikse geslagsverkeer en ander vorme van onsede-
likheid wordeksplisiet in die Ou en Nuwe Testament aangetref, bv.
Lev. 18:1-30, Deut. 22:13-29, Matt. 5:27-32 en 1 Kor. 7:2.

Die monogame huwelik is 'n skeppingsordinansie van God wat deur
Hom geheilig is en daarom mag die mens nie onkuis buite of bin-
ne die huwelik lewe nie. Verder is die huwelik ook 'n weer-
spieëling van die verbond tussen God en die mens (Jes. 54:5;
Jer. 2:1-4) waarin daar nie plek is vir 'n derde persoon nie.
(Eseg. 23:38)

Geslagsverkeer vóór of buite die huwelik word eksplisiet deur die
Heilige Skrif as hoerery bestempel soos dit duidelik blyk uit
Deut. 22:13-21. Hoerery bly nie ongestraf nie, soos afgelei kan
word uit die Bybelse gegewens met betrekking tot die sedelose
optrede van bv. Lot en sy dogters, Dawid en Batseba asook Amnon
en Tamar.

Daar is op gewys dat die huwelik as hoeksteen die liefde tussen
man en vrou het en dat 'n huwelik nie kan slaag as die liefde nie
teenwoordig is nie. Enersyds blyk dit ook dat hoewel dit in die
huwelik nie net gaan om die seksuele nie, die rol van die fisieke

liefde nie geringgeskat kan word nie - dat dit 'n gawe van God is wat slegs binne die huwelik beoefen mag word.

Selfbeheersing en kuisheid voor die huwelik, ook tydens die verowering, is 'n Goddelike opdrag wat nie verontagsaam mag word nie.

Die korrekte keuse van 'n huweliksmat is essensieel vir die sukses van 'n huwelik.

Te midde van 'n progressiewe losbandige wêreld- en lewensbeskouing word dit al hoe moeiliker vir die mens om 'n kuis en rein lewe te lei. Die humanistiese gees van vrye liefde en seksuele losbandigheid begin toenemend veld wen. Verskeie faktore is hiervoor verantwoordelik waaronder toenemende godsdienstige afvalligheid, afbreking van gesagsinstellings en 'n valse lewens- wêreldbeskouing die belangrikste is.

Die seksuele word tot die uiterste grense - selfs die perverse - geëksploiteer. Gewaagde kleredrag, reklame, televisieprogramme, rolprente, verhale en sekere popmusiek dien daartoe om die vrye seksuele verkeer te propageer. Die jongmens word in so 'n mate hiermee gekonfronteer dat dit by hom die gedagte laat posvat dat dit normaal en byderwets is om vryelik seksuele gunste uit te deel en te ontvang.

Hiermee hang saam die negatiewe voorbeeld wat deur baie volwassenes in dié opsig gestel word. Die huwelik word geringgeskat soos blyk uit die hoë egskeidingsyfer en die toenemende saamwonery van ongetroudes (agamie).

Die huweliksverhouding van baie jongmense se ouers wek ook by hulle 'n negatiewe ingesteldheid teenoor die huwelik.

In samehang hiermee is voorbehoedmiddels vryelik beskikbaar en speel die vrees vir swangerskap nie meer so 'n groot rol by die besluit tot geslagsgemeenskap voor die huwelik al dan nie.

Te min aandag word ook deur die ouers, die skool en die kerk gegee aan die brandende vraagstuk rondom die problematiek van voorhuwelikse liefdesverhoudinge.

Dit is dus nie verrassend dat 'n sekere persentasie jongmense meen dat die Bybel nie vrye seksuele verkeer summier veroordeel nie, soos blyk uit die ondersoek wat in dié verband gedoen is.

'n Groot persentasie jongmense openbaar egter dat die Woord van die Here nog dien as rigsgnoer en norm vir hulle lewens, ook ten opsigte van hulle verhouding met die teenoorgestelde geslag.

BIBLIOGRAFIE

A. KOMMENTARE

1. AALDERS, G. Ch. Genesis, in: Korte Verklaring Der Heilige Schrift. - Kampen: J.H. Kok N.V., 1960.
2. BARCLAY, W. The gospel of Matthew, vol. 2, in: The Daily Study Bible. - Edinburgh: St Andrew Press, 1975.
3. BLAIKLOCK, E.M. Commentary on the New Testament. - London: Hodder and Stoughton, 1977.
4. DELLEMAN, Th. et al. Nieuwe Commentaar Heidelbergse Catechismus. Vol. 5, Zondag 39 - 44. - Franeker: T. Wever, s.j.
5. DU RAND, J.A. Johannes 13. By die maaltyd. - Pretoria: Academica, 1979.
6. FOULKES, F. The Epistle of Paul to the Ephesians, in: The Tyndale New Testament Commentaries. - Leicester: Inter-Varsity Press, 1978.
7. GISPEN, W.H. De Spreuke van Salomo, Deel I en Deel II, in: Korte verklaring der Heilige Schrift. - Kampen: J.H. Kok N.V., 1952.
8. GROENEWALD, E.P. Die eerste brief aan die Korintheërs. - Pretoria: N.G. Kerk-Uitgewers, 1967.

9. GRUNDMANN, W. Das Evangelium nach Matthäus, in: Theologischer Handkommentar zum neuen Testament. Herausgegeben von Prof. D.E. Tascher. - Berlin: Evangelische Verlagsanstalt, 1972.
10. HARRISON, R.K. Leviticus, in: The Tyndale Old Testament Commentaries. - Leicester: Inter-Varsity Press, 1980.
11. HENDRIKSEN, W. The Gospel of Matthew. - Edinburgh: The Banner of Truth Trust, 1974.
12. HILL, D. The Gospel of Matthew, in: New Century Bible. - London: Oliphants, 1972.
13. JONKER, W.D. Die Brief aan die Romeine. - Pretoria: N.G. Kerk-Uitgewers, 1966.
14. KEE, H.C. et al. Understanding the New Testament. - New Jersey: Prentice Hall inc., 1973.
15. KINGSBURY, J.D. Matthew. A Commentary for Preachers and Others. - London: Fortress Press, 1977.
16. MANLEY, G.T. Deuteronomy, in: The New Bible Commentary revised. Edited by D. Guthrie et al. - London: Inter-Varsity Press, 1975.
17. MCKANE, W. Proverbs, in: Old Testament Library. - London: S.C.M. Press Ltd, 1977.

18. NIELSEN, J.T. Het Evangelie naar Mattheus, in: De prediking in het Nieuwe Testament. - Nijkerk: G.F. Callenbach N.V., 1971.
19. NOORDTZIJ., A. Het Boek Leviticus, in: Korte Verklaring der Heilige Schrift. - Kampen: J.H. Kok N.V., 1955.
20. NOTH, M. Leviticus. A Commentary (Revised Translation). - London: S.C.M. Press Ltd, 1977.
21. PHILLIPS, A. Deuteronomy, in: The Cambridge Bible Commentary. - Cambridge: The University Press, 1973.
22. PORTER, J.R. Leviticus, in: The Cambridge Bible Commentary on the New English Bible. - Cambridge: The University Press, 1976.
23. RIDDERBOS, H.N. Het Evangelie naar Mattheus, in: Korte verklaring der Heilige Schrift, eerste deel. - Kampen: J.H. Kok N.V., 1965.
24. RIDDERBOS, H.N. Het Evangelie naar Mattheus, in: Korte verklaring der Heilige Schrift, tweede deel. - Kampen: J.H. Kok N.V., 1954.
25. ROTHUIZEN, G. Th. De hand aan de ploeg. (Klein Commentaar op de Bergrede). - Aalten: Uitgeverij de Graafschap, s.j.

26. TASKER, R.V.G. The Gospel according to St. Matthew.
- London: The Tyndale Press, 1971.
27. THOMPSON, J.A. Deuteronomy, in: The Tyndale Old Testament Commentaries. - London: Inter-Varsity Press, 1974.
28. VAN LEEUWEN, J.A.C. en JACOBS, D. Romeinen, in: Korte verklaring der Heilige Schrift. - Kampen: J.H. Kok N.V., 1952.

B. ALGEMEEN

- 1, AALDERS, W. Man en Vrouw in een revolutionaire tijd. - Den Haag: J.N. Voorhoeve, 1974.
2. BARNARD, D.J. Bely en Beleef. - (s.l.), (s.n.), 1978.
3. BARNARD, J.S. red. Sielkunde vir Onderwysstudente. - Pretoria: H.A.U.M., 1964.
4. BEDWELL, H.K. The Greatest Sermon ever Preached. - Florida: Nazarene Publishing House, s.j.
5. BORNKAMM, G. Paul. Translated by D.M.G. Stalker. - London: Hodder and Stoughton, 1975.
6. BRILLENBURGH-WURTH, G. Gestalten Der Liebe. - Kampen: J.H. Kok, 1953.

7. BRILLENBURGH-WURTH, G. Het Christelijk leven in huwelijk en gezin. - Kampen: J.H. Kok, 1960.
8. BROWN, L. What's a girl to do? - Missouri: Liberty Bell Press, 1971.
9. BRUCE, F.F. Paul: Apostle of the free spirit. - Exeter: The Paternoster Press, 1977.
10. CALVYN, J. Institutie van Johannes Calvyn (vertaal deur S1200, A., in Nederlands) eerste deel, - Delft: W.D. Meinenema, 1949.
11. CILLIERS, S.P. en JOUBERT, D.D. Sosiologie - 'n sistematiese inleiding. - Stellenbosch: Kosmo-Uitgewery, 1968.
12. COHEN, A. Everyman's Talmud. - London: J.M. Dent and Sons Ltd., 1971.
13. COURT, J. Law, Light and Liberty. - Adelaide: Lutheran Publishing House, 1975.
14. COX, H. A Brothel in Noble Dimensions: Today's Sexual Mores, in: Sex, Family and Society. Edited by J.C. Wynn. - New York: Association Press, 1971.
15. CRONJE, G. Man en vrou en die Huwelik. - Kaapstad: H.A.U.M., 1978.
16. DE BRUYN, P.J. God se tien bakens vir die lewe van die mens. - Potchefstroom: Pro Rege, 1976.

17. DE BRUYN, P.J. Kuisheid voor die Huwelik. - Potchef=stroom: Pro Rege-Pers, 1974.
18. DEGENAAR, J.J. Sekularisasie. - Pretoria: Academica, 1967.
19. DE KLERK, W.J. Die Gestaltes van roeping in die menslike samelewing. (Klasdiktaat: PU vir CHO), 1967.
20. DE VAUX, R. Ancient Israel - its life and institutions. - London: Darton, Longman and Todd, 1968.
21. DE VERTEUIL, A. et al. The teenage marketplace. - Suffolk: Richard Clay, 1975.
22. DE VRIES, W.G. Het huwelijk in ere. - Groningen: De Vuurbraak, 1970.
23. DOMINIAN, J. The Marriage relationship today. - London: The Mothers' Union, 1974.
24. DOOYEWEERD, H. A new critique of theoretical thought, vol. III. - Amsterdam: H.J. Paris, 1957.
25. DROGENDIJK, A.C. Man en vrouw vóór - en in het huwe=lijk. - Kampen: J.H. Kok, 1949.
26. DRONKERS, A. Etiek van de film. - Nijkerk: G.F. Callenbach N.V., s.j.

27. DU TOIT, J.B. en NEL, E.M. Ons en televisie. - Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers, 1975.
28. DU TOIT, D. Verkeerde huweliksmotiewe? in: Venster op die Huwelik. (Wetenskaplike bydraes PU vir CHO), 1982.
29. DU TOIT, D.A. Die Christen en Aborsie. - Pretoria: N.G. Kerkboekhandel, 1978.
30. ESTERHUYSE, W.P. Die mens en sy seksuele moraal. - Durban: Butterworth, 1980.
31. FENSHAM, F.C. en OBERHOLZER, J.P. Bybelse Aardrykskunde, Oudheidkunde en Opgrawings. - Pretoria: Interkerklike Uitgewerstrust, 1976.
32. GORE, C. The Sermon on the Mount. - London: John Murray, 1925.
33. GRANT, M. Saint Paul. - London: Weidenfeld and Nicholson, 1976.
34. GREEN, M. Runaway world. - London: Inter-Varsity Press, 1974.
35. GRIM, F. Gepoogde verkragting van Suid-Afrika. - Kemp-tonpark: Hart-Uitgewers, 1974.
36. GROBLER, J. Hoe belangrik is seks in die Huwelik? in: Venster op die Huwelik. (Wetenskaplike bydraes PU vir CHO), 1982.

37. HAITJEMA, Th. L. Die Heidelbergse Catechismus als klank=
bodem en inhoud van het actuele belijden onzer kerk. -
Wageningen: H. Veenman en Zonen, 1962.
38. HEATH, G. The Illusory Freedom. - London: William Heine=
man Medical Books Ltd., 1978.
39. HEYNS, J.A. Die Evangelie in Krisis. - Kaapstad: Tafel=
berg-Uitgewers, 1966.
40. HEYNS, J.A. Etiek van die liefde. - Pretoria: Daan Re=
tief Uitgewers, 1981.
41. HEYNS, J.A. Lewende Christendom. - Kaapstad: Tafel=
berg-Uitgewers, 1972.
42. HEYNS, J.A. Teologiese etiek. Deel I. - Pretoria: N.G.
Kerkboekhandel, 1982.
43. HOLWERDA, B. De betekenis van verbond en kerk voor huwe=
lijk, gezin en jeugd. - Goes: Oosterbaan en Le Cointre,
N.V., 1958.
44. JONES, R. How goes Christian Marriage? (s.l.) (s.n.), 1978.
45. KNAP, J.J. Czn. Kuisheid. - Kampen: J.H. Kok, 1930.
46. KOOPMANS, J. De tien geboden. - Nijkerk: G.F. Callen=
bach N.V., 1946.
47. KOOPMANS, J. De tien geboden. - Franeker: T. Wever, s.j.

48. KOOPMANS, J. EN BERKELBACH VAN DER SPRENKEL, S.F.H.
Gebod en Gebed. Vol. IV. - Franeker: T. Wever, s.j.
49. KROEZE, J.H. Bybel en Seks. - Braamfontein: Boekhandel
De Jongh, 1979.
50. LARSON, B. The day music died. - Illinois: Creation House,
1972.
51. MARAIS, P.W. Die Tien Woorde van God. - Pretoria: N.G.
Kerkboekhandel, 1978.
52. OLTHUIS, J.H. I pledge you my troth: A Christian view of
marriage, family, friendship. - New York: Harper and Row,
1976.
53. OORT, H.L. De Tien Geboden. - Dordrecht: J.P. Revers,
1853.
54. PENDELL, E. Sex Versus Civilization. - Los Angeles: The
Noontide Press, 1967.
55. POP, F.J. Bijbelse woorden en hun geheim. - 'S-Graven=
hage: Boekencentrum, N.V., 1972.
56. RIDDERBOS, H.N. Paulus. Ontwerp van zijn theologie. -
Kampen: J.H. Kok, N.V., 1978.
57. RINZEMA, J. De Sexuele Revolutie. - Kampen: J.H. Kok,
N.V., 1972.

58. ROBERTSON, A.T. Word pictures in the New Testament.
Vol. 1. - Tennessee: Broadman Press, 1930.
59. ROBINSON, J.A.T. Christian Freedom in a permissive Society. - London: S.C.M. Press, 1970.
60. ROOKMAKER, H.R. Art needs no justification. - Leicester: Inter-Varsity Press, 1978.
61. ROOKMAKER, H.R. Modern art and the death of a culture. - Leicester: Inter-Varsity Press, 1978.
62. ROUX, S. Seks en Rewolusie in Popmusiek. - Pretoria: N.G. Kerkboekhandel, 1979.
63. RUSSEL, B. Marriage and Morals. - London: George Allen and Unwin Ltd., 1930.
64. SMEDES, L. Sex in the Real World. - Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Co., 1979.
65. SMIT, J. As twee wil saamwoon. - Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers, 1981.
66. SMUTS, M. Kampusliefde. - Pretoria: N.G. Kerkboekhandel, 1982.
67. SPIER, J.M. Oriëntering in die Christelike wysbegeerte. - Bloemfontein: Sacum Beperk, 1972.
68. STRAUSS, D.F.M. Inleiding tot die etiek, Diktaat. U.O.V.S.

69. TAYLOR, E.L. The Reformational Understanding of Family and Marriage. - New Jersey: The Craig Press, 1970.
70. THIELICKE, H. Sex Ethik der Geschlechtlichkeit. - Tübingen: J.C.B. Moore, 1966.
71. THIELICKE, H. The Ethics of Sex. - Michigan: Baker Book House, 1978.
72. TIMMONS, T. Die volmaakte huwelik. 'n Bybelse plan. - Johannesburg: Perskor, 1979.
73. TROBISCH, W. Hoe om lief te hê. - Pretoria: N.G. Kerk-Uitgewers, 1979.
74. TROOST, A. Casuïstiek en situasie-etiek. - Utrecht: Drukkerij Libertas N.V., 1958.
75. VAN DER MERWE, A. Liefde en Seksualiteit in die jeugjare. - Bloemfontein: (s.n.), 1967.
76. VAN HARTINGSVELD, L. Het huwelijk in het Nieuwe Testament. - 'S-Gravenhage Uitgeverij Boekencentrum B.V., 1977.
77. VAN ZYL, E. Op die Altaar van die Skandegod. - Verwoerd=burg: A.M.S., 1982.
78. VAN ZYL, F. Halsoorkopkeuses, in: Venster op die huwelik. - (Wetenskaplike bydraes PU vir CHO), 1982.
79. VELDKAMP, H. Zondagskinderen. Kanttekeningen bij de Heidelbergse Catechismus. - Franeker: T. Wever, s.j.

80. VELEMA, W.H. Christen zijn in deze wereld. - Kampen: J.H. Kok, 1974.
81. VENTER, E.A. Die gelowige in die samelewing. - Bloemfontein: Sacum Beperk, 1972.
82. VENTER, H. Jeugmisdaad. - Pretoria: (s.n.), 1972.
83. WOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL. Schoonees, P.C. red., Deel IV - Pretoria: Die Staatsdrukker, 1970.
84. WIELENGA, B. Het huwelijk als inzetting Gods. - Kampen: J.H. Kok, 1936.
85. WRIGHT, J.S. and THOMPSON, J.A. Marriage, in: Douglas, J.D. ed., The New Bible Dictionary. - London: The Inter-Varsity Fellowship, 1965.

C. KERKLIKE BRONNE

1. Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Handeling van die een-en-dertigste Vergadering van die Sinode, gehou te Kaapstad op Donderdag, 20 Oktober 1949 en die volgende dae, p. 186. (Vgl. ook Vierde Algemene Sinode, p. 157.)
2. Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Handeling van die Derde Algemene Sinode, gehou in Pretoria op Woensdag, 14 Oktober 1970 en die volgende dae, p. 623.

3. Nederduitsch Hervormde Kerk, Voorligting aan kerkrade ten opsigte van egskeidings en hertrou van geskeie lidmate, 1977, p. 1.
4. Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Handeling van die 33ste Sinodale vergadering, in sitting byeen te Potchefstroom op 25 Januarie 1961 en die volgende dae, p. 493.

D. REGERINGSPUBLIKASIES

1. Suid-Afrika (Republiek). Departement van Statistiek. Sensus, voorhuwelikse saamwonery, - Pretoria: 1970.
2. Suid-Afrika (Republiek). Departement van Statistiek. Sensus, voorhuwelikse saamwonery, - Pretoria: 1980 (5% steekproef).

E. VERHANDELINGE EN PROEFSKRIFTE

1. VERHANDELINGE

1. COETZER, M.J.G. Die Spesifieke Bydrae van Bybelonderrig en Bybelkunde tot Geestelike Weerbaarheid, M.A., U.O.V.S., 1978.
2. FOURIE, B.J. Die Gronde vir Egskeiding en Hertrou soos neergelê deur die drie Afrikaanse Kerke en die staat respektiewelik, M.A., U.O.V.S., 1978.

3. STEYN, A.A. Die invloed van pop-musiek op die skoolgaande Afrikaanssprekende jeug, M.A., U.O.V.S., 1980.
4. VENTER, J.A. Christelike kuisheid, M.A., U.O.V.S., 1978.

2. PROEFSKRIFTE

1. COETZER, M.J.G. Die onlosmaaklike verband tussen die genadeverbond, verbondsgehoorsaamheid en die wet van God met verwysing na die verbondsoopvoeding volgens die Woord van God, D. Phil., U.O.V.S., 1980.
2. DE BRUYN, P.J. Voorhuwelikse Geslagsgemeenskap: 'n Teologies-Etiese studie, Th.D., Pretoria, 1982.
3. DU TOIT, S. Bybels en Babilonies-Assiriese Spreuke, D.V., UNISA, 1942.
4. VAN DER MERWE, A. Die Huwelik, 'n histories-sosiologiese studie van die huwelik as instelling, met besondere verwysing na Suid-Afrikaanse ontwikkelinge, D. Phil., U.O.V.S., 1953.

F. TYDSKRIF- EN KOERANTARTIKELS

1. Anon. Geslagsiekte, in S.A. Tydskrif vir Geneeskunde, 2 Januarie 1965.
2. Anon. Geslagsiekte, in S.A. Mediese Joernaal, 26 Junie 1982.
3. Anon. Saamwoon, in Die Huisgenoot, 30 Augustus 1979.

4. Anon. Die "pil" en Permissiwiteit, in Rapport, 21 Junie 1981.
5. DUVENHAGE, B. 'n Gesprek oor Seksuele Etiek, in Gereformeerde Vroueblad, Maart 1980.
6. LOMBARD, J.C. Saam sonder skaam, in Roeping en Riglyne, Maart 1980.
7. QUICKE, A. TV and violence, in Spectrum, 1 September 1977.
8. STRAUSS, D.F.M. Deurgrond die Tydsgees, in Roeping en Riglyne, Junie 1978.
9. STRYDOM, A. Popmusiek, in Hoofstad, 11 Augustus 1979.
10. VAN WYK, A. 'n Gesprek oor Seksuele Etiek, in Gereformeerde Vroueblad, Maart 1980.

G. STUDIESTUKKE EN REFERATE

1. GROBLER, J.P. Die misbruik van alkohol en dwelmmiddels, in Soeklig op ons Sedes, Referate gelewer en besluite geneem op die landswye kongres van Die N.G. Kerk. - Pretoria, 30 Junie - 2 Julie 1970.
2. HAASBROEK, A. Dwelmverslawing, in I.B.C.-Studiestuk Nr 102. - Potchefstroom, Mei 1976.
3. HERBST, D.A.S. Die etiek van die kommunikasiemedie, in I.B.C.-Studiestuk Nr 136. - Potchefstroom, April 1979.

4. HEYNS, J.A. Huwelik en Seksualiteit in Bybelse Perspektief, Referaat gelewer by die simposium oor Huwelik en Seksualiteit II. - Pretoria, 1979.
5. MINNAAR, L.C. Die Taal van ons klere, in I.B.C.-Studiestuk Nr 132. - Potchefstroom, November 1978.
6. VAN DER WALT, S.P. Die Probleem van totale afskaffing, in I.B.C.-Studiestuk Nr 38. - Potchefstroom, (s.a.)
7. VILJOEN, H. Die Christen en sy kleredrag, in A.M.S.-Studiestuk. - Verwoerdburg, (s.a.)
8. WOLFENSBERGER, J.R. praeses. Het Huwelik, in herderlijk schrijven van de generale synode der Nederlandse Hervormde Kerk. - Den Haag: Boekencentrum N.V., 1952.